# #1 Weg! Ry&Sleep

**ONGEVALLE ANDERKANT DIE GRENS: SÓ MAAK JY**

AUGUSTUS 2017 | UITGAWE 1 | WWW.WEG.CO.ZA



WOONWATOETS
**ARMADILLO**
Nuut, taai, net reg

NUWE RYGOED
**Hyundai Tucson kry woema!**

**NUUS**
Ford kraai koning
Nuwe Discovery 5
4 nuwe waens
– bl. 16

**Maak vuur soos MacGyver**

Vat die agterpad deur
# Lesotho

9 771993 166009 08096
R55,00 (BTW ingesluit)
Namibië N$57,50

SLEEPTOETS
**AMAROK V6 VAT VOOR!**

Kamp in die Kaap óf KZN se
**Valsbaai**

**6 van die beste watergate**

**7 GAZEBO'S LAAI KOELTE IN JOU KATTEBAK | MAAK KAMPKOS MET NÉT 5 BESTANDDELE**

AUGUSTUS 2017
WEG! RY & SLEEP
HLUHLUWE • LESOTHO • MILLERSPUNT • VW AMAROK 3.0 V6 • ARMADILLO




Dis maklik om meer uit jou dag te kry met toerusting soos:
LED-hoofligte | Blindekol-waarskuwing | Gemotoriseerde Agterdeur | Sleepwa-swaaibeheer

www.toyota.co.za Toyota SA @ToyotaSA




10023294JB/FCB JHB/A/R

# RAV4

# Inhoud

#1 | Augustus 2017

## ELKE MAAND


REDAKTEURSBRIEF .......... 6
BRIEWE .......... 8
DIGITAAL .......... 10
MIC SE RUBRIEK .......... 12
NEELS SE STOEPTENT .......... 14
NUUS .......... 16
NUWE RYGOED .......... 24
RY-INDRUK .......... 30
BAKKIEPROJEK .......... 34
SLEEPTOETS .......... 36
WOONWATOETS .......... 42
LESERSTORIE .......... 82
KAMPKOMBUIS .......... 90
TOERUSTING .......... 94
KAMPBOFFIN .......... 98
4x4-PROF .......... 102
MY WIELE .......... 106
FOTO-MECHANIC .......... 108
BLOKRAAI .......... 112
RUBRIEK .......... 136
IETS ANDERS .......... 139


## BESTEMMINGS






HLUHLUWE 48
Geniet somer in die winter





LESOTHO 58
Bibberend in die Bergkoninkryk





WILDERNIS 110
Haak 'n knorder by Island Lake





SIMONSTAD 76
Fyn, pikkewyn!





VANDER-KLOOFDAM 88
'Sandgat sien óns weer!'





6 VAN DIE BESTES WATERGATE
68





58
Jy hoef nie ver te soek na 'n gawe winterbestemming buite die landsgrense nie. Vat die pad Lesotho toe...

WWW.CONQUEROR.CO.ZA

CONQUEROR
OFF-ROAD Campers
"Die wêreld se beste veldkampeerders"




**CONQUEROR-HANDELAARS**

**Heidelberg**
082 925 4218
083 654 0116
**Limpopo**
015 293 0431
071 771 0347
**Oosrand**
084 491 5898
082 350 8166
**Pretoria**
012 567 1378
082 442 5713
**Northgate**
011 026 6350
083 229 4276
**Wes-Kaap**
072 434 9062
**Bloemfontein**
Moto Inn
051 430 5951
**Kaapstad**
Safari Centre
021 595 3910
**KwaZulu-Natal**
LA Sport Zulu
035 789 5918
**Namibië**
Off-Road Centre
0026 46 123 7532
**Nelspruit**
Opposite Lock
Nelspruit
013 752 2016
**Vryburg**
4x4 Mega World
053 927 0395

**CONQUEROR-VERVAARDIGERS (PTY) LTD**
Tel: 016 349 6533
h.v. Chris- & Reitzstraat
Heidelberg
info@conqueror.co.za







MILITARY TOUGH



FINANSIERING BESKIKBAAR

opposite lock
ABSA
Standard Bank
WesBank The Dealer Bank
Find us on: facebook



# Nuut, maar allermins vreemd

Hier is hy: Jou heel eerste *Weg Ry & Sleep*.

Die tydskrif is nuut, ja, maar hy is nie vreemd en onbekend soos daardie nuwe intrekker in jou buurt nie. Ons bou immers voort op die resep en sukses van *WegRy*, *Drive Out* en *WegSleep*, wat tot hulle laaste uitgawes verlede maand jare lank die markleiers was. Ons bou ook voort op die lekker styl, gevoel en goeie inhoud van die twee voorgangertydskrifte.

Die joernaliste, rubriekskrywers en medewerkers is ou bekendes en gesoute reis-, kamp- en motorjoernaliste – mense soos Leon Botha, Charles Thompson, Schalk Jonker, Evan Naudé, Mic van Zyl, Neels van Heerden, Villiers Steyn, Chris van der Watt... noem maar op.

En wat is 'n avontuurreis of kamp sonder lekker kampkos? Aletta Lintvelt, kosredakteur van ons sustertydskrifte *Weg* en *Platteland*, is nou ook óns kosredakteur. Aletta kán kampkos maak en gaan elke maand vir jou op ons kosblaaie kook en braai.

Vir die eerste uitgawe van jou nuwe dikker tydskrif het ons by Valsbaai in die Kaap en Valsbaai in KwaZulu-Natal gaan kamp. (Ja, daar is twee van hulle.) Ons het ook vir jou 4x4-agterpaaie in Lesotho gevat en ouder gewoonte voertuie en waens getoets – daar's die jongste 4x4's, 'n kampwa en 'n sleepvoertuig, en op bl. 16 gee ons vir jou die jongste nuus uit die motor- en woonwawêreld.

Dis lekker om vir ons Engelse lesers die eerste keer ons sleep- en kampstories plus woonwanuus in hulle taal te gee. Dis iets waarvoor hulle al lankal vra.

Lekker lees aan jou eerste *Weg Ry & Sleep*.

Ry, sleep en kamp lekker – en laat hoor van jou – stuur gerus 'n e-pos na rysleep@weg.co.za.

Dirk

**REDAKTEUR**




> En wat gaan jou siekefonds sê as 'n ambulanshelikopter of -vliegtuig jou moet kom haal? Die kanse dat dinge só ver gaan uitrafel, is dalk nie baie groot nie, maar voorsorg is beter as hoësorg!

102

Weg! Ry&Sleep

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR** DIRK KOK dirk.kok@media24.com
**ARTIKELREDAKTEUR** CHARLES THOMPSON charles.thompson@media24.com
**JOERNALISTE** LEON BOTHA leon.botha@media24.com
SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com
**UITLEGKUNSTENAARS** DOMINIC WIENAND dominic.wienand@media24.com
OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com
**TEKSREDAKTEUR** PETER VAN NOORD
**KOSREDAKTEUR** ALETTA LINTVELT
**HOOF: DIGITAAL** ZIGI EKRON zigi.ekron@media24.com

**HOOF: MEDIA24 DRUKMEDIA** ISHMET DAVIDSON
**HOOF: LEEFSTYL** RAJ LALBAHADUR
**HOOFBESTUURDER: SPORT EN ONTSPANNING** LOUISE MENY-GIBERT
**UITGEWER** NERISA COETZEE
**FINANSIËLE BESTUURDER** MUNEEB ADAMS
**SIRKULASIEHOOF** LEONI VOLSCHENK
**KLEINHANDELSHOOF: SIRKULASIE** ANDRELINE VAN TONDER
**SIRKULASIEBESTUURDER** RIAAN WEYERS riaan.weyers@media24.com

**HOOFBESTUURDER: ADVERTENSIES** DAVID HAY
**SAKEBESTUURDER DURBAN** THERESA LAVERY
031 566 2442 theresa.lavery@media24.com

**ADVERTENSIEVERKOPE**
**NASIONALE VERKOOPSBESTUURDER: MOTOR- EN REISTYDSKRIFTE** DANIE NELL danie.nell@media24.com
JEANINE KRUGER 082 342 2299 jeanine.kruger@media24.com
LIZEL PAUW 082 876 8189 lizel.kok@media24.com
NICK FITZELL 071 430 6311 nick.fitzell@media24.com
SANETHA MEINTJIES 084 416 5797 sanetha.meintjies@media24.com
SHARLENE SMITH 083 583 1604 sharlene.smith@media24.com
THEA THOMAS 078 450 7771 tthomas@media24.com

**BEMARKING** LISE COETSEE lise.coetsee@media24.com
**UITLEG: ADVERTENSIES** PAIGE VILJOEN
**TEKSREDAKTEUR** BRIGITTE BLANCKENBERG

**PRODUKSIE** KERRY NASH en GERDA ENGELBRECHT
**AANLYNWINKEL** KELYN DONOUGH kelyn.donough@media24.com

**KONTAK ONS**
DONVÉ MYBURGH 021 443 9830 donve.myburgh@media24.com

**KAAPSTAD**
**POSADRES** *Weg Ry & Sleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000
**STRAATADRES** 4de verdieping, Absa-gebou, h.v. Adderley- en Riebeeckstraat, Kaapstad 8001
**JOHANNESBURG**
**POSADRES** *Weg Ry & Sleep*, Posbus 785266, Sandton 2146
**STRAATADRES** Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

**INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE**
**GEDRUKTE UITGAWE**
087 740 1033 (internasionaal)
wegint@media24.com
SMS "weg" na 32361 (R1 per sms)

INBELSENTRUM-URE
Maandae-Vrydae 08:00-17:00
**DIGITAAL**
087 741 3177 | mysubs.co.za
suppport@mysubs.co.za

Printed by paarlmedia
**DRUKWERK** Paarl Media Kaap, 'n afdeling van Novus Holdings
Tel. 021 550 2440
Alle regte word voorbehou.
**VERSPREIDING** ON THE DOT

© Kopiereg *WegSleep*. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24

# Loftus Caravan City

**SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!**

**Sedert 1988**






***Volle reeks nuwe Sprite, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehaltegekeurde gebruikte woonwaens *Volle reeks veelterrein- en bagasiesleepwaens, kamp- en daktente. Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

## 011-792-1456

JURGENS · Gypsey *Distinctly different* · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · JURGENS SAFARI · LOFTUS CLUB

**Republiekstraat 150, h/v Rabie Street, Fontainebleau, Randburg**

**www.loftuscaravans.co.za**

Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleep@weg.co.za of *Weg Ry & Sleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000. Onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Weg Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

# As die modder jou insluk



Ek en my vrou, Drienie, het in April saam met my swaer-hulle, Daan en Linda Botha, 'n vakansie na die noorde aangedurf in ons 4x4's. Die Kgalagadi-oorgrenspark is ons eerste bestemming en die eerste drie nagte in die Nossob-kamp vlieg verby. Van hier af ry ons die Nossob-4x4-ekoroete en slaap die eerste nag in die Swartbas-kamp. Die aand ontaard in 'n lang nag van vrees, want 'n trop leeus keer ons 12 uur lank in ons daktente vas.

Daarna kamp ons in Twee Rivieren en toe is ons na Botswana oor Matopi en die Bosobogolopan tot in die Moremi-reservaat. Ons besoek onder meer die Khwairivier asook die Savutistreek en Linyanti.

Die reis staan einde se kant toe en ons wil ons voorlaaste nag op Kubu-eiland in die Makgadikgadipanne deurbring. Teen laatmiddag is ons amper daar en sien 'n Nissan Pathfinder wat in die modder vasgeval het. Dis 'n Franse ouerpaar met hulle drie jong kinders, en Ouma en Oupa is ook saam. Die Ventertjie wat hulle sleep, is omtrent ingesluk deur die modder. Hulle was op pad na die dorpie Gweta, maar het die afdraai gemis en hier sit hulle.

Ewe voorbarig bied ek aan om hulle met my Toyota Hilux uit die gemors te kry, maar vinnig word ek ook 'n slagoffer van die panne. Daan het ewe slim sy Ford Ranger uit die modder gehou, juis ingeval dinge nog verder skeef loop. Met 'n paar grawe en 'n wenas is ons almal net ná sononder uit die modder en ons besluit om vir die nag sommer net hier kamp op te slaan. Die Franse besluit hulle pak eerder die pad na Lethakane in die donker aan.

Vroegoggend val ons weer in die pad – ook na Lethkane – en skaars 5 km verder sien ons die Pathfinder weer tot op sy maag in die modder! Die Franse het hier vasgeval vir die nag. Hulle was nie voorbereid om langs die pad te slaap nie en het nie tente, komberse of kos by hulle gehad nie; net hulle klere en warm bier.

Ons is spyt ons het hulle die vorige dag alleen verder laat ry, maar twee uur later is hulle darem weer uit die modder uit.

Die ouma het hartprobleme, en dit laat my terugdink aan 2009 toe ek 'n hartaanval hier op die Makgadikgadipanne gehad het. Hoe sou ons met onsself kon saamleef as dié mense iets oorgekom het?

Hulle het gesê hulle maak in September weer 'n draai in Suid-Afrika, en het ons 'n braai met Franse sjampanje belowe!

**JOHAN COETZER**
**Moreletapark, Pretoria**





## Bieliebrief

**Johan Coetzer** wen Coleman se Cooler Combo én 'n Divide+700LED-flitslig, alles ter waarde van R2498! Die Cooler Combo bestaan uit drie koelbokse wat elk onderskeidelik 51,1ℓ, 4,7ℓ en 1,3ℓ hou. Jy kan tot 85 blikkies koeldrank in die groter houer pak en 6 in die kleiner een. Die houers is gemaak van poliuretaan wat isolasie tot 30% verbeter. Die Divide+700-flitslig skyn 110-330m ver, afhangend van die sterkteverstelling. Die flits het 'n BatteryLock-stelsel wat sorg dat die batterye nie afloop as jy dit nie gebruik nie. Dit weeg 433g en is gemaak van geanodiseerde aluminium.





## Fleetline al die pad

Johan Hattingh vra in sy brief in die Junie-uitgawe van *WegSleep* waar die ou waens dan is.

Ons 33 jaar oue Jurgens Fleetline 5S het my ouers van 1984 tot 1995 baie kampplesier verskaf. My jonger broer-hulle, Werner en Celeste Muller, het daarna 12 jaar lank lekker met die Fleetline gekamp. En ek het hom 10 jaar terug oorgeneem en kamp steeds gereeld met dié wa.

Oor die jare is die Fleetline met omtrent 15 verskillende voertuie gesleep – van 1600's tot V6-bakkies.

Elkeen wat die wa oorgeneem het, het die banke weer oorgetrek en die gordyne verander. Toe ons hom gekry het, het ons nuwe bankkussings laat sny en oortrek, en die gordyne met PVC-blindings vervang. Die klein Consul Junior-yskas moes plek maak vir ons kroegyskassie. (Die Consul-yskas werk nog uitstekend en doen diens in my kantoor.)

Ons het intussen ook 'n nuwe tent laat maak, en die seil onder die opwipdak en gasstutte is volgende op ons lysie. Andersins is die Fleetline nog in 'n uitstekende toestand. Ons sleep hom die laaste twee jaar met ons GWM H5 2.0 VGT (outomaties).

**MARIUS EN PIKKIE MULLER**
**Newcastle**




## Dis mós nou diens!

'n Mens moet nie die groot waarde van 'n klein advertensie onderskat nie. Jy kry diensverskaffers wat klein adverteer, maar met groot ywer hulle diens lewer. Ek verwys na die advertensie van Caravan Services & Repairs in Kempton Park in die Mei-uitgawe van *WegSleep*.

'n Tarentaal het in ons woonwa vasgevlieg terwyl ek teen 90 km/h gesleep het en die neus van die wa is met die slag gekraak.

Ek het by Wessel McMaster, die eienaar van Caravan Services & Repairs, om hulp aangeklop. Wessel het dadelik gehelp, die skade aan die veselglaspaneel reggemaak en daarna die wa nagegaan en gediens.

Ons is dankbaar ons het ons wa na die regte mense toe geneem. Nogmaals baie dankie. Ons is tevrede klante.

**CHRISTIE EN ESTELLE LE ROUX**
**Bronkhorstspruit**



## Basta met kraggerief

Graag reageer ek op die Sleepdokter-artikel "Hoe klop die kamptariefsom?" in die Mei-uitgawe van *WegSleep*.

Ons gesin verkies kampplekke sonder elektrisiteit, en hoe minder mense, hoe beter. Ons neem nie toerusting soos tuimeldroërs en prutpotte saam as ons kamp nie. Nee, dit bly by die huis. Só ontsnap ons van die gewoel by die huis. Ons dink nie eens aan 'n kragopwekker vir die gerief van elektrisiteit nie en dit pla ons nie as daar nie 'n selfoonsein is nie.

Ons het met kamp grootgeword. Oor die jare het ons kamptoerusting bymekaargemaak wat ons in staat stel om heeltemal selfonderhoudend te kamp. Ons kom oor die weg met gas en sonkrag.

Selfs al kamp ons op 'n staanplek met krag, gebruik ons dit nie, want ons het nie elektriese toestelle in die woonwa nie. Ons span die gasstoof in vir koffie en tee.

Ons kamp vir die ervaring en om weg te kom van die daaglikse roetine.

**NIC DU TOIT**
**Velddrif**





# ’n Koopkrag-kopskuif

## Is koopkrag ’n moontlike oplossing om kamptariewe te verlaag?

**Mense kla maklik oor kamptariewe wat “te hoog” is. Maar wat kan jy doen om minder vir jou staanplek te betaal? Ons Facebook-vriende gesels oor die moontlikheid van koopkrag.**



**Martin Bam**
Soos sake nou staan, betaal die gesin met basiese elektriese toerusting ook vir dié wat lugreëling en ’n tuimeldroër saambring. Bring die tarief per kop af en laat mense koopkrag kry vir hulle luukses.



**Kobus Horn**
Wat gaan kampeerders dan per persoon per dag betaal? Jou krag is reeds ingesluit in die vasgestelde kamptarief. As jy nou nog vir koopkrag ook moet betaal, kyk jy na ’n astronomiese bedrag per dag.



**Frikkie en Marisa Potgieter**
Ek is bereid om dit te doen, maar dan sal die kamptariewe aansienlik goedkoper moet word. Op die oomblik begroot kampplekke vir die ou wat met sy lugversorger en ’n klomp ander goed kom kamp.



**Heinrich Gericke**
Ja, ek hou van dié plan. Dit sal my buurman ook twee keer laat dink vóór hy gaan slaap terwyl sy buiteligte nog brand. Ek wonder soms of mense dit by die huis ook doen.



**Rhona Prinsloo**
Ag nee, regtig? Ek dink nie dit is ’n goeie idee nie. Kamp is deesdae die enigste vakansie wat die meeste mense kan bekostig. Wat is volgende?



**Helen van Niekerk**
Dit raak reeds so duur om te kamp. En nou moet ons nog apart betaal vir krag ook? Vir my is dit nie ’n opsie nie.



**Catherina Wait**
As oordeienaar klink dit vir my na ’n goeie plan. Kampeerders kom met ’n groot verskeidenheid elektriese toestelle by ons aan – van wasmasjiene tot ysmakers en lugversorgers. En dan betaal hulle dieselfde as die ou wat nog met ’n gasbottel lig maak. Koopkrag sal die speelveld meer gelyk maak.



**Ernst FW Piater**
Dit klink vir my na ’n manier om te betaal vir dít wat jy gebruik. Ek het geen probleem daarmee nie.



**Pieter Boshoff**
Ek dink oorde kan staanplekke met dikker kabels en groter stroombrekers beskikbaar stel teen ’n hoër kamptarief vir kampeerders wat hulle lugreëling en wasmasjien saambring. Los die ander staanplekke dan teen ’n laer tarief vir diegene wat sonder sulke goed kamp.



**Philip Coenraad Fourie**
Dit is ’n goeie plan en ek hoop ons kan weer soos voorheen kamp sonder daardie skerp vloedligte en al die elektriese goed wat eintlik onnodig is. Ek stel voor ’n mens begin met sowat R60 se krag op die huis en as dit opgebruik is, begin jy inbetaal.



**Neels Nel**
Ek wil betaal vir dít wat ek gebruik. Ek gebruik sover moontlik die minimum, net soos by die huis. Hoekom moet ek ewe skielik begin mors omdat dit op iemand anders se rekening is? Dit is oor dié soort ingesteldheid dat badkamers en die kampterrein soms so bemors word.

KOM GESELS SAAM OP DIE WEB
Loer in op ons webblad weg.co.za
Op Facebook facebook.com/Weg Ry & Sleep
Teken aanlyn in mysubs.co.za/wegryensleep

KRY JY AL ONS NUUSBRIEF?
Vir die jongste *Weg Ry & Sleep*-nuus gaan na weg.co.za en teken in!


Bush Lapa®
offroad caravans
Staan verstom oor Bush Lapa.
Dis die slim veldwoonwa-oplossing vir die avonturier wat ruwe paaie wil aanpak en tog op soek is na moeitelose gerief.
Liggewig!
Maklike opslaan!
Roesbestand!
Duursaam!
Prakties!
Paarl: 021 870 1277
Epos: info@bushlapa.com
Pretoria: 012 653 2686
experience
His beauty
www.bushlapa.com



# Gaan jou 4x4 homself begin bestuur?

**Die tegnologie rondom voertuie wat hulleself kan bestuur, groei met rasse skrede. Gaan dit 4x4-ry een van die dae óók oorneem, vra Mic van Zyl.**

Nadat ek die bekende video van 'n Toyota FJ Cruiser gesien het wat homself met sy A-TRAC-stelsel uit die sand grawe, wou ek baie graag sien of my eie FJ dit ook kan doen. Toe ek dit op 'n dag op die proef stel, was ek verstom oor watter slim stukkie ingenieurswese dit is. Sonder dié vierwielvastrapstelsel sou daar heelwat meer grawewerk gewees het in dik sand naby die Maanhaarrandroete in die Magaliesberg. Die A-TRAC-vierwielvastrapstelsel het vinnig kleingeld gemaak van die situasie en my FJ was los sonder dat ek óf die stelsel 'n enkele druppel sweet gestort het.

> **Viertrekvoertuie wat vir ontspanning gebruik word, word al hoe gewilder. Dit beteken al hoe meer onervare bestuurders mik na grond- en veldpaaie toe.**

Daar was baie kommentaar deur die toeskouers, en dit het baie gewissel. Een ouerige man – duidelik uit die tradisionele skool van 4x4-ry – het gemeen al die elektroniese foefies haal die pret uit die ryery. Moderne 4x4's raak nes daai Google-karre wat hulleself bestuur, het hy bygevoeg.

Ek dink heelwat ander 4x4-bestuurders sal met sy opmerkings saamstem. Jare gelede toe ek nog die ou Hilux met die vaste vooras gery het, was ek mal daaroor om my ryding tot die uiterste te beproef. Ek het dikwels vasgesit met hom en moes meer as een keer grawe of groot klippe pak om hom weer aan die ry te kry.

Viertrekvoertuie wat vir ontspanning gebruik word (eerder as werk, soos weermagvoertuie), word al hoe gewilder. Dit beteken al hoe meer onervare bestuurders mik na grond- en veldpaaie. As ek luister hoe dikwels dié groentjies my uitvra oor wenasse en herwinningstoerusting, kan ek sien daar's al hoe meer mense wat hulle 4x4 gebruik om op afgeleë plekke uit te kom. Hulle hou beslis nie daarvan om vas te sit nie, en om in die middel van die dag hulle voertuig uit te grawe is nie almal se idee van ontspanning nie. Dis beslis nie myne nie, en daarom waardeer ek al die hulp wat ek kan kry as ek nie lus is vir rondspeel nie – elektronies of nie.

## Nie alles is vir almal

Nogtans moet ek erken ek's nog altyd 'n petrolkop, nes 'n onlangse duinetoer weer bewys het. Daar's darem net niks soos die krag, die wringkrag, die suiggeluid van die lug deur die snorkel of die gebrul van die uitlaatpyp as jy daar ry nie.

Maar so mal soos wat mense soos ek is oor 'n enjin se klank in die duine, moet 'n mens aanvaar dis vir ander mense bloot 'n irritasie om van punt A na punt B te ry. Ek ken 'n paar van hulle. Dié mense sal veel eerder inklim, vir die voertuig sê waarheen hy moet ry en dan terugsit om e-posse te antwoord terwyl die blikbrein hulle rustig by hulle bestemming kry.

SAE, 'n vereniging van motoringenieurs, het ses vlakke van voertuig-outonomiteit gedefinieer. Heelwat van die stelsels op vlak 0 en 1 is reeds in talle voertuie, selfs 4x4's, te sien. Kyk maar na aanpasbare spoedbeheer, wat jou voertuig vir jou kan rem as die voertuig voor jou spoed verminder, of voertuie wat self kan parkeer.

Ek het nie 'n probleem met tegnologiese vooruitgang in motors as dit die rit veiliger maak nie, maar ek wil beslis nie hê my 4x4 moet alles vir my doen nie. Ek geniet my tyd agter die wiel, en daarom hoop ek van harte dis nog 'n rukkie voordat ons 4x4's hulleself begin bestuur.

Ek dink nie ek of daai ouskool man hoef ons te veel te bekommer nie, want daai dag is nog ver weg.

*Mic van Zyl is direkteur van Ironman 4x4 Africa, die eksklusiewe invoerder en verspreider van die volledige reeks Ironman-4x4-produkte.*

*ironman4x4.co.za*




Bepalings en voorwaardes geld.
Vir meer ingligting besoek gerus www.bfgoodrich.co.za
Die veldtog begin op 01 Mei 2017 en eindig op 31 Oktober 2017.
Slegs met die aankoop van twee of meer BFGoodrich-bande.
Die prystrekking sal op 06 November 2017 plaasvind.
Voertuigbeelde en -beskrywings wat op ons webwerf en enige ander bemarkingsmateriaal geplaas is, is voorbeelde wat aan ons verskaf is deur die verskaffers.
Let asseblief daarop dat die werklike voertuig effens van die spesifikasies en/of die beelde mag verskil.

BFGoodrich Tires



# Reik uit en ruk reg!

**Provinsiale politici en dorpsleiers moet by suksesvolle oordbestuurders om raad aanklop om hulle provinsies en dorpe gewilde toerismebestemming te maak, sê Neels van Heerden.**

Om die kampvuur wil 'n mens nie eintlik politiek praat nie. Ek kan egter nie anders nie as om gal te braak oor die ouditeur-generaal (OG) se jongste verslag oor munisipaliteite se geldsake. Dis 'n lelike prentjie: Teen Junie verlede jaar het munisipaliteite meer as R41,7 miljard se opgeloopte onreëlmatige besteding aangegaan – die meeste nóg.

Slegs 49 van die 263 plaaslike owerhede het 'n skoon oudit gekry. In die Wes-Kaap het meer as 80% van die munisipaliteite die toets geslaag. Die naasbeste provinsie is KwaZulu-Natal, met 'n slaagsyfer van 18%. In Gauteng staan Ekhuruleni kop en skouers bo die res uit.

Die ontstellende nuus is dat twee derdes van die land se munisipaliteite streng gesproke bankrot is.

> **In hierdie mooi land van ons is genoeg kundigheid om toerisme te bevorder...**

**BINNE DIÉ SLEGTE PRENTJIE** lyk die toerismeprentjie ewe beroerd. 'n Dagblad het vroeër berig oor die 700 provinsiale en munisipale vakansieoorde en toerismebestemmings wat nie meer besoek kan word nie omdat hulle te vervalle geraak het. Én dis nie fopnuus wat 'n verslaggewer uit sy of haar duim gesuig het nie: Dis syfers wat deur die vorige minister van toerisme in die parlement ter tafel gelê is in antwoord op 'n geskrewe vraag van 'n lid van die opposisie.

Toerismebestemmings is van ons land se bates vir werkskepping en 'n belangrike inkomstebron vir provinsies en veral kleiner munisipaliteite.

Van die politici en dorpsleiers verstaan egter nie dat 'n groot deel van 'n oord se inkomste weer teruggeploeg moet word in die oord om die standaard te handhaaf nie.

As toeriste nie meer jou dorp besoek nie, bly werksgeleenthede in die slag, winkels en ander ondernemings kwyn en jou belastingbasis word kleiner.

**IN HIERDIE MOOI LAND** van ons is genoeg kundigheid om toerisme te bevorder. Vat nou maar die ATKV, 'n maatskappy met die insig en kundigheid om oorde behoorlik en doeltreffend te bestuur, as voorbeeld.

Ongeveer tien jaar gelede het hulle die eens vervalle Eiland-oord naby Tzaneen gekoop en dit ontwikkel tot een van Limpopo se heel beste vakansiebestemmings.

Aan die ander kant het die provinsie se toerismeraad in duie gestort omdat hy met amptenare sit wat g'n benul het hoe om 'n provinsiale oord of toerisme in die algemeen te bestuur nie.

Net duskant die ATKV Eiland-Spa bedryf die provinsiale regering 'n wildreservaat wat graag besoek word deur die "swaeltjies" wat jaarliks met hulle woonwaens en tente by die ATKV-oord oorwinter.

Die regering onderhou egter nie die staproetes in die reservaat nie, en die gras staan al kophoogte. By navraag moet die ATKV hoor die reservaat se trekkerbestuurder wag al maande lank vir enjinolie. Die ATKV gaan koop sommer dieselfde dag nog 'n blik olie by die koöperasie op Letsitele, en siedaar: Al die veld is weer vrolik en die "swaeltjies" tjilp weer tevrede.

**NET SOOS** die KwaZulu-Natalse Suidkus het die noordelike dele van Limpopo die potensiaal om 'n gesogte bestemming te word. Plaaslike gemeenskappe moet bemagtig en in staat gestel word om klein kampplekke te ontwikkel, bestuur en onderhou. Plaaslike inwoners kan kampkos maak, veiligheidsdienste lewer en toergidse word wat kampeerders die unieke natuurskatte en diere- en plantlewe gaan wys.

Ek glo vas suksesvolle maatskappye soos die ATKV en Forever sal met graagte help met opleiding, raad en daad. Die politici en leiers moet net vra!

# VIND JOU NUWE **KARAVAAN OF KAMPEERWA**

En bewonder elke hoek en draai.




Besoek ons gebruikersvriendelike webwerf of Toep en vind jou volgende karavaan of kampeerwa in n kits sonder enige moeite. Maak ook gebruik van ons nuutste 360° Interior View funksie, en bewonder elke produk van binne. Verbeter jou soektog en vind jou ideale karavaan of kampeerwa by Carfind.co.za

Carfind.co.za®

# Nóg 'n wa uit die nes

Bush Nest se Pieter van Greuning spesialiseer in die bou van boswaens, en sy nuutste toevoeging tot die mark noem hy die Patrys.

Met die Patrys breek Pieter weg van die norm van 'n kombuis aan die linkerkant; die Patrys se kombuis sit aan die agterkant. Die hele agterkant slaan met 'n deur oop wat ook sommer as 'n kitsdak bo die kombuis dien. In die kombuis, met rakke in die romp, is plek vir onder meer 'n ys-vrieskas van tot 80 ℓ, 'n tweeplaatgasstoof en 'n wasbak. Die werkblad slaan wel uit die linkerpaneel regs van die deur plat tot net bo die wiel. Onder die deur vou 'n trappie van die onderstel af uit en jy hoef dus nie 'n los trappie saam te ry nie.

'n Koningingrootte bed (matrasdikte 15 cm) slaan uit die regterpaneel plat en jy trek 'n los afdakkie daaroor om jou teen die weer te beskerm.

Die stoepdak, wat soos 'n vlerk oopvou, strek van die deur tot bo-oor die kombuis én die kombuisdeurafdak. Die opwipdak lig links na bo.

Jy kry die opsie van 'n wasbak met warm en koue water in die wa – 'n gerief wat jy nie in alle boswaens kry nie. Dit trek van die kombuiskant af uit. Die Patrys het 'n 75 ℓ-watertenk met 'n pomp wat die druk na die krane toe outomaties reguleer.

Pieter bou die wa op 'n gegalvaniseerde onderstel en gebruik Burquip se onafhanklike volgarmvering wat jy in die duurder boswaens op die mark sien. Dié vering het twee skokbrekers aan elke kant asook 'n krulveer. Die romp se raamwerk is van aluminium en die panele van 'n nuwerwetse glasvesel met 'n heuningkoekstruktuur. Dis 'n stewige en goedgeïsoleerde wa.

In die neuskas is plek vir twee 4,5 kg-gasbottels, en die noodwiel, wat ook standaard is, staan op die A-raam voor die neuskas.

**Wat is opsioneel?** Onder meer die sypanele vir die stoeptent, 'n 12V-batterystelsel asook die binnewasbak.

**Die syfers** 4,1 (l) x 1,9 (b) x 1,9 m (h); tarra 850 kg; dravermoë 1 000 kg; BVM 1 850 kg.

**Prys** R200 000.

**Kontak** 082 924 4076 of 012 331 1105; pieter@bushnest.co.za; bushnest.co.za









## Maximi nr. 2 is hier!

As jy in die mark is vir ’n klein opslaanboswa, kan jy gerus gaan loer na die nuwe wa van Maximi van Frik Oosthuizen. Frik is bekend vir sy Maximi-boswoonwa wat al twee jaar op die mark is.

Hy sê sy nuwe klein boswa is vir kampeerders wat nie met ’n leer tot in die daktent wil klouter nie. Jy klim ín die wa en op die bed.

Die wa lyk soos ’n sleepwa met ’n deksel. Die matras is in die dekselgedeelte en die tentseil is aan die deksel vas. Sodra jy die deksel oopslaan, vou die tent oor die wa oop. Jy klim met ’n afslaantrappie agter in die wa in.

Frik het met die hout weggedoen – die binnekaste is van nuwerwetse ligte materiaal. (*Hy wil nie sy geheim verklap nie. – Red.*) Die romp is van staal wat met aluminiumplaat oorgetrek is.

Aan die linkerkant trek ’n yskas op ’n glyraam uit die romp, en langsaan is twee kassies waarvan die deure ’n werkblad vorm. Die gasgeiser en twee gasbottels pas in die neuskas.

**Wat is opsioneel?** Onder meer ’n 130 ℓ-watertenk, geiser en stoof.

**Die syfers** 3,51 (l) x 1,89 (b) x 1,46 m (h) – oopgeslaan 2,7 m hoog; tarra ±500 kg; draver-moë ±900 kg; BVM 1 400 kg.

**Beoogde prys** R160 000 (standaard).

**Kontak** ✆ 072 280 8492; info@maximi.co.za; maximi.co.za



## FORD SE ECOBOOST-ENJIN WEN WÉÉR

Terwyl al hoe meer vervaardigers kleiner enjins uitbring, het Ford se bekende 1 ℓ-Eco-boost-enjin met nóg ’n internasionale toekenning weggestap. Die enjin is die sesde jaar agtereenvolgens aangewys as die beste enjin onder 1 ℓ ter wêreld. (Dit is die twaalfde keer sedert sy bekendstelling in 2012 dat dié Ford-enjin so ’n toekenning ontvang.)

Die driesilindertjie word in een uit elke vyf Fords in Europa gebruik en is een van die maatskappy se grootste suksesstories die afgelope jare.

Die beoordelaars – ’n paneel van 58 motorjoernaliste uit 31 lande – was beïndruk met die goeie kombinasie van krag, brandstofverbruik en tegnologie van die 1 ℓ-buksie. Groter weergawes van die EcoBoost – tot 3,5 ℓ-, doen ook reeds goeie diens in ander Fords reg oor die wêreld. Dit sluit in bakkies, paneelwaens en selfs die GT-supermotor. Boonop duur die ontwikkeling van die EcoBoost voort: Ford het aangekondig ’n nuwe weergawe van die enjin word vroeg in 2018 bekend gestel. Dié enjin sal oor tegnologie beskik wat die silinders individueel kan aktiveer en deaktiveer soos wat die krag benodig word – 20 keer vinniger as wat jy jou oë kan knip! >







## JURGENS WYS SY GROOT KLEINTJIE

Jurgens het 'n nuwe topmodel in sy boswareeks. Maar die nuwe XT Trooper X4 is nie soos sy ander boswamodelle 'n sleepwa met 'n daktent bo-op nie; hier slaap jy binne-in die wa.

Jurgens het 'n jaar of twee terug met die prototipe begin en die Trooper is 'n uitvloeisel van die Jurgens XTC. Hy is nommerpas vir kampeerders wat iets kleiners as 'n boswoonwa wil hê, maar nie in 'n daktent wil slaap nie.

Hy het twee dubbelbeddens wat onderskeidelik oor die A-raam oopmaak en uit die regterpaneel platslaan. Die deur is agter en het 'n uitvoutrappie. Die opwipdak is soortgelyk aan die dak van Jurgens se Xcape-boswoonwa en die storthokkie is, nes die Xcape s'n, voor langs die kantbed.

Die kombuis is soos gewoonlik buite aan die linkerkant, en op die glyraam, digby die neus, is die tweeplaatgasstoof en plek vir een ys-vrieskas van tot 90 ℓ. Dié rak is ook soortgelyk aan die nuwe Jurgens Xplorer s'n.

Al hoe meer vervaardigers gebruik deesdae 'n stoepdak wat soos 'n vlerk oor die kombuis oopvou en tot by die agterkant van die wa strek. Jurgens het dit ook gedoen, maar dit 'n stap verder geneem met 'n slim plan: Jy kan die hoogte van die XT Trooper se stoepdak verstel. Die dak rus op twee omgedraaide hoekstutte wat bo teen die paneel vasgesit is. As jy die hoogte wil verstel, draai jy bloot die stut verder uit.

**Wat is opsioneel?** Onder meer siervellings, 'n graaf, byl en ys-vrieskas.

**Die syfers** 4,31 (l) x 2,06 (b) x 2,01 m (h); tarra 1 380 kg; dravermoë 220 kg; BVM 1 600 kg.

**Prys** Vanaf R198 000.

**Kontak** ✆ 012 797 7300; campworld.co.za




## GM se uittog raak Opels nie

General Motors se aankondiging dat die maatskappy uit Suid-Afrika onttrek, het skokgolwe deur die land gestuur – veral vir eienaars van Isuzu-, Opel- en natuurlik Chevrolet-voertuie, wat onder dié maatskappy se vaandel geval het. Isuzu het egter reeds die Chevrolet-aanleg in Port Elizabeth oorgekoop en nou lyk dit asof Opel-eienaars ook nie nadelig geraak sal word nie.

Toe GM sy aankondiging gedoen het, was die maatskappy reeds in die proses om Opel aan die Peugeot-groep te verkoop, en kort daarna is 'n ooreenkoms met Williams Hunt aangegaan om naverkopediens, waarborge en dienste by GM oor te neem.

Die waarde van tweedehandse Opels bly stewig, ondanks GM se skuif, sê Jeff Osborne, hoof van Gumtree SA se motorafdeling. "Die verkope van hulle nuwe voertuie groei in 'n krimpende mark, en het ons geen daling in die waarde van tweedehandse Opels op ons webwerf gesien nie."

• Die nuwe Opel Astra is onlangs as Suid-Afrika se Motor van die Jaar aangewys en die maatskappy beplan om tot 2020 altesame 29 nuwe modelle bekend te stel. >




LEATHERMAN®

## JUICE® CS3

Die Juice CS3 maak alles oop met 'n blikoopmaker, skêr, botteloopmaker en kurktrekker. Perfek vir die kombuislaai of die kampeersak. 25 jaar beperkte waarborg.

4

**GEREEDSKAP**

Veer-aksie-skêr
Blikoopmaker
Botteloopmaker
Kurktrekker


CINNABAR


COLUMBIA




**KENMERKE**

Toe lengte: 8.13 cm
Gewig: 42.5 g
Aluminiumhandvatsel

LEATHERMAN®

## JUICE® B2

Soms het jy net 'n mes nodig. Die Juice B2 het een getande en een reguit lem-mes wat gemaak is van die hoogste gehalte staal en gerugsteun word deur ons waarborg van 25 jaar.

2

**GEREEDSKAP**

420HC Mes
420HC Getande mes


CINNABAR


GRAPHITE




**KENMERKE**

Lemlengte: 6.60 cm
Toe lengte: 8.13 cm
Gewig: 42.5 g
Aluminiumhandvatsel

E & OE

Beskikbaar by alle voorste buitelugwinkels. | Awesome tools is die eksklusiewe verspreiders van Leatherman in Suid-Afrika.
Tel: +27 21 981 6672 | www.awesometools.co.za






## Nuwe buksie!

In die laaste paar jaar het heelwat klein veselglaswoonwaens die lig gesien – die Serai Weekender is die nuutste toevoeging. Dis gemik op paartjies met 'n klein sleepvoertuig wat lig wil sleep en nie sukkel met opslaan nie, sê Christo Paulsen, die ontwerper en bouer.

Dié soort waens het gewoonlik net 'n dubbelbed in, maar die Weekender het twee enkelbeddens wat teen die kante ingebou is. Die ruimte onder die beddens is jou pakplek in die wa, en die ruimte tussen twee beddens is groot genoeg om 'n bergfiets in te pas sonder om dit uitmekaar te haal.

Die Weekender het nie sydeure nie, maar een groot agterteur. By die agterdeur staan 'n Defy-kroegyskas.

Dié wa het, soos die meeste van sy soort, nie 'n neuskas op die A-raam nie, maar Christo het 'n kas voor in die romp ingepas wat van kant tot kant onderdeur die beddens strek en 'n deurtjie aan elke kant het. Dis selfs groot genoeg om 'n gazebo in te laai.

Die veselglasromp is op 'n gegalvaniseerde onderstel gemonteer, en Christo gebruik 'n rubberwringas soos wat 'n mens op die groter padwaens sien.

Die Weekender het 13"-bande met staalvellings, en op die agterhoeke is twee hoekstutte om die wa stewig te laat staan sodra jy kamp opslaan.

**Wat is opsioneel?** 'n Opwipdak en dubbelbed.

**Die syfers** 3,7 (l) x 1,8 (b) x 2,05 m (h); tarra 380 kg; draweremoë 310 kg; BVM 690 kg.

**Prys** Vanaf R89 500.

**Kontak** ✆ 072 849 6100 of 078 039 3822; admin@serai.co.za; serai.co.za

## BLINK KNOPPE VIR LAND ROVER SE NUWE DISCO

Land Rover meen die nuwe Discovery 5 gaan een van die beste sportnutsvoertuie ter wêreld word. Met 'n beter grondvryhoogte, waaddiepte en invals- en vertrekhoek as sy voorganger is hy reeds 'n gedugte ryding, maar dié spesifikasies word verder verbeter deur Land Rover se Terrain Response 2 en All-Terrain Progress Control (ATPC).

Terrain Response monitor die padtoestande en maak seker die voertuig is gereed om verskillende soorte oppervlakke baas te raak (soos gras, sand, modder of klip). Net soos in sekere ander Land Rovers (byvoorbeeld die Discovery Sport) kan die bestuurder ook die gepaste verstelling vir die terrein met 'n draaiknop in die kajuit kies en só die aandrywing, stuur- en versnellersensitiwiteit, veringverstellings en vastrapbeheer aanpas.

Met die ATPC-modus kan die bestuurder nou in uiterste toestande die blikbrein heeltemal laat oorneem. In dié verstelling doen die Disco byna al die werk self. Die voertuig sal tussen 2 km/h en 30 km/h voortkruip en al die stelsels behalwe die stuur beheer. Ja, ook die rempedaal. Dit beteken die bestuurder kan fokus op elke klip of gat in die pad en netjies om – of bo-oor – dit ry. >



# WANNEER JY SPASIE NODIG HET VIR DIE *hele gesin...*





## CAMP MASTER-KOEPELTENT 800

8-persoon
565 (L0 × 270 (W) x 195 (H)
2000mm-waterkolom
13kg wanneer verpak
1-jaar-waarborg



## CAMPMASTER-KITSSKADU 150-GAZEBO

3 × 6m
Beskikbaar in blou en groen
1-jaar-waarborg

NUUT!



## CAMP MASTER-NUTSKISSIE

46 liter-kapasiteit
Stapelbaar
Luggate onder



## 72 LITER-DUBBELSONE YS/VRIESKAS

Vlekvrye staal
Draagbaar
Stroom skop uit wanneer battery laag
Yskas met 40 liter-kapasiteit
Vrieskas met 32 liter-kapasiteit
Temperatuurwisseling +10/-22C
Interne LED-lig
Deksel-oop-alarm
7-jaar-waarborg



## CAMP MASTER DIRECTOR 300

Aluminiumraam
150kg-gewigsteun
Liggewig
Sluit kanttafel met bekerhouer in
1-jaar-waarborg

Dis nou sommer maklik vir die hele gesin om te gaan kamp. Met 8-man-tente met spasie vir almal, nutskissies om al die noodsaaklike kampgoed in te pak, 'n 72L ys/vrieskas om kos vars en drinkgoed koud te hou vir die beste kampfees; Camp Master het alles wat jy nodig het sodat julle gesin dit kan geniet.

Tente
Gazebo's

Slaapsakke
Matrasse
Kampbeddens

Stoele
Kaste
Tafels

Koelbokse
Koelsakke
Termo-verkoelers

Houtskool
Brikette
Braais, vuuraanstekers

Bykomstighede

Beligting

## Toyota bly tops




Syfers vir Mei het getoon Toyota Suid-Afrika het weer die meeste voertuie in Suid-Afrika verkoop. Toyota het in dié maand nie minder nie as 9 601 voertuie van die hand gesit – 3 215 meer as sy naaste mededinger – en só amper 'n kwart (23%) van die mark sy eie gemaak.

Sportnutsvoertuie bly van die vervaardiger se gewildste voertuie, met 2 150 wat verkoop is. Die nuwe Fortuner is in Mei in 1 249 motorhuise geparkeer, terwyl 420 RAV4's baas gekry het. Dié syfers het gesorg dat die Fortuner en RAV4 onderskeidelik die topverkopers in die segmente vir groot en middelslag-sportnutsvoertuie was. Die resultate wys ook die voortgesette gewildheid van die Hilux: Dié bakkie het 32,2% van sy marksegment verower, danksy 2 758 eenhede wat handelaars se vloer verlaat het.

Internasionaal het Toyota in die jaarlikse BrandZ-peiling van die top 100 handelsname ter wêreld sy titel behou as die wêreld se gewildste motornaam. Dis die negende keer dat Toyota dié titel verower in die twaalf jaar dat die peiling gedoen word.

Die vervaardiger blyk egter nie net gewild te wees vir sy petrol- en dieselvoertuie nie; verbruikers het die maatskappy ook punte gegee vir nuwe tegnologie soos die Mirai, 'n voertuig wat met waterstofbrandstofselle werk, en die Concept-i-selfrymotor.

Net soos die plaaslike data wys dié peiling ook 'n skynbaar onstuitbare verskuiwing na sportnutsvoertuie.



## NUWE MODELLE VIR KIA SE SPORTAGE

Die Suid-Koreaanse motorvervaardiger Kia het onlangs sewe nuwe modelle vir sy middelslag-sportnuts, die Sportage, aangekondig. Onder hulle tel die 1.7 CRDI, 'n turbodiesel wat nou vir die eerste keer in 'n plaaslike Sportage sal diens doen.

Die intreevlak-2.0 Ignite, wat tot nou toe net met 'n handratkas beskikbaar was, kry die sesspoed- outomatiese opsie, en daar is ook 'n nuwe Ignite PLUS-model, wat met luukshede soos 17"-sierwiele en misligte sal spog. Dan is daar ook die Ignite PLUS CRDI, wat die nuwe 1,7 ℓ-turbodiesel-enjin kry. Dié enjin lewer 85 kW teen 4 000 r.p.m. en 280 Nm wringkrag teen 1 250-2 750 r.p.m. Die Ignite PLUS CRDI sal net met 'n sesspoed-handratkas uitkom.

Die middelvlak-EX-modelle word uitgebrei met nog 'n 2 ℓ- petrolenjin asook twee EX PLUS-opsies, ook met 'n keuse tussen 'n 2 ℓ-petrol- of 2 ℓ-dieselenjin.

Die nuwe modelle sal inpas tussen die bestaande EX- en die luukser SX-modelle, wat heeltydse vierwielaandrywing het.

**Prys:** Tussen R370 000 en R600 000.


SAFARI CENTRE
4X4 STORES
Trots deel van
Jurgens Ci
Leaders in leisure
RIVAL
Die Augustus 2017 landwye
ALLES 4X4
PUIK AANBIEDINGE
MAL PRYSE
Bekendstellings van nuwe verskaffers en produkte
Plaaslike en internasionale handelsmerke
ONS BIED: Voorvervangingsbuffers •
Groot reeks daktente & bedekkings • Hi-Lift-domkragte & bybehore
Agtervervangingsbuffers • Herwinningstoerusting
Dakrakke & bybehore • Snorkels • Veringkomponente
Wenaste & bybehore • Sonpanele
TOT 50% AF
TJM
OPRUIM VERKOPING
Bel die winkel vir besonderhede
Besoek ons webtuiste vir jou naaste winkel www.safaricentre.co.za




# Voel weer 'n slag

**Die Hyundai Tucson, wat reeds 'n goeie verkoper is, het 'n nuwe Sport-pakket bygekry, en dít, sê Charles Thompson, maak dié nutsvoertuig pure pret.**

Die woorde "body kit" laat by 'n mens beelde oproep van ou BMW's en Subaru's met Tupperware vir drukvlerke en plastiekbuffers wat soos ploegskare lyk. Maar as 'n vervaardiger self 'n sportpakket vir een van sy modelle bekend stel, kan dit 'n stylvolle affêre wees. En dít is inderdaad die geval met die nuwe Hyundai Tucson Sport.

## Buitelangs

Die Tucson Sport is 'n gedeelde projek tussen Hyundai Suid-Afrika en Suid-Korea. Die buffers word uit Asië ingevoer, terwyl die nuwe wiele in samewerking met Tiger Wheel & Tyre ontwerp is. Met sy laer buffers, pikswart 19 duim-sierwiele en vier uitlaatpype lyk die Sport heelwat aggressiewer as die stylvolle standaardmodel. Die buffers is oorwegend dieselfde kleur as die res van die voertuig, met chroom en swart insetsels voor, agter en onder die deure.

Terwyl die gewone Tucson se stilering meer gemik is op mense wat op soek is na 'n netjiese gesinsvoertuig, is die Sport 'n opgeboude bielie wat lyk of hy langs jou in die verkeer wil stilhou en jou daag vir 'n *dice*.

## Binnelangs

Die Sport-pakket is te kry in die 1.6 GDI Executive-model, wat in die middel van die reeks lê. Soos met al Hyundai se voertuie is die Executive propvol standaardweeldes soos leersitplekke, outomatiese lugreëling, 'n trukamera en spoedbeheer. Jy betaal ook nie ekstra vir 'n raakskermradio met satellietnavigasie, 'n USB-sok en Bluetooth nie.

Die Sport-model kom nie met enige binnelangse veranderinge soos sportsitplekke, -embleme of -pedale nie, maar die binneruim is van dieselfde hoë gehalte en netjiese ontwerp as wat 'n mens teen dié tyd van Hyundai-produkte verwag.

## Agter die stuur

Die turbo-aangedrewe 1.6 GDI-enjin bly ook standaard en ontwikkel dieselfde 150 kW en 295 Nm wringkrag as die Executive-model. Die Tucson Sport se uitlaatstelsel is egter aangepas om plek te maak vir vier fris uitlaatpype. (Daar is darem nog plek vir 'n sleepstang.) Die uitlaatpype grom soos 'n kwaai hond wanneer jy die voertuig aanskakel en blaf lekker as jy die versneller wegtrap. Jy



# jonk

ry nie régtig vinniger in die Sport nie, maar elke ratverwisseling en verbysteek is heelwat prettiger as in die standaardmodel.

Die 19 duim-bande maak die rit wel effens harder as in 'n soortgelyke model met 18 duim-bande, maar dis steeds gemaklik en daar is nie merkbaar meer padgeraas in die kajuit nie.

Ons hou veral van die konstante diepkeelgrom wat die uitlaatstelsel maak wanneer jy op spoed is. Dis nie só oordonderend dat dit jou oor lang afstande sal irriteer nie – eerder net genoeg om die prettige rit in dié Hyundai te onderstreep.

**Slotsom**

Teen 'n halfmiljoen rand is die Tucson Sport duurder as mededingers soos die Volkswagen Tiguan en Mazda CX-5. Dis egter te verwagte vir 'n sportmodel wat – hoewel dit nie 'n volwaardige beperkte uitgawe is nie – steeds 'n taamlike unieke weergawe van dié nutsvoertuig is. Die Tucson Sport is boonop nie gebou om 'n direkte mededinging vir ander vervaardigers se standaardmodelle te wees nie. Dié is 'n unieke produk.

Die stilering is dalk nie subtiel genoeg om in hordes mense se smaak te val nie, maar met sy voor-op-die-wa houding en grootbek-uitlaatstelsel is hy pure pret om te bestuur. En jy kry boonop steeds Hyundai se puik spesifikasievlakke en klasleidende sewejaarwaarborg.

**Prys**

Hyundai Tucson Sport R499 900












**STYLVOLLE SPORTSTER (kloksgewys van links bo).** Die Sport-pakket laat dié Tucson aansienlik frisser en aggressiewer as sy "gewone" broers lyk, met swart 19 duim-sierwiele wat die pakket netjies afrond. Die binneruim is egter dieselfde as die standaardmodel, met heelwat luukshede by die prys ingesluit, soos leerbekleedsel en 'n USB-sok. Die Sport-pakket is te kry op die 1.6 GDI Executive-model, 'n turbo-aangejaagde dieselenjin wat 150 kW en 295 Nm wringkrag ontwikkel. Jy hoor egter heelwat meer van die enjin as in die standaardmodel, danksy 'n aangepaste uitlaatstelsel en vier uitlaatpype wat heerlik grom.

# Só volledig, hy's amper vervelig

**Baie van die XC90 is te sien in die nuwe, kleiner Volvo XC60, maar leen is lankal nie meer 'n vloekwoord nie.**

Teks **Braam Peens**

Kom ons wees nou maar eerlik: Min mense weet regtig wat in Swede aangaan, wat nog te praat van saam gesels oor dié land se ekonomie of belangrikste uitvoere. Maar dis alles oraait, solank jy darem ABBA (of Roxette, as jy jonger is), Absolut-vodka en volwasse "oefenvideo's" kan opnoem.

Voor 2015 het die meeste Volvo's jou 'n dop laat skink om van hulle te probeer vergeet, maar sedert die bekendstelling van die sewesitplek-XC90 is Volvo skielik 'n vervaardiger om dop te hou.

Die XC90 is verlede jaar (met reg) aangewys as Suid-Afrika se Motor van die Jaar, en nou is sy nuwe kleinboet, die tweedegeslag-vyfsitplek-XC60, ook propvol van dié kampioentegnologie.

**Op die oog af**

Die eerste ding wat jy moet weet, is dat hy heelwat van die XC90 se DNS gekry het. Albei voertuie is op Volvo se nuwe veeldoelige SPA-platform (*Scaleable Product Architecture*) gebou en kry dieselfde enjins en veiligheidstegnologie (later meer daaroor).

Die nuwe XC60 is 61 mm langer as sy voorganger en die asafstand is 99 mm langer. Hier trek die agterste passasiers die grootste voordeel met 40 mm ekstra beenspasie.

Die opvallendste verskil tussen die XC60 en sy grootboet is eers werklik merkbaar wanneer jy sy meer kompakte, effens minder statige, agterkant sien. Kortom: Die XC90 laat dit lyk asof jou geld vir jou werk en die XC60 asof jy werk vir jou geld.

**Onder die enjinkap**

Volvo se doelwit is langtermynkostedoeltreffendheid. Hoe meer modelle dieselfde komponente kan deel, hoe beter. Gevolglik word dieselfde tweeliterenjin in die XC90 en XC60 ingespan.

Om produksie te vergemaklik word die basiese enjin so modulêr as moontlik gebou. Slegs die nodigste komponente met verskillende vereistes, soos petrol- of dieselontbranding, hoef dan agterna bygevoeg te word.

Alle petrolmodelle is 'n turbo- of drukaangejaagde variant (óf 'n kombinasie van die twee, met of sonder elektriese aandrywing) van dieselfde eenheid om wisselende vlakke van krag te lewer.

Onder die modelle wat bestem is vir Suid-Afrika, gee die T5-intreepetrolmodel 187 kW en 350 Nm en die warmer T6 235 kW en 400 Nm. Verder is daar ook twee dieselenjins waarvan die D4 140 kW en 400 Nm en die D5 173 kW en 480 Nm ontwikkel.

**Binnelangs**

Waar die vorige XC60 te hard probeer het om saam met sy Duitse mededingers te draf, is sy opvolger 'n toonbeeld van stille selfvertroue. Driepuntsterre en blou-en-wit propellers neig om die slegste in hulle bestuurders uit te bring, maar die XC60 se binneruim is so ontspanne, wel, soos 'n Sweedse masseersalon.

Die Volvo se instrumentepaneel herinner jou aan daai Deense hoëtroustelle met die moeilike name of 'n slimfoon met 'n raakskerm teenoor die Duitsers se obsessie met knoppies. >






# Die grootste, sterkste 4x4-skokbreker ooit!

FOAMCELL PRO

IRONMAN 4X4
3 year 60,000 km
IRON CLAD WARRANTY



### Sterk
Ironman 4x4 Foam Cell Pro-skokbrekers gebruik dikker materiaal, sterker nate en moderne vervaardigings prosesse vir ongeëwenaarde strukturele integriteit. Geen ander vergelykbare skokbreker kom naby daaraan nie.

### Betroubaar
Ironman 4x4 Foam Cell Pro-ontwerp lewer tot 3 keer meer olievolume. Gekombineer met die grootste omhulsel deursneë moontlik hou hulle vir langer tydperke van volgehoue strawwe bestuur deur hitteopbouing te weerstaan.

### Versoenbaar
Direk aangehegte vervanging vir standaard of geligte 4x4's. Stutte met skroefdraadomhulsel wat ryhoogte verstelling toelaat, word gemaak om te pas by Ironman 4x4-kronkelvere.

### Herboubaar
Ten volle herboubaar, wat lewenslange prestasie vir jou 4x4 bied.

### Bekostigbaar
Geen ander skokbreker bied so 'n lang lys kenmerke en voordele en bly terselfdertyd so bekostigbaar nie.

**Ons weet dis 'n groot stelling...**




**AGTERSTEVOOR?** Terwyl die neus en middel sterk trek na die groter XC90, kom die XC60 se karakter eers werklik na vore rondom sy stertgedeelte. Anders as tevore word die LED-remligte nou tot op die agterluik verleng. Die binneruim (onder) is effens knapper as die XC90 s'n, maar nogtans gerieflik genoeg vir vier en 'n half volwassenes.



Alles in die binneruim sê "minimalisties en gesofistikeerd". 'n Negeduim- vertikale raakskerm beheer omtrent al die motor se funksies – trouens, die enigste fisieke knoppies is om die klankvolume te beheer en die voor- en agterruit te ontwasem. Dat alles met die veeg van 'n vingerpunt beheer moet word, is egter 'n tweesnydende swaard, want elke funksie lê versteek binne 'n onderafdeling wat jou twee keer laat dink as jy nou net wegneembraaihoender geëet het.

Aan die ander kant is die afwesigheid van 'n oormaat knoppies kalmerend en kenmerkend van die Volvo se gerusstellende persoonlikheid.

Die intreeweergawe, die Momentum, het elektriese leersitplekke, LED-koplampe, 'n panoramiese sondak en 'n dakrak standaard, terwyl die R-Design- en Inscription-model oor omvattender veiligheids- en toerustingvlakke beskik.

## Agter die stuur

Die XC60 is ratser op sy voete as sy voorganger. Deels weens sy laer daklyn- en gepaardgaande sitplekposisie (meer soos dié van 'n motor as 'n sportnuts) en 'n grondvryhoogte van 216 mm, 15 mm laer as tevore.

Beskikbare wielgroottes wissel van 18 duim tot 22 duim en daar is opsionele lugvering – aan te beveel vir enigiets groter as 19 duim, of vir Johannesburgers!

Die petrolenjin se syfers lyk op papier belowend, maar wat trekkrag en doeltreffendheid betref, gaan jy in die praktyk diesel verkies. Eersgenoemde begin ook raserig raak wanneer jy baie van hom vra, terwyl die diesel hom meestal bedeesd (en vibrasievry) gedra.

## Slotsom

Jy koop allermins 'n Volvo om te spog. Jy koop hom omdat jy vrede binne jouself én met die wêreld het. 'n Land Rover Discovery Sport is 'n vaardiger veldryer; 'n Mercedes GLC sportiewer, en 'n Jaguar F-Pace mooier. Maar nie een van hulle verpersoonlik klasleidende veiligheid, ruimte, gehalte en sofistikasie soos die Volvo nie.

Vanweë goeie gene kan die XC60 jou moontlik verveel, hoewel dit eintlik 'n kompliment is, bloot omdat hy elke keer jou stratosferiese verwagtinge met so min moeite oortref. Volvo mag dalk sedert 2009 aan die Chinese motormaatskappy Geely behoort, maar die XC90 het voorbrand gemaak vir die XC60 om Swede se nuwe beste uitvoerproduk te word. Ja, dalk selfs beter as ABBA.

## Pryse en modelle

Die nuwe XC60 word eers in die middel van 2018 plaaslik bekend gestel. Pryse sal ook eers dan bekend gemaak word. Elke enjinsoort – die D4, D5, T5 en T6 – kan in elkeen van die afwerkings – Momentum (basismodel), R-Line (sportief) en Inscription (luuks) – bestel word.

## 5 DINGE WAT JY MOET WEET VAN DIE NUWE XC60




**1 VEILIGHEID IS TOPS**
Standaard-veiligheidstoerusting sluit in lomerigheid- en baandwaalwaarskuwings, sowel as City Safety, wat die voertuig tot 60 km/h vanself tot stilstand sal bring of uitswaai.

**2 HOU JOU HANDE TUIS**
Die opsionele Pilot Assist-spoedbeheerstel stel die XC60 in staat om homself op 'n snelweg te bestuur – teen 'n spoed van tot 128 km/h.

**3 TWEE IS BETER AS EEN**
Oorsee is die Twin Engine T8- hibriede voertuig die vlagskipmodel. Volvo oorweeg nog of hy die XC60 T8 Suid-Afrika toe sal bring.

**4 SEWE SAKKE SOUT**
Die XC60 kan tot 2 400 kg sleep en die kattebak kan 505 ℓ bagasie sluk.

**5 VOOR IN DIE KOOR**
Alle modelle het 'n agtspoed- outomatiese ratkas en heeltydse vierwielaandrywing. Voorwielaandrywing volg later.

# Oordeel vir jouself... en vergelyk hier!

*Ironman 4x4 herdefinieer 4x4-vering met ons Foam Cell Pro-skokbrekerreeks.*

IRONMAN 4 X 4

FOAMCELL PRO SKOKBREKERS
**R3300.00**
*BTW Ingesl.*

FOAMCELL PRO STUT
**R3600.00**
*BTW Ingesl.*

**Kronkel nie ingesluit nie*




| Fabrikaat | Model |
|---|---|
| Ford | Ranger 2011+ |
| Ford | Everest 2016+ |
| Isuzu | KB-RG 2013+ |
| Isuzu | D-Max 2012+ |
| Mazda | BT-50 2011+ |
| Nissan | Patrol Y60 GU |
| Nissan | Patrol Y61 GU |
| Nissan | Navara D40 |
| Nissan | D23 2017 |
| Nissan | Patrol LDV Y61/GU |
| Toyota | Hilux Vigo 2005-2016 |
| Toyota | Hilux Revo 2015+ |
| Toyota | Fortuner 2005-2015 |
| Toyota | Fortuner 2016+ |
| Toyota | Landcruiser 76,78,79 |
| Toyota | Landcruiser 80 |
| Toyota | Landcruiser 105 |
| Toyota | Landcruiser 200 |
| Toyota | Prado 120 |
| Toyota | Prado 150 |
| Toyota | FJ Cruiser |

www.ironman4x4.co.za | 011 634 7600




# Nie meer net 'n plaasbakkie

**Isuzu het sy KB300 effens opgeknap. Charles Thompson het 'n week lank met hom gery – langpad, plaaspad én stadspad – en gee sy indrukke.**

Die nuwe opgeknapte Isuzu KB300 LX is 'n bakkie wat die koppe behoorlik laat draai. "Jissie, dis 'n mooi bakkie," is iets wat 'n mens 'n hele paar keer hoor wanneer jy agter die stuur van dié staatmaker inskuif – by almal van boere en eienaars van 4x4-hindernisbane tot petroljoggies en spiertiere by die gimnasium.

Die 2017-model is nie dramaties anders as laasjaar s'n nie, maar met enkele verbeterings lyk dit asof Isuzu sy betroubare ryding ook vir 'n moderne mark aantreklik gemaak het.

## Op die oog af

Al is dit 'n bakkie dié, lyk die KB mooi vaartbelyn met sy nuwe prominenter sierrooster. Die blink chroom word boonop opgekikker met LED-dagryligte wat netjies in die neus geïntegreer is en glad nie die gevoel skep dat dit as 'n nagedagte bygevoeg is vir die opknapping nie – te dikwels die geval met 'n bestaande model wat 'n ontrimpeling ondergaan. Buiten dat dit mooi lyk, is die werklike waarde van dagryligte natuurlik dat jou voertuig bedags meer sigbaar is vir aankomende verkeer.

Verder word die LX met nuutontwerpte 18 duim-allooiwiele toegerus. General Grabber-veelterreinbande is ook standaard, en met hulle aggressiewe sywande en taai loopvlak lyk die KB sommer van die fabrieksvloer af lus vir 'n stukkie grondpad of veldry. Treeplanke, 'n chroom-agterbuffer, 'n 3,5 t-sleepstang en rolstaaf op die laaibak is ook standaard.

## Binnelangs

Die 2017-model is ook binnelangs opgeknap. Die digitale skerm tussen die spoed- en toereteller lyk 'n bietjie skoner en netjieser en die LX het nou sleutellose toegang en 'n aansitterknoppie. Jy kan dus nou jou Isuzu oopsluit en aan- en afskakel met die sleutel in jou broeksak. Baie gerieflik.

Verder is die radiostelsel heelwat slimmer as sy voorganger s'n en die raakskermstelsel netjies en maklik om te gebruik. Satellietnavigasie, 'n trukamera en Bluetooth is standaard en dié nuwe eenheid smelt mooi saam met die paneelbord.

Die res van die kajuit is grootliks dieselfde, behalwe dat die voorste passasier nou ook 'n elektriesbeheerde sitplek kry. (Ons kan aan minstens een ander – veel duurder – bakkie dink wat dit nie eens vir die bestuurder as standaardtoerusting bied nie!)

## Onder die enjinkap

Die KB draf steeds met dieselfde betroubare 3 ℓ-D-TEQ-enjin as tevore. Dié turboaangedrewe viersilinder ontwikkel 130 kW teen 3 600 r.p.m. en 380 Nm teen 1 800-2 800 r.p.m. Goed, 'n mens moet erken dit begin afsteek teen ander bakkies, maar in die veld is dit 'n heerlike rit. Dis op die snelweg dat dit soms voel of die Isuzu nie die nodige oemf het om >

# KRY JOU LANDCRUISER GEREED VIR DIE BUITELEWE!

IRONMAN 4 X 4




| | | |
|---|---|---|
| A | **"Premium Deluxe" Bosbreker**<br>*SRS-lugsakgetoets en gesertifiseer, wenasversoenbaar, lugdraadmontering. Swart poeierlaagafwerking.* | R17 995.00 |
| B | **12V 9500lbs Monster-wenas *Sintetiese tou***<br>*Sluit in sterker motors, swaardienshulsels, sintetiese tou, wedstrydstyl solonoïed en die enigste wenas op die mark met 'n motorasempyp.* | R13 995.00 |
| C | **LED 9" Comet-bestuurlig**<br>*Vormgegote allooihulsels, met skokbestande polikarbonaatlense met metaalkleur poeierlaag.* | R3 395.00 *Elk* |
| D | **Deurskynende bestuurligdeksels**<br>*Splinterbestande polikarbonaat-lensdeksels.* | R250.00 *per stel* |
| E | **Kanttrap & relings**<br>*Gemaak van hoë gehalte staal, poeierlaagbedekking vir duursaamheid en op onderstel gemonteer vir sterkte.* | R10 885.00 |
| F | **Airforce Snorkel**<br>*Groter lugvloei na enjin, groter luginname, UV-bestand plus ingeboude reëndeflektor.* | R3 650.00 |
| G | **Veringstel**<br>*Volledige veringstel. Voor-, agter-laai-vering, Foam Cell PRO-skokbrekers, U-boute en borsels. *Sluit installasie uit* | R32 820.00 |
| H | **Dubbel "Swag"** L: 2100mm x W:1350mm x H: 800mm<br>**Enkel "Swag"** L: 2100mm x W:1350mm x H: 800mm<br>*Swaardiens, 320gsm-ripstop-seil, sluit in 7cm-digtheidmatras* | R6 795.00<br>R5 320.00 |
| I | **"Awning" Afdak**<br>*Heg aan jou dakrak en stel binne minute op. PVC-oortreksel, ripstopseil-afdak.* | R4 395.00 |
| J | **Sitplekoortreksels**<br>*510g-swaardiens 100% katoenseil, sluit in ekstra laag vir jou gerief.* | R4 620.00 |

www.ironman4x4.co.za | 011 634 7600

verby te steek of opdraandes in die hoogste rat baas te raak sonder om spoed te verloor nie.

Sy lae eerste rat laat jou toe om ure lank teen 'n kruipspoed te beweeg, en daar is oorgenoeg enjinkrag en -druk vir steil bulte en afdraandes. Die enjin is ook modern genoeg vir goeie brandstofverbruik – volgens die vervaardiger kyk jy na 'n gemiddelde verbruik van 7,9 ℓ/100 km (ons gekombineerde verbruik was net onder 10 ℓ/100 km).

Die vyfspoed- outomatiese ratkas doen goeie diens, en al is dit ook nie meer die modernste enjin-ratkas-kombinasie op die mark nie, skort daar met die Isuzu se ratkeuse op die pad of in die veld niks nie.

## Só ry hy

Sonder 'n vrag op die bak gee die Isuzu 'n tipiese bakkierit – effens stamperig dog skaflik. Dis 'n moderne ryding en hy gaan dus nie jou niere tot in jou keel laat bokspring nie, maar dis beslis ook nie die sagste rit wat 'n mens kry nie. Ons het nie die geleentheid gehad om hom met 'n vrag te toets nie, maar 'n paar honderd kilogram op die bak gaan die Isuzu se ritgehalte vermoedelik verbeter. Dis immers waarvoor dié ryding gemaak is.

In die kajuit is 'n mens deeglik bewus van die enjin, veral wanneer jy die toere moet jaag, maar darem nou nie só dat jy die radio moet harder sit nie.

Op grondpad voel dit na 'n stewiggeboude bakkie - vas op die pad teen spoed en in draaie. Maar wanneer jy ernstige veldwerk doen, is daar wel een of twee dinge wat pla. Hoewel die KB se grondvryhoogte van 220 mm heelwat minder is as die Hilux se 286 mm, vergelyk dit goed met die Amarok se 192 mm, die Mazda BT-50 se 205 mm en die Ford Ranger se 230 mm. Dit voel egter soms asof sy meganika op die verkeerde plekke uitsteek: Op 'n 4x4-hindernisbaan het die Isuzu 'n paar keer gestamp en geskraap waar 'n mens dit glad nie verwag nie en ons moes die rylyn baie sorgvuldig kies. Gelukkig is onderstelbeskerming standaard en jy hoef dus nie té bekommerd te wees as jy hier en daar 'n "klang"-geluid hoor nie. Die treeplanke lol ook wanneer jy ernstige hindernisse pak – dié moet jy liefs afhaal as jy lelike kliphindernisse wil aanpak.




**NUWE OU STAATMAKER (kloksgewys van bo).** Die opgeknapte Isuzu KB300 LX het mooi buffers, treeplanke, dagryligte, donker sierwiele, dakrelings en 'n chroomrolstaaf. Binnelangs is die ritrekenaar sowel as die vermaakstelsel opgedateer. Satellietnavigasie, 'n trukamera en Bluetooth is standaard. Onder die kap is daar dieselfde betroubare enjin, ratkas en taai onderstel waaraan Isuzu-eienaars gewoond is.







## In 'n neutedop

Die Isuzu KB het 'n reputasie as 'n taai werkesel sonder nonsens wat honderde harde kilometers op die klok kan vat. Die 2017-model doen dié reputasie gestand: Sy sleepvermoë is van die beste in sy klas (3 500 kg, met 'n lekker taai swaardienshaak) en sy dravermoë is meer as 'n ton.

Jy kan maar sê die Isuzu KB300 het meer asem gekry.

**Prys ....... R563 500**

# HOU JOU HILUX SE LUGOPNAME HOOG & DROOG

IRONMAN 4 X 4

Ironman 4x4 Airforce-snorkels is in Australië ontwerp en getoets om seker te maak dat lugopname hoog en droog is. Airforce-snorkels is 'n noodsaaklike element vir die 4-wielentoesias. Of jy nou 'n rivier of woestyn oorsteek, jy kan gerus voel dat jy die beskerming van 'n Ironman Airforce-snorkel het. Ironman Airforce-snorkels en –kop met rotasiehegting op presiese aluminiumvorms is ontwerp dat dit elke keer presies pas.

IRONMAN 4X4 AIRFORCE SNORKEL LIFETIME WARRANTY

- Groter lugvloei vir beter prestasie
- Groter lugopneemhoogte vir skoner lug en veiliger wateroorgange
- Poliëtileen van hoe gehalte (LLDPE)
- UV-bestand vir lang lewe




www.ironman4x4.co.za | 011 634 7600

# Voor in die koor met 'n agterbuffer

## *WegRy* se bakkieprojek gaan voort hier op *Weg Ry & Sleep* se blaaie. Vandeesmaand doen ons nog 'n belangrike veldrymodifikasie: 'n agterbuffer met 'n swaardienssleepstang.

Teks en foto's **Charles Thompson**

Ons het 'n paar maande gelede ontvangs geneem van 'n splinternuwe Mazda BT-50 3.2 4x4 SLE-bakkie (dubbelkajuit, outomaties) sodat ons hom op lang termyn kan toets.

En ons doen elke maand 'n nuwe veldrymodifikasie aan die Mazda en gesels oor die belangrikheid van die modifikasie, hoe en hoekom dit gedoen word, en hoeveel dit kos.

Die eerste modifikasie was 'n stel taai BF Goodrich T/A-bande, want die vervanging van 'n voertuig se standaardbande met behoorlike veldrybande is die heel eerste ding wat jy moet doen as jy vir die teer tot siens wil sê.

Oor die volgende twee maande vervang ons die bakkie se standaardbuffers met staalbuffers, en omdat die bakkie ook heelwat sleepwerk sal moet doen, begin ons sommer met die agterbuffer.

### Hoekom 'n nuwe buffer?

'n Staalagterbuffer is nie gemaak vir haastige minibustaxi's op jou stert nie. 'n Agterbuffer wat vir veldry ontwerp is, vervul 'n paar belangrike rolle: Eerstens is só 'n buffer aansienlik sterker as 'n gewone agterbuffer en daarom kan hy stampe, stote en skrape baie beter hanteer. 'n Goeie produk – soos die 4 mm-Ironman-staalbuffer wat ons opgesit het – bied ook beter kantbeskerming in die vorm van staalpype wat om die agterhoeke van die laaibak krul. Dan het hy boonop herwinningspunte waarmee jy die voertuig kan uitsleep as hy vassit, asook punte vir 'n hoogligdomkrag. En dan, seker die belangrikste: 'n Staalbuffer verbeter die vertrekhoek van jou voertuig sodat jy hoër bulte kan aandurf sonder dat jou voertuig se stert of sleephaak oor die klippe skraap.

### Werkswinkel toe

Johann "Tyres" Viljoen en sy bekwame span by 1st Alignment Centre in Stikland, Kaapstad, het die installasie gedoen.

Om die standaardbuffer en sleephaak te vervang word die elektriese drade ontkoppel en die hele eenheid verwyder. Die nuwe agterbuffer word dan, nes sy voorganger, stewig aan die onderstel van die bakkie vasgebout. Ironman se agterbuffer word spesiaal vir die Ford Ranger en Mazda BT-50 (die T6-modelle wat saam ontwikkel is) gebou en die buffer pas die bakkie dus soos 'n handskoen.

Dan word die parkeersensors in die ou buffer in die nuwe een gemonteer. Hiervoor moes Johann-hulle gate in die buffer boor, wat 'n uur of twee geverg het. Johan sê dié gate kan in die fabriek gemaak word – maak dus seker jou installeerder weet as jou voertuig parkeersensors het wat jy nie wil verloor nie. Maak ook sommer seker of jou voertuig 'n spesiale bedradingstring (*wiring loom*) of prop gaan nodig kry. Vir die BT-50 was dit nie, maar sommige voertuie se standaardstring en prop mag dalk lol met 'n nuwe buffer.

Laastens is die nuwe sleephaak opgesit. Die BT-50 se standaardhaak is 'n sterk produk wat 3 500 kg kan sleep en 'n afwaartse gewig van tot 300 kg kan dra. (Onthou net: Slegs 100 kg is toelaatbaar op ons paaie, hoewel jy in veldrytoestande meer kan laai, indien nodig).

Ironman se haak kan 'n afwaartse gewig van tot 350 kg op die bol vat en sy maksimumsleepgewig is ook 3 500 kg. En omdat die haak deel is van die buffer, is ons BT-50 se vertrekhoek nou aansienlik beter as wat dit voorheen was.

## Modifikasies tot dusver

| | |
|---|---|
| **Julie 2017** | |
| BFG-bande | R16 780 |
| **Augustus 2017** | |
| Ironman-staalagterbuffer | R10 885 (+ R1 083 vir installasie) |
| **Totaal** | R28 748 |

*Hierdie installasie is gedoen deur 1st Alignment Centre in Willowstraat 78, Bellville, Kaapstad. Bel hulle by ✆ 021 949 5041 of stuur e-pos na johann@1stcca.co.za*








26 & 27 Augustus 2017
The South African 4x4 & Outdoor Show
ZWARTKOPS
INTERNATIONAL WORLD OF MOTORING
OM TE DOEN - AKSIE
TOETSBESTUUR 4X4'S EN SPORTNUTS-VOERTUIE (SNV'S) GRATIS OP DIE BAAN.
SNV EN 4X4 OP GLYBAAN (DEUR JAGUAR LAND ROVER EXPERIENCE)
4X4-BAANERVARING (DEUR MAXXIS TYRES SUID-AFRIKA)
HELIKOPTERRITTE
MONSTERWA-SKOU EN -RITTE
YSLIKE AKSIE-ARENA
KAMEELRITTE EN -RESIES
KINDERSONE
SKIETBANE
4X4-"PARK & SHOW" -KOMPETISIE
SPA-MASSERINGS
BOETIEKBIERFEES EN MUSIEKOPVOERING
KOSSTALLETJIES
& VELE MEER
UITGESTAL EN TE KOOP
NUUTSTE 4X4'S EN SNV'S
4X4-SLEEPWAENS
4X4 WOON- EN KAMPWAENS
4X4 TOEBEHORE * BANDE * WIELDOPPE
SKOKBREKERS EN VERING * KAMPERING
VISVANG * JAG * MESSE* BOË
VELDRYFIETSE * ATV'S * KLERE
TONNEAU- EN HARDE BEDEKKINGS
GPS- EN SATELLIETFONE * BRAAI'S
RECOVERY KITS * TENTE * LED-STAWE
FLITSLIGTE * BOTE *
MINELAB-METAALVERKLIKKERS
VELE MEER
CRAFT BEER FESTIVAL
KOOP
VOORAF KAARTJIES BY COMPUTICKET
R120 P/VOLWASSENE (R150 @ HEK)
R50 P/KIND * R80 P/PENSIOENTREKKER
VOLG ONS
SOUTH AFRICAN 4X4 & OUTDOOR SHOW
Beeld
netwerk24.com
MHONDORO GAME LODGE
Pretoria FM
Computicket
the Ticket you can Trust
WWW.4X4OUTDOORSHOW.CO.ZA

# Volkswagen vat 6!

**Toe Volkswagen die Amarok bekend gestel het, het die Duitse vervaardiger opslae gemaak met een van die kleinste enjins in die bakkiemark. Sy nuwe Amarok laat egter die wenkbroue om 'n heel ander rede lig.**

Teks en foto's **Leon Botha**

Die eerste Amarok-dubbelkajuitbakkies met hulle 2 ℓ-dieselenjins is destyds met heelwat twyfel begroet. Dit was een van die kleinste dieselenjins in die bakkiemark en baie mense het gedink hy gaan nie die mas opkom nie, veral nie met 'n vrag of swaar sleepding nie. Maar hier is ons jare later en dié tweeliters draf steeds breëbors voor talle woonwaens en boswaens.

Vanjaar het die Duitse motorvervaardiger weer opslae gemaak met die Amarok. Dié slag is dit egter oor die enigste sessilinder-turbodieselenjin, nou amptelik die kragtigste masjien, in 'n Suid-Afrikaanse bakkie.

Die V6-turbodiesel in die nuwe Amarok is 'n beproefde enjin wat al lank diens doen in die Volkswagen Touareg, Audi Q7 én die Porsche Cayenne en Macan. Nie een ander bakkie op die plaaslike mark kan kers vashou vir sy allemintige 550 Nm wringkrag en tot 165 kW nie. Die V6-Amarok is nou ook amptelik die duurste bakkie op die mark, maar sy kraglewering is vir slepers pure bederf.




**Volkswagen Amarok 3.0 TDI 4Motion Highline**







## Die wenner van 'n dosyn

Met die toevoeging van die V6 is daar nou twaalf Amarok-modelle op die mark – drie van hulle met die sessilinderenjin. Al die 3 ℓ-modelle het heeltydse vierwielaandrywing (Volkswagen noem dit 4Motion) met 'n agtspoed- outomatiese ratkas. Luukshede verskil na gelang van die prys, maar jy kry dieselfde allemintige sleepvermoë van 3,3 t.

Die model wat ons getoets het, die 3.0 TDI Highline, is die goedkoopste van die drie. Hy kos R75 100 (12%) meer as die 2.0 TDI 4Motion Highline, maar gee jou 25% meer krag (165 kW teenoor 132 kW) en 30% meer wringkrag (550 Nm teenoor 420 Nm).




**SUBTIEL.** 'n Mens moet mooi kyk om te sien wat die verskille tussen die nuwe 3 ℓ en die ouer modelle is, maar die "V6" in die sierrooster verklap dit.



## Haak aan

Die agterbuffer is deel van die onderstel en verbind die twee agterste punte van die bakkie se leerraamonderstel. Die bolgedeelte van die haak bout aan dié dwars buis onder die buffer vas, wat beteken dit kan beswaarlik stewiger. Dit pas tussen twee L-vormige 12 mm-plate en lyk omtrent stewig genoeg om 'n trein te sleep!

Die bol self staan 51 cm bo die pad – 'n goeie kompromishoogte vir gewone woonwaens en boswaens. Die haak is wel van die gansneksoort, wat beteken jy kan nie 'n sakplaat byvoeg as jy dalk die bol se hoogte wil verstel nie.

Volkswagen gebruik 'n Westfaliastang met 'n D-waarde van 15,7 kN (1 601 kg). Dié waarde verwys nie na die stang se sleepvragvermoë nie, maar is eerder die spesifieke waarde wat vir die stang se vragtoets gebruik is. Die stang mag 'n maksimum vertikale gewig van 140 kg – die neusgewig van die wa – dra. Volkswagen beveel die swaarste moontlike neusgewig aan vir die beste padhouvermoë, maar ons wetgewing laat jou net tot 100 kg toe.

## Voor (op) die wa

Met 550 Nm beskikbaar is daar nie twyfel oor die Amarok se sleepvermoë nie. Die ratverhouding van die eerste rat is spesiaal ontwerp vir wegtrek met die oog op 4x4-toestande én vir woonwaslepers.

'n Mens jaag nie met 'n woonwa van verkeerslig tot verkeerslig nie, maar die versoeking is groot agter die stuur van dié meneer. Om te sê die Amarok druk jou in die sitplek vas soos jy wegtrek, is om dit sagkens te stel. Selfs met meer as 'n ton aan die haak moet jy net keer of jy sleep te vinnig. Nog voor jy jou oë uitvee, sit jy op 120 km/h en jy moet behoorlik die krane toedraai voor die spoedkameras begin flits.

Verbysteek is sonder enige moeite. Teen 80 km/h in die gewone >

outomatiese modus en op 'n gelyk pad draf die Amarok stroopsoet in agste teen 1 400 r.p.m. As jy dan wil verbysteek en die pedaal wegtrap, rat die enjin af na vierde, die toere skiet op na 4 000 r.p.m. en jy is binne 11,05 s verby teen 120 km/h en terug in jou baan.

In soortgelyke omstandighede in die sportmodus moet jy nóg harder klou, want dan neem dit net 8,9 s voor jy by die 120 km/h-merk moet keer.

'n Mens verstaan dus waarom Volkswagen 'n sleepspoed van net 80 km/h aanbeveel, met 100 km/h net vir uitsonderlike gevalle.

## Ek sien jou

Volkswagen se rekenaars is in baie gevalle ander vervaardigers ver vooruit. Selfs kleiner modelle soos die Caddy registreer wanneer jy 'n woonwa haak, wat beteken die trusensors raas nie wanneer jy terugstoot nie. Daar is selfs 'n diagram op die truskerm met 'n prentjie van 'n wa aan die kar gehaak.



**OOG OP DIE BOL.** Terwyl jy soos 'n koning sit en vorentoe kyk, wys die trukamera die beeld na agter wanneer jy terugstoot. Sodra jy haak, wys die rekenaarskerm hy weet daarvan. Die lens van die trukamera sit bo die nommerplaat.











Volkswagen het sy rekenaartegnologie nou nóg verder verfyn en die bakkie se alarmstelsel "weet" selfs as iemand aan die woonwa peuter. Wanneer jy die Amarok sluit (met die woonwa se ligteprop ingeprop) sal die alarm afgaan sodra iemand dit ontkoppel.

Die skynhoogte van die ligte kan ook verstel word, maar jy hoef dit nie te verstel met net twee mense voor in die Amarok nie. Met vyf mense in die voertuig (sonder 'n vrag op die bak) moet jy die eerste verstelling gebruik. Die tweede is met die bak vol vrag én 'n woonwa met 'n "ligte" neusgewig op die haak. Die derde verstelling is dieselfde as die tweede een, maar met die maksimum-woonwaneusgewig op die stang.

## As ons nou móét kla...

In die breë kan 'n mens nie fout vind met die nuwe Amarok nie, want dis 'n merkwaardige sleepvoertuig, stylvol en netjies afgewerk binne én buite. Wanneer 'n mens egter meer as R650 000 vir 'n ryding betaal, verwag jy darem dat die voorste sitplekke elektries verstel en nié met hefbome werk nie.



**Pieter Crous** het al met meer voertuie gesleep as wat hy somers agter die blad het. Dís wat hy dink.

### Pieter sê

"Ek hou nog altyd van die Amarok se voorkoms, en sy binneafwerking is van die beste onder die dubbelkajuitbakkies. Toe



> ’n Mens jaag ook nie van verkeerslig tot verkeerslig nie, maar jy kan jouself beswaarlik help agter die stuur.

die Amarok met sy 2 ℓ-enjin uitgekom het, het ek gedink die bakkie gaan nie die mas opkom nie; veral as dit by sleep kom. Maar tot vandag toe hoor ’n mens geen klagtes nie.

Nog voor ’n mens aan die gang kom, wil jy sommer net vir ’n oomblik sit en die mooi dreuning van die V6-dieselenjin geniet. Wanneer jy wel wegtrek, is die 3 ℓ se krag eenvoudig verstommend.

Die ratkas is besonder glad en die oorskakeling tussen ratte onmiddellik. Dis só glad ’n mens wil dink dis ’n dubbelkoppelaarratkas (die DSG, wat Volkswagen in baie van sy ander voertuie gebruik). Saam met die outomatiese ratkas het die V6-Amarok ook ratspane (*gear shift paddles*) agter die stuurwiel. As jy aan die spane raak, skakel die ratkas onmiddellik oor en ’n mens voel 100% in beheer.

Die binneafwerking is van die beste, maar ek het tog geringe kritiek: Volkswagen kan gerus die bottelhouers verbeter. Die twee holtes tussen die voorsitplekke het byvoorbeeld nie veerarmpies wat ’n smal blikkie of botteltjie mooi vasdruk as jy dit daarin sit nie.

Die rit is egter pure plesier. Al sit ’n mens hoog (soos in enige bakkie), het die Amarok omtrent geen bakrol nie, selfs nie met die woonwa teen ’n effens té vinnige spoed in draaie nie. Hy klou ook soos ’n neet in die draaie. Vir toetsdoeleindes (natuurlik net daarvoor!) het ek hom ’n bietjie getrap. Hy’t 120 km/h gemaklik teen ’n opdraande gehaal... en toe 140 km/h, en toe 147 km/h. Dié bakkie het werklik geen einde nie!

Die Amarok is ook slim geveer, want die rit is nie te hard óf sag nie; eerder net gemaklik.

Goedkoop is die 3 ℓ nie, maar ek sal die ekstra geld vir sy ekstra oemf betaal as ek dit het. Ná sewe jaar se sleeptoetse is dit ook die eerste keer dat ek geen fout kan vind met die outomatiese ratkas van ’n bakkie nie. Dis die lekkerste bakkie waarmee ek nóg gesleep het, met ’n mooi voorkoms, krag en gerief. Wat meer kan ’n mens vra? >



**ALLES IN EEN.** Die instrumentepaneel is ’n netjiese balans tussen die nuutste tegnologie en meer konvensionele meters. Dit het van analoë meters tot digitale skerms wat die navigasieskerm insluit.



## Die sleepding

**Fabrikaat** Armadillo
**Jaarmodel** 2017
**BVM** 1 800 kg
**Gelaaide gewig** 1 060 kg (geweeg gehaak aan die Amarok).
**Neusgewig** 95 kg

Weg Ry & Sleep *het die Armadillo-boswoonwa by Eko Veld Gear geleen. Bel vir Riaan Botha as jy die wa van nader wil bekyk.*
*021 981 5999 of 082 898 4339;*
*ekoveldgear.co.za*



## Voor jy jou beursie oopmaak

### Wat sê die boekie?

**Brandstof** Diesel
**Enjin** 2,973 ℓ
**Silinders** V6
**Krag** 165 kW @ 3 000-4 500 r.p.m.
**Wringkrag** 550 Nm @ 1 400-1 750 r.p.m.
**Ratkas** 8-spoed (outomaties) met sportmodus en tikratfunksie.
**Aandrywing** Heeltydse vierwielaandrywing met elektroniese sentrale ewenaar en meganiese ewenaarslot agter.
**Tarra** 2 053 kg
**BVM** 2 920 kg
**BKM** 6 000 kg
**Dravermoë** 867 kg
**Waaddiepte** 500 mm
**Sleepvermoë vir geremde sleepding** Tot 3 300 kg
**Afmetings** 5 254 mm (l); 1 954 mm (b); 1 834 mm (h)
**Wielbasis** 3 097 mm
**Spoorwydte** 1 666 mm (voor); 1 662 mm (agter)
**Grondvryhoogte** 237 mm (onder vooras)
**Brandstoftenk** 80 ℓ
**Prys (nuut)** Vanaf R665 700
**Prys (tweedehands)** Tweedehandse modelle is nog skaars.

### Vinnige feite

**Die sleephaak** Die haak is nie standaard nie en kos R1 580 ekstra plus R2 050 vir die harnas. Arbeid is uitgesluit en verskil van handelaar tot handelaar. Volkswagen laat 'n neusgewig van tot 130 kg toe, wat Suid-Afrika se wetlike voorskrif met 30 kg oorskry.

**Vering** Soos wat 'n mens van 'n bakkie verwag, is die agtervere taamlik stram. Dit het net 2 cm meegegee onder die 95 kg-neusgewig van die Armadillo.



## Die toets

**Afstand** 110 km
**Topspoed** 145 km/h (GPS)
**Gemiddelde spoed** 51,6 km/h (snelweë, dorps- en agterpaaie asook 'n matige pas).
**Rytyd** 2 uur en 7 minute.
**Weer** 17 °C, meestal sonnig en 'n 14 km/h-noordnoordwestewind.

**SLEEPPROFIEL**

Hoogte bo seespieël





**Wat sê die skaal?** 2 350 kg met die bestuurder in die Amarok, 'n vol tenk brandstof en die 95 kg-neusgewig van die Armadillo op die haak.

**Binneruimte** Die voorste sitplekke se hoogte kan verstel, maar vir 'n sesvoetmens is daar steeds 'n dwarshand se ruimte bo die kop. Agter raak 'n mens se knieë aan die sitplek voor jou met twee vingers bo jou kroontjie.

**Spoed** Die odometer is byna 100% akkuraat. As die odometer 100 km/h wys, sê die GPS jy draf teen 98 km/h.

**Brandstofverbruik** Vir dié grootte enjin kan 'n mens nie kla nie – 11,49 ℓ/100 km (8,7 km/ℓ). Die rekenaar se lesing verskil net effens: 12,5 ℓ/100 km (8 km/ℓ).

**Afwerking** Stylvol, duursaam en stewig. Die binneafwerking is donker- en liggrys met dowwe silwer stroke, asook blink swart plastiekdele onder meer op die stuurwiel.

**Ekstras** Dinge soos metaalverf kos R1 600, en 17"-vellings kos R7 000 en 19"-vellings R11 950.

**Ander Amarok-dubbelkajuitmodelle**

Buiten die nege 2 ℓ-dubbelkajuit-modelle en die toetsvoertuig is daar nog twee 3 ℓ-modelle:
**3.0 TDI 4Motion Highline Plus (outomaties)** R716 600;
**3.0 TDI 4Motion Extreme (outomaties)** R748 600.

***Weg Ry & Sleep* sê** Die wa moet vir die eerste 1 000 km wag sodat die enjin inloop. Eers daarna mag jy haak.





**DIE BIELIE.** Volkswagen laat 'n sleepvrag van tot 3,3 t toe.




## Van die mededingers
(dubbelkajuit, 4x4, diesel en outomaties)



450 Nm

Toyota Hilux 2.8 GD-6 Raider
**R573 500**



380 Nm

Isuzu KB300 D-TEQ LX
**R563 500**



470 Nm

Ford Ranger 3.2 TDCI Wildtrak
**R541 140**




# Pantserwa

## Eko Veld Gear is nog nuut in die boswawêreld, maar die aanvraag na hulle waens is al klaar groot.

Teks en foto's **Leon Botha**




'n Nuwe boswoonwa op die mark is altyd goeie nuus, want dit gee kopers 'n groter keuse. Én in 'n nuwe wa kan jy ook die meeste van die tyd 'n paar slim planne en nuwighede verwag.

'n Boswoonwa kan net op soveel maniere gebou word, en die geheim vir 'n gerieflike en praktiese wa lê in die uitleg en hoe alles inmekaar pas. Eko Veld Gear se Armadillo is goed uitgelê en het 'n hele paar ingeboude slimmighede.

Die pa-en-seun-vennote Fanie en Riaan Botha van Kaapstad het tot 'n jaar of wat gelede nog in die bou van bakkiekappies gespesialiseer, maar toe besluit hulle wil ook woonwaens bou.

Hulle Armadillo met sy gegalvaniseerde onderstel en romp wat grotendeels uit aluminium bestaan, het 'n hele paar nuutjies.

Ons het die heel eerste Armadillo in die fabriek in Brackenfell gaan haak, 'n wye draai met hom gesleep en in 'n klompie parke in die Karoo gaan afhaak.



## Bêrestut

Deesdae gebruik baie woonwabouers afswaaihoekstutte, wat 'n groot verbetering is op die tradisionele skêrsoort. Die afswaaistutte werk vinnig en maklik.

Jy slaan die poot af en hoef nie die heeltyd slinger te draai en te sukkel om die voet stadig tot op die grond te kry nie.

Die Armadillo het een stut op elke hoek en dit vou teen die bakwerk op.

Waar die hoekstut aan die bakwerk vasgebout is, is die handvatsel wat jy trek om die stut te laat afswaai. Nadat jy dit afgeswaai het, draai jy die poot die laaste entjie met die slinger uit.

'n Voet wat in die ry afswaai, kan groot probleme veroorsaak, maar Fanie-hulle het dubbel seker gemaak jy kry nie langs die pad moeilikheid nie.

Waar die agterste stutte teen die romp opvou, is 'n hakie aan die onderstel vasgesweis.

As jy die voet opgevou het, draai jy dit 'n entjie met die slinger uit. Dit skuif agter die hakie in en dan kan dit nêrens heen gaan nie.









## Bed met 'n plan

Die bed slaan uit die voorkant van die romp oor die disselboom plat, en jy moet dít doen voor jy die opwipdak kan lig. Wanneer dit toegevou is, staan die verste punt van die bed teen die opwipdak, met sy lippie wat oor die kant van die toe opwipdak pas.

Uit die meer as 100 waens wat ons al oor die jare getoets het, is hierdie een van die beste planne wat ons nog gesien het om te keer dat die opwipdak oopslaan terwyl jy ry.

Die bedgedeelte en die seil wat oor die bed span, is los van mekaar, en die een punt van die seil is aan die opwipdak vasgeheg. Oor die punt van die koppenent pas 'n los U-raam waaroor jy die seil trek. Aan die rand van die seil is 'n soom met rek wat jy by hakies onder die bed inhaak om dit te span.

Binne die Armadillo, op albei hoeke van die U-raam, pas 'n los verstelbare paal wat tot teen die opgeslane opwipdak verleng en waarmee jy die seil netjies oor die bed span. (In die nuwe Armadillo-modelle is die raam in die seil ingesoom en nie los nie.)

Die boseil oor die bedgedeelte span met ses los veerbelaaide staallatte en keer die son en reën van die seil bo die bed. Die bed is op sy beurt net groter as 'n dubbelbed en die gaasgedeeltes van die vensters in die seilkante kan heeltemal wegrits. >

## Voordeur agter

Die deur sit agter en maak soos sommige staldeure oop. Die boonste deel swaai na regs oop, terwyl die onderste helfte na jou toe platslaan en ook as die trap dien. Dit is 'n slim ontwerp, want die trap het nie rande nie en jy kan die sand wat met die inklimslag daarop beland, maklik na die kante toe afvee. 'n Mens kan ook met die trap-deur oop slaap sonder dat die goggas pla, want in die deur is 'n gaasnet wat wegrits.

Binne het die Armadillo 'n groot oop ruimte wat ook handig te pas kom wanneer jy sleep. Jy kan bonkige goed vir die kampplek maklik inlaai. Ons het twee groot bergfietse inge-pas sonder om hulle uitmekaar te haal, asook drie kampstoele en 'n ekstra matras. Hier is ook genoeg beweegruimte sodat jy kan afpak en -laai sonder dat jy die opwipdak hoef te lig.

Die opwipdak het drie knak-arms aan die binnekant – een by die deur en twee weerskante nader aan die voorpunt.











## Woonhuis

Binne, regs van die deur, is die hangkas met 'n klein ronde gesigwasbak bo-op die kas se blad. Die wa het 'n gasgeiser vir warm water.

Die battery en kragboks is in die onderste kas links van die deur, en teen die paneel aan hierdie kant is verskeie seilsakkies waarin jy enigiets van jou sokkies tot 'n boek en flits kan bêre. (In die nuwe modelle skuif die kragboks na buite, maar die battery staan steeds op dieselfde plek in die wa.)

Aan die bokant van die paneel is vier kassies langs mekaar, elk met 'n seildeurtjie voor.

Regs in die binneruim is die U-vormige bankie met sitplek vir drie. Onder elke sitplek is 'n kas met 'n los deksel – lekker pakplek vir dinge soos ekstra kussings en komberse. Bo die middelste sitplek slaan 'n tafelblad van 65 x 60 cm plat. Waar die tafel teen die paneel platslaan, slaan 'n groot venster met 'n opslaandeur in die romp oop (dit het gaas voor).

Die lig is in die dak bo die bed se voetenent gemonteer op 'n gemaklike hoogte van 77 cm. Jy moet wel die lig eers afsit voor jy jou lê kry, want die skakelaar sit by die lig. 'n Lig of selfs net 'n skakelaar by die koppenent sou sake veel makliker gemaak het. Die ander lig sit binne bo die deurkosyn.

In die nuwe waens is 'n smal trappie voor die bed ingesit sodat jy makliker in die kooi kan klim. Dié trap het 'n deksel; daaronder is nog 'n kassie. >









## Regs van die wa

Voor, net agter die disselboom en oorkant die ruimte waar die yskasglyraam aan die ander kant uitgly, is 'n kas.

Die inlyngasgeiser is aan die deur se binnekant vasgesit en die gasbottel vir die geiser staan langsaan in die kas. (In die nuwe Armadillo-waens is dit een van die bottels teen die agterkant van die wa.) In die kas is 'n rak waarin 'n sonpaneel plat inskuif, maar die paneel skuif na die dak in die nuwe modelle.

Agter in die sykant van die wa is 'n lang, smal kas waarin die buitestort geberê word. Jy slaan die stort uit dié kas uit op.












## Tuis in die kombuis

Die hele linkerkant buite is een groot kombuis. 'n Tamaai glyraam trek digby die A-raam uit met plek vir twee ys-vrieskaste asook twee eenplaatgasstowe. Die oopgeslaande deur van die glyraamkas en die uitgetrekte glyraam klik met knippe en hakies aan mekaar vas om alles stewig te hou – nóg 'n slim plan.

In die toetswa is die een gasbottel op die glyraamrak, maar in die nuwe modelle is twee gasbottels teen die agterkant van die wa vasgesit. Die laai vir al die eetgerei trek onder die glyraam uit en op die punt van die raam is nog 'n uittrekraam waarin die opvouopwasskottel en -skottelgoeddroograk pas. Die skottel en rak pas in hulle eie aparte raam hierin en jy lig dit met behulp van armpies op uit die hoofraam. (In die nuwer modelle is hierdie skottelgoedrak vervang met 'n laai wat hoër uittrek.)

Agter die twee stofies is 'n pottelaai wat kant toe oopmaak.

Die toetswa se kombuiskas bo die wiel het 'n deur wat boontoe oopmaak en as dakkie dien, met een wat na onder oopmaak en jou werkblad vorm. Die nuwe waens het 'n enkeldeur wat platslaan.

Die werkblad is net so slim soos die inklimtrappie. Dis van vlekvrye staal en het slegs aan die voorkant 'n randjie, wat beteken jy maak maklik skoon na die kante toe. Ander vervaardigers kan dit gerus maar oorweeg.

Die pakplek vir jou kruideniersware is in die romp agter die werkblad en bestaan uit verskillende groottes hokkies waarin jy enigiets van kosblikke en blikkieskos tot 'n paar bottels wyn kan inpas.

Die deur van die kleiner kas regs van die wiel slaan ook af en vorm nog 'n werkblad; hier is plek vir 'n 20 ℓ-mikrogolfoond.





## Vooraan

Die neuskas het weerskante 'n deur en bied meer as genoeg buitepakplek.

Aan die binnekant van albei die deure is 'n tol waarop jy 'n verlengkoord netjies kan rol. (Die tolle word nie op die nuwe waens geïnstalleer nie.)

Agter die kas is 'n koker met 'n deksel vir die tentpale, én hier is bêreplek vir die los kamptafel wat regop staan.





## Bo-oor

Die wa het 'n stoeptent wat soos 'n vlerk oor die kombuis en tot agter die wa span. Op die eerste modelle is die dakpunte met los pale gesteun, maar die pale is nou deel van die vlerk en slaan plat wanneer jy die vlerk sprei.




## Die tegniese goed

**Lengte** 4,5 m
**Breedte** 1,8 m
**Hoogte** 2,02 m
**Nokhoogte** 2,05 m
**Neusgewig** 95 kg
**Netto gewig** 1 080 kg
**Dravermoë** 720 kg
**BVM** 1 800 kg
**Prys** R233 700 (1 dubbelbed); R250 800 (2 dubbelbeddens)

**Plus**

- Die toegevoude bed wat die opwipdak toehou, is meer as 'n blink plan.
- Die kombuisblad met sy oop kante asook die inklimtrappie is prakties om skoon te hou.
- Die baie ruimte binne is bonuspakplek wanneer jy sleep.
- Die hoekstutte haak veilig in plek teen die romp wanneer hulle teruggeslaan is.

**Minus**

- 'n Lig by die bedkop sal help.

***Weg Ry & Sleep* sê** Faniehulle bou ook 'n Armadillo vir vier mense – dié het 'n ekstra bed wat uit die regterpaneel platslaan.

*Weg Ry & Sleep het die Armadillo vir die toetse by die vervaardigers geleen.*

### Handelaarsnetwerk

**Eko Veld Gear** is 'n vennootskap in Brackenfell, Kaapstad.
**Kontak** 021 981 5999 of 082 898 4339; info@ekoveldgear.co.za; ekoveldgear.co.za



# Geniet somer in die winter

**’n Mens hoef nie minder te kamp net omdat dit winter is nie. Veral nie as die KwaZulu-Natalse bos jou bestemming is nie.**

Teks en foto’s **Leon Botha**





Die langste nag en kortste dag van die jaar is verby, wat beteken die somer is op pad. Maar Augustus is steeds meer winter as somer. Vra maar enige kampeerder: As jy in die winter wil kamp asof dit somer is, is daar net een plek in die land en dit is die KwaZulu-Natalse kus.

Hluhluwe lê 270 km noord van Durban en 30 km binneland toe. Dié klein dorpie is meer bekend vir sy pynappels as sy kampplekke, maar as jy 'n besige strandoord dié tyd van die jaar wil vermy, is Hluhluwe die antwoord. (Terloops, dié tongknoper-Zoeloewoord, Hluhluwe, spreek 'n mens "shloeshloewê" uit.)

Die dorp lê langs die iSimangaliso-vleilandpark, en dis moeilik om die dag se weervoorspelling te glo as jy hier aankom: Kaapstad 8-15 °C, Pretoria 7-21 °C, Bloemfontein 2-20 °C… en Hluhluwe? 16-32 °C!

Met 'n T-hemp, kortbroek en plakkies saal ons dus vandeesmaand net buite Hluhluwe af. Ons kuier by twee gawe wildsplase, Bahati en Bonamanzi, en slaap ook 'n nag oor in iSimangaliso se Valsbaai-kampplek. >





BAHATI-WOONWAPARK-EN-WILDSPLAAS

## Mens én dier

Pynappellanderye lê links van die pad uitgestrek soos 'n mens Hluhluwe se hoofstraat amptelik by die eerste sirkel binnery. By die vierde sirkel op die reguit stuk pad van minder as 2 km is 'n mens al weer deur die dorp, waar die pad links na Sodwana afdraai. 'n Grondpad begin ook hier, maar draai regs af langs die treinspoor. Bahati is 4 km verder aan die regterkant van die pad.

Die eerste ding by kampplekke wat kan krap, is die badkamers. Gelukkig sien 'n mens deesdae al hoe meer kampplekke wat private badkamers bou – eie ablusiegeriewe vir elke staanplek. Bahati is een van hulle.

Vir só 'n nuwe plek – hulle het einde laasjaar oopgemaak – slaan hulle die spyker sommer van die begin af mooi op die kop. Nie net is die badkamergeriewe ordentlik nie, maar 'n mens kan ook kies of jy in jou eie hoekie in die bos wil kamp opslaan of meer in die oopte waar jy die geriewe deel.

Bahati is ook 'n wildsplaas, en buiten die elektriese heining om die stuk grond van 180 ha is die kampplek self nie afgeskort nie. Tussen jou en die wilde diere is dus geen skerm nie, en kort voor lank loop 'n duiker verby jou kampplek asof jy deel is van sy wêreld. Selfs twee njalabulle wei naby die kampplekke en 'n mens kry vir 'n oomblik kans om dié mooi bok van nader te sien.

### Kies uit 3

Ons daag sonder 'n bespreking by Bahati op. Die elektriese skuifhek is toe en op die hek staan die eienaar, Annelie Ihlenfeldt, se naam en foonnommer. Sy's gou op die dorp, verduidelik sy toe ons bel, "maar hou links direk ná die hek en volg die pad; bordjies wys vir jou die pad tot by die staanplekke," verduidelik sy.

Sy maak die hek met haar foon oop en ons ry op 'n lekker vasgetrapte sandpaadjie in. Die sandpad loop 200-300 m langs die draadheining af en swenk dan regs die bosse in. Al is die grondpad tot by Bahati meer as aanvaarbaar, is dit tog klipperig.

'n Mens kan uit drie soorte staanplekke kies: die A- en B-kamp, elk met soortgelyke staanplekke, en die en suite-staanplekke met private badkamers.

Dit lyk of nie 'n enkele boom in die slag gebly het met die bou van die A-kamp se ses staanplekke in die bos nie. Boonop is die hele kampplek toe onder 'n netjiese grasperk. (Te oordeel na al die blare is die meeste van die bome immergroen.)

Die staanplekke lê in 'n groot sirkel langs mekaar en is genommer, maar nie afgebaken nie. Dis ook ruim genoeg dat niemand teenaan mekaar hoef te staan nie. Hier is drie kragbokse (met gewone driepuntsokke) tussen die ses staanplekke, elk teen 'n rooi paaltjie vasgesit.

Die paar waterkrane is blou geverf met 'n geplaveide deel onder hulle sodat jy nie met modderspatsels teen jou skene sit as jy vinnig iets afspoel nie. Hier staan ook 'n paar los braaiers rond (met roosters).

Die badkamergebou is heel links – en met die natuur in die agterkop – gebou, want dit smelt saam met die omgewing.

Die afwerking wissel van rou sementwerk tot houtpaaltjies. Mans en vroue deel dieselfde twee klein afsonderlike badkamertjies, elk met 'n stort (mét 'n glasdeur), keramiekwasbak (op 'n betonblad) en toilet, asook 'n spieël. Die geriewe kan nie netjieser nie. Daar is 'n wasbak vir skottelgoed voor die badkamer en twee aparte toilette staan links van die gebou.

Die B-kamp is oorkant die pad en soortgelyk aan A, behalwe dat jy hier op sand kamp. Drie van die staanplekke het ook >











**BOK BOK STAAN STYF (kloksgewys van bo).** Die A-kamp se krane het plaveisel onder en oor die swembad se vlak kant is 'n skadunet gespan. Hier is 12 boksoorte op die plaas waaronder blesbokke en swartwildebeeste. Koop 'n pynappel in Hluhluwe by die vrugtesmouse langs die pad terwyl jy op pad is na Bahati. Die geriewe is stylvol gebou en afgewerk, en teen 'n muur van die en suite-staanplekke se kombuisgedeeltes is die skedel van 'n blouwildebees.









**STEL DIE STANDAARD.** Bahati stel 'n goeie voorbeeld met hulle netjiese en goed ingerigte badkamers. Van die geriewe word gedeel en party staanplekke het hulle eie.

'n afdak met 'n betonvloer langsaan – lekker as jy dit in die plek van die wa se stoeptent wil gebruik. Die badkamers is ook soortgelyk aan dié in die A-kamp.

Die swembad is 'n entjie verderaan langs die sandpad. Dis min of meer so groot soos 'n huisswembad en het gras rondom. 'n Skadunet is oor die vlak kant vir die jong klomp gespan, en hier is ook 'n paar oop grasdakgeboue as jy vir die kinders worsbroodjies in die koelte wil maak. As jy dalk vir die middag hier langs die swembad wil vleis braai, is hier braaiplekke met roosters.

Die vier en suite-staanplekke is in die bos net verby die swembad en só ingerig dat jy omtrent nie jou buurman sien nie. Elkeen van die staanplekke het twee geboue met 'n betonvloer. Onder die een afdak, waarvan twee kante toegebou is, is die kombuis met 'n wasbak en kaste, plus 'n tafel met vier stoele.

Die badkamer is op die een punt van die ander afdak. Die stort is ruim en die vertrek het ook 'n toilet en wasbak met 'n spieël in. Die dak van dié gebou strek 'n ent verby die vloer en is hoog genoeg sodat jy die woonwa tot teen die vloer kan trek.

'n Driepuntkragsok sit in die muur by die badkamer en 'n gemesselde braai met 'n rooster is op die ander punt van die afdak gebou.

## Maak 'n draai

Annelie maak later die middag 'n draai by ons staanplek om te hoor of alles in die haak is.

Sy sê 'n mens kan self op die plaas rondry om na die wild te gaan kyk.

"Jy sal nie verdwaal nie, want al die paadjies loop weer na die middel tot by die dam," sê sy terwyl sy hurk en met haar wysvinger 'n vierkant op die sand en 'n paar lyne tot in die middel trek.

"Jy gaan ook nie vassit nie. Ry van hier af verder met die sandpad tot waar jy langs die heining is – die wildgedeelte begin hier."

Op Bahati is 12 boksoorte, waarvan ons binne 'n uur sewe gesien het – van sebras en swart rooibokke tot die kameelperde en waterbokke.

## Kortliks | Bahati



**Kampplek** 16 ruim staanplekke in die bos (verdeel in 3 kampe) waarvan 4 'n private badkamer het.
**Ablusiegeriewe** Nuut, netjies en stylvol.
**Prys:** R120-R190 p.p.p.n. afhangend van die spesifieke staanplek (halfprys vir kinders).
**Aankoms- en vertrektyd** 2 nm. en 10 vm.

**Kontak** 072 190 0224; info@bahaticaravanpark.co.za; bahaticaravanpark.co.za
**Naaste dorp** Hluhluwe, 4 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 4 km is effens klipperig, maar jy kan 'n gewone wa hierop sleep. Die paadjies op die plaas is netjiese vasgetrapte sandpaaie.

**GPS** S28.059817 E32.278422

***Weg Ry & Sleep* sê** Bring jou bergfiets en trap van die uitgemerkte roetes.

BONAMANZI-WILDRESERVAAT

## Opgeblaas

Bonamanzi is 1,5 km verderaan met die grondpad van Bahati af – tot 'n mate is dit 'n groter weergawe van Bahati. Bonamanzi se kampplek het ook van gewone staanplekke tot dié met private badkamers, maar teenoor Bahati se 180 ha is Bonamanzi in die omgewing van 4 000 ha.

Hier is wel 'n groter verskeidenheid wild, en 'n mens sien dit duidelik wanneer jy voor die hek stilhou: Die waarskuwingsbord wys prentjies van onder meer 'n seekoei, buffel, olifant en renoster. Vier van die Groot Vyf loop hier rond, en net soos by Bahati is die kampplekke nie afgesper van die wild nie.

'n Breë sandpad loop 'n raps meer as 2 km die bosse in tot by die kantoor, en die netjiese grasdakgebou laat 'n mens aan 'n eksklusiewe lodge dink. Hier is 'n groot sirkel waar jy kan parkeer en met die wa weer kan omdraai, want die kampplek is 'n kilometer of drie verder. Die kantoorgebou gee 'n mens 'n indruk van weelde – soos jy die kantoordeur oopmaak, voel dit of jy die ontvangslokaal van 'n vyfsterhotel binnestap. Die groot wit toonbank met sy marmerblad staan aan die ander kant van die vertrek met sy blink teëls, en links teen die muur is 'n meneer van 'n buffeltrofee. 'n Meer beskeie Zoeloeskild hang teen die agterste muur. Op die toonbank lê 20-30 sleutels in 'n ry soos die ontvangsmense gereed maak om die besoekers vir die dag te ontvang.

Ons daag wéér op sonder om te bespreek, en die geluk is ook net-net aan ons kant: vanaand is hier nog beskikbare kampplek, maar môre is dit Vrydag en van dan af is Bonamanzi se kampplekke volbespreek vir die naweek. Dis nog 'n week voor die wintervakansie aanbreek, en te oordeel na die aantal kampeerders wat Bonamanzi ondersteun, is dit 'n gewilde plek.

Die ontvangsdame gee vir jou 'n gefotokopieerde kaart van die reservaat en merk met 'n viltpen die paadjie tot by die kampplek. Die kaart wys ook die paaie waar jy self mag ry om die wilde diere te soek – merendeels in die deel rondom die kampplek. Dit beteken 'n mens kan die grootste gedeelte van die reservaat nie self in jou eie voertuig verken nie. Gelukkig bied hulle wildritte aan en dis 'n goeie idee om daarvoor te bespreek terwyl jy hier staan. Die rit vertrek voor die kantoor, >






**ALLES BLINK!** Te oordeel na Bonamanzi se spoggerige kantoor en die netheid – selfs die rooster by jou braaiplek word geborsel – is lekker kamp jou voorland. Die meeste staanplekke het heerlike koelte met gras en die badkamers is sommer naby.









**KYK EN LUISTER.** Die private badkamers is eenvoudig en stylvol, maar vir meer ruimte kan jy nie vra nie. Al het Bonamanzi vier van die Groot Vyf, is dit nie alles nie, want 'n mens leer op die wildrit baie van die natuur wat jy nie voorheen geweet het nie.

kos R340 p.p. en daar moet 'n minimum van twee mense wees. Dit duur 'n uur en 'n half, maar vir R60 meer is die rit twee keer so lank.

## Maak 'n U-draai

Van die kantoor af is die kampplek 'n halwe kilometer terug op jou spoor tot waar die pad vurk en 'n mens links hou; die sandpad vernou ook hier. Dis egter steeds van so 'n aard dat jy met 'n gewone sedan en woonwa kan sleep sonder om vas te val. Teenoor Bahati se drie groepe kampplekke het Bonamanzi vier, met 'n totaal van 18 staanplekke in die bos. Die eerste vier staanplekke is 1,8 km van die vurk af en ook die plek waar die swembad vir kampeerders gebou is. Die volgende twee groepe staanplekke is 'n halwe kilometer verderaan en is langs mekaar uitgelê, terwyl die laaste groepie twee private staanplekke nog 'n entjie verder is.

Ons kry plek in die derde groep, die Oval-kamp. Dié ses staanplekke is in 'n sirkel om 'n reghoekige siersteengebou uitgelê met die rugkante teen die ruigtes. Elk van die ses staanplekke het 'n eie badkamer in die gebou, maar dis meer as net 'n wasplek: Dis twee vertrekke met die deur wat in 'n kombuisgedeelte oopmaak. Weer eens kan 'n mens aan die gehalte van die teëlwerk sien die eienaars het nie teruggehou nie. In die kombuiskant is 'n wasbak versink met 'n werkblad en die toilet, wasbak en storthokkie is langsaan. Die stortgordyn steek wel af teen die res van die afwerking, maar 'n mens kan nie kla oor die ruimte nie.



Elkeen van die staanplekke het 'n kol grond, maar die grootste deel van die kampterrein is met gras bedek en het heerlike koelte daarby. Elkeen het 'n eie gemesselde braaiplek en 'n mens kan sien Bonamanzi onderhou die staanplekke daagliks. Die rooster is van vlekvrye staal en is silwerskoon geborsel. Jou kragboks is vasgesit teen die paaltjie langs die braaiplek – dit werk ook met 'n gewone huissok en jy sit self die lig bo-op die paaltjies aan en af. Aan die kant van die boks is 'n blou woonwasok ingeval jy die prop wil gebruik. Die kraan staan hier, maar die mense in die kantoor waarsku teen die water wat dalk te souterig kan wees na party mense se smaak. Hulle verkoop drinkwater in die kantoor teen R1/ℓ. Die vullisdrom staan op die punt van die braaiplek en pas onder die blad in, maar as jy die deksel opsit, is dit te hoog, wat beteken dit moet langsaan staan.

Ons buurman kry sy wa reggetrek met sy woonwaskuiwer en parkeer die wa diagonaal oor sy staanplek. Hy dra twee kampstoele nader en slaan dit op sodat dit na die ruigtes wys, asof hulle gereed maak vir die bos-TV.

Die eerste groep staanplekke is effens ruimer as dié staanplekke maar verder dieselfde – daar's 'n badkamergebou in die middel en 'n private badkamer wat aan elke staanplek toegewys is.

Die tweede groep staanplekke, die Hlangana-kamp, het ses ekstraruim staanplekke, ook in 'n sirkel uitgelê. Al is die staanplekke langs mekaar, is daar struike en klein bome tussenin wat dit soos jou eie kamphok maak. Die koelte is voldoende en in die middel staan 'n groot koelteboom met vier braaiplekke onder dit asook 'n paar bankies en 'n vuurput.

Die badkamers is links met 'n aparte afdak langsaan vir die skottelgoed. Die badkamers se wit teëls lyk of dit uit die vorige era kom, maar die leiklipvloere is nuwer. Die storthokkies is ruim, maar het net 'n nat deel waar jy was en aantrek.

Die twee private staanplekke op die verste punt kan 'n mens twee bosstaanplekke noem. Jy het jou eie badkamer en kombuis asook braaiplek en krag, maar dis effens beknop en afgeleef. Die staanplekke lê ver van alles en almal af en hier is geen selfoonontvangs nie.

## Oor na die ander kant

Lee Pelser laai ons by die kantoor op vir die wildrit. Dié wêreld is só dig bebos dat die diere maar skaars is. Lee deel sy kennis, en dis só interessant 'n mens vergeet vir 'n oomblik van die diere.

Hy sê 80% van die reservaat bestaan uit 'n sandwoud met spesiale bome soos die lebombowattel. 'n Bloukopkoggelmander klou onderstebo aan 'n tak – dis volgens die Zoeloetradisie 'n teken van reën. Die lalapalm se vrugte is 'n lekkerny vir olifante, maar mense gebruik die neut om juweliersware te maak – dit word ook groente-ivoor genoem.

Ons ry tot op 'n bult van waar Lee vir ons die koorsboomwoud uitwys, en hou stil by 'n boom met verdikte dorings. Dis die ballondoring en miere maak hulle daarin tuis.

>

### Kortliks | Bonamanzi

**Kampplek** 18 staanplekke in die bos (in 4 kampe verdeel) waarvan 12 private badkamers het.
**Prys** R150-R250 p.p.p.n. vir minimum 2 mense afhangend van die staanplek en seisoen. (Hoogstens 6 mense per plek.)
**Aankoms- en vertrektyd** 2 nm. en 10 vm.
**Kontak** 083 634 0895 of 081 339 4181; info@bonamanzi.co.za; bonamanzi.co.za
**Naaste dorp** Hluhluwe, 5,5 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 5,5 km is effens klipperig. Die paaie in die reservaat is netjiese vasgetrapte sandpaaie.

**GPS** S28.072938 E32.285718

***Weg Ry & Sleep* sê** Bespreek eerder as jy hier wil kamp, want dis gewild.

VALSBAAI-KAMP (ISIMANGALISO-VLEILANDPARK)

## Wat het hier gebeur?

Die Valsbaai-kampplek is reg op die oewer van die St. Lucia-meer, 12 km anderkant Hluhluwe. Die netjiese teerpad loop nie net tot by die hek van die iSimangaliso-vleilandpark nie, maar 3 km verder tot by die kantoor. Sowat 100 m voor die kantoor maak die pad 'n T-aansluiting, maar kampeerders met 'n voorwielaangedrewe sleepvoertuig en 'n swaar woonwa moenie sommer net goedsmoeds hier links afdraai kantoor toe nie. Dis 'n steil afdraande van 40 m en boonop 'n stuk klipperige grondpad. Met die verkeerde kombinasie kom jy nie weer self hier uit nie. Aan die onderpunt staan hoeka 'n handgeskrewe bordjie: "GO. OUT. IN. FISRT. GEAR. PLEAS. THANKS."

'n Ry staanplekke staan hier links teen die meer af, met die kantoor regs. Op die eerste staanplek staan 'n ou Gypsey Caravette 5 en 'n paar visstokke regop teen 'n boom.

Hier is egter geen siel by die Caravette nie, en die radio speel asof die wêreld moet saam luister. Die woorde van die Welkombordjie voor die kantoor is op 'n stomp uitgekerf en met geel verf ingekleur, maar dié skilfer af.

iSimangaliso het van die mees idilliese kampbestemmings – plekke soos Sodwana, St. Lucia en Kaap Vidal, maar Valsbaai suig duidelik aan die agterspeen. Die uitstalsentrum langs die kantoor staan leeg en die glasskuifdeur is toegetrek. Die kantoor is ewe kaal en in die verste hoek hang 'n paar ou portrette van desjare se hengelaars met hulle pronkvisse. Die paar rakke teen die linkermuur is leeg, behalwe vir twee kleiner raampies, óók met ou foto's daarin.

Twee vriendelike ontvangsdames draf egter deur die papierwerk en 'n mens kan selfs met 'n kaart betaal as jy nie kontant by jou het nie. Jy kan ook self kies waar jy wil staan. Die vroue wil net weet of jy een staanplek met of sonder krag soek, want die tarief verskil.

### Diékant en daai kant

Buiten die ry van 12 staanplekke by die kantoor is daar nog 26 staanplekke aan die ander kant van die kantoor. Hierdie staanplekke is ook op 'n ry en teenaan die water. Waar 'n mens links by die T-aansluiting draai, swenk jy regs af na dié staanplekke. Diékant het darem nie 'n moeilike bultjie waarmee jy moet rekening hou nie.





Die staanplekke aan die kantoor se kant is 'n oop stuk grond, maar ook teen 'n skuinste wat in die rigting van die water loop. By elke staanplek is 'n paaltjie met 'n nommer op. Hier is net drie kragpunte (gewone huissok) naby die eerste, laaste en middelste staanplek – en so te sê geen koelte of gras nie. Die twee of drie gemesselde braaiplekke staan ente uitmekaar, maar van die roosters is skoonveld. Die eerste twee staanplekke is die gelykste en elkeen het 'n ordentlike koelteboom.

Die badkamers is net regs van die kantoor, en hier het 'n aalwyn al só hoog gegroei dit leun teen die geut van die gebou. Van die bome hiernaas het plastieknaambordjies wat besonder nuut lyk. Die teëlwerk in die badkamers is nog die oorspronklike wit vierkantige teëls, maar dis tyd vir opknap, want van die teëls het al afgeval. Net soos die badkamervloer is die storthokkie se vloer geverf, maar daar is net 'n nat gedeelte. Jy moet dus buite die hokkie aantrek as jy wil droog bly.

Die staanplekke aan die ander kant lyk omtrent dubbel so groot as die eerstes, en hier en daar is gras. Omtrent die helfte het koelte en van hulle het 'n helling. Die badkamers is regoor die middelste staanplekke en is soortgelyk aan die ander badkamers. Ons het net twee kragbokse gesien, ook by die middelste staanplekke, en hier is 'n handjie vol gemesselde braaiplekke met 'n rooster by van hulle.

### Sit en loop

Al sit 'n mens in die iSimangaliso-vleilandpark, kan jy nie die res van die park van hier af verken nie – die pad van die hek af loop dood teen Valsbaai. Hier is wel twee wandelpaaie, of jy kan hengel, maar moenie in die meer swem nie. Dis



seekoei-en-krokodilwêreld. Jy kan sommer van jou staanplek af die voëllewe geniet – sonder 'n verkyker. Die bontvisvangers hou die vlak water dop, die reiers vlieg amper bors teen die water na die volgende staanplek toe, en die duikers kom soos eskaders vliegtuie van die oorkant af oor jou staanplek gevlieg soos die son sak.

**MOOI EN JAMMER.** Op Valsbaai kamp jy in die natuur op die oewer van die St. Luciameer en dis die ene sielerus, maar van die geriewe kort aandag.



## Kortliks | Valsbaai-kamp

**Kampplek** 38 staanplekke in 'n ry teenaan die oewer van die St. Lucia-meer.
**Ablusiegeriewe** Skoon, maar nie op peil nie.
**Prys** R80 p.p.p.n. vir die staanplekke met krag; R70 vir dié daarsonder (halfprys vir kinders 3-12 jaar). Daar is ook 'n eenmalige hektarief van R45 p.p. (R30 vir kinders).
**Aankoms- en vertrektyd** 2 nm. en 10 vm.
**Kontak** ✆ 035 562 0425; thobile.ndlovu@kznwildlife.com; kznwildlife.com
**Naaste dorp** Hluhluwe, 15 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die kantoor.

**GPS** S27.979810 E32.354205

***Weg Ry & Sleep* sê** Dit maak nie saak of jy Tabard of Peaceful Sleep verkies nie; pak dit eerste in.

## Hiermee het ons gesleep | Fiat Fullback 2.5 Di-D SX

**Enjin** 2,477 ℓ (diesel)
**Krag** 100 kW
**Wringkrag** 324 Nm @ 2 000 r.p.m.
**Vering** Onder die 97,9 kg-neusgewig van die Echo Chobe wat ons gesleep het, het die stert met net 2,5 cm gesak.
**Brandstofverbruik (met woonwa):** 11,49 ℓ/100 km (8,7 km/ℓ). Dis bereken oor 1 193 km van Johannesburg na Hluhluwe en terug.
**Tarra** 1 755 kg
**BVM** 2 750 kg
**BKM** 4 160 kg
**Prys** R402 900

Die Fullback mag 'n vrag van tot 1 410 kg sleep, maar die haak self is gesertifiseer vir 1 145 kg met 'n neusgewig van 95 kg.

Soos wat 'n mens op baie bakkies sien, is die haak ook deel van die agterste buffer, wat op sy beurt 'n trappie vorm om van agter af op die bak te klim.

Die stang is 'n Mopar-produk wat Bosal vervaardig.

Die bol staan 48,5 cm bo die pad en die stang het 'n ingeboude sakplaat sodat jy die bol met 10 cm kan lig as dit te laag is vir jou wa.

Tans kan jy uit 8 Fullback-modelle kies.



# Bibberend in die Bergkoninkryk

**Jy hoef nie ver te soek na 'n gawe winterbestemming buite die landsgrense nie. Vat die pad Lesotho toe...**

Teks en foto's **Evan Naudé**



Aan die onderkant van die Sanipas staan ek in 'n kortmouhemp en sonbril. Dit is windstil en die lug wolkloos, selfs doer aan die bopunt van die kronkelende grondpadpas. Dit verwar 'n mens effens, want dit is Junie en jy het uit 'n ysige Kaapstad vertrek met die verwagting dat jy behoorlik gaan vries hier in die noorde. Maar wie weet: Dalk wag dit nog daar aan die bokant van die Drakensberg, waar die reis eintlik begin. Aan die bopunt van die pas sit die Lesotho-grenspos – van daar af gaan ek met 'n lang draai deur die land ry en soveel as moontlik van sy hoogtepunte probeer besoek. Tussen sneeu en ys deur, as dit moet.

### Sani is nog grondpad

Sedert 2014 al is daar sprake dat die Sanipas geteer gaan word. Ons was in 2015 laas hier, en toe was daar 'n paar stootskrapers aan 't werskaf op die pas, maar vandag is daar geen teken van bouwerk óf teer nie. En dit pas my, want Sani is sekerlik die mees ikoniese pas in Suid-Afrika en sy grondpadstatus maak die rit soveel opwindender. Dis die skouspelagtigste poort na Lesotho en daarom die beste manier om 'n besoek aan dié land af te skop.

Danksy die weer wat saamspeel en die bouwerk wat wel afgehandel is, is die rit teen die pas op vandag relatief maklik, en dit vat nie lank om tot by die bekende haarnaalddraaie heel bo te vorder nie. Hier klim ek uit vir 'n foto en voel dadelik die temperatuur is heelwat laer. Die pas klim immers meer as 1 300 m van begin tot einde, en waar ek nou in die skadu van die berg staan, smaak dit my die temperatuur val soos die hoogte styg. En wanneer ek 'n draai loop, kry ek 'n bevrore waterval langs die pad wat my vermoedens bevestig.

Met 'n Lesotho-stempel in my paspoort draai ek in by die Sani-berglodge en mik dadelik vir die kaggel binne langs die kroeg. Koffie en warm groentesop vir aandete is nou al wat my lyf soek.

### Suidwaards na Sehlabatebe

Voor sonop is ek uit die vere. Dis net ná 5 vm. toe ek vertrek na die Sehlabatebe-nasionale park, 200 km van Sani af. In Lesotho kan 200 km jou egter 'n dag vat om te ry, veral >









**WANNEER WATER OPHOU VLOEI.** Wanneer jy die bergpasse van Lesotho in die wintermaande verken, is die kans goed dat jy bevrore watervalle, soos dié een in die Sanipas, sal raakloop.

**GLADDE PAAIE.** Op die bergpasse moet jy ook op die uitkyk wees vir ys in die pad. Dit lyk soms net soos 'n nat kol, maar kan jou voertuig gevaarlik laat gly as jy nie versigtig is nie.

as jy grondpad vat. Die eerste 43 km noordwes op die A1 is 'n seepgladde teerlint danksy Chinese ingenieurs wat in die laaste paar jaar feitlik al die hoofroetes deur die land geteer het. Van die Chinese en hulle masjienerie wat in 2015 te sien was, is daar vandag geen teken nie.

Duskant Mokhotlong draai ek suidwes op 'n grondpad in die rigting van Thaba Tseka en mik verby Mashai na Sehonghong. Anderkant Sehonghong sit die son al hoog genoeg om die wêreld te laat ontdooi. Teen dié tyd het ek al ophou tel hoeveel berge ek in die afgelope paar uur op- en afgery het, maar daar is nog een groot pas tussen my en my bestemming: die Matebengpas. Dis 'n lekker steil pas, berug daarvoor dat jy dalk gaan moet pad bou ná stormreëns. Vandag kry ek hom in 'n redelik goeie toestand en dis gelukkig nie nodig om pad te bou nie, maar hoe hoër ek vorder, hoe klipperiger raak die steiltes.

## Pap bande en bevrore watervalle

In 'n stadium begin ek voel ek moet die bande nog afblaas voor ek die res van die pas uitry. Ek hou stil, sien ek staan op 'n lekker plek vir 'n foto, klim uit en begin kiek. Toe ek om die bakkie stap, sien ek die linkervoorwiel het homself al klaar begin afblaas, byna tot op die velling. Gelukkig lyk dit nie of ek ver gery het met die pap band nie – op die eerste paar foto's is die band nog styf, en hy is ook nie verwronge nie. Nou ja, tyd om die noodwiel uit te kry.

Dit sukkel effens so op jou eie op ongelyke grond, maar 'n halfuur of wat later is die noodwiel op. In totaal het byna 'n uur verlore gegaan, en ek is dankbaar ek het douvoordag weggespring.

Dit lyk of die westekant van die pas lanklaas in stand gehou is en waterskade het daartoe gelei dat dit plek-plek erg klipperig is. Laestrek help uiteindelik om met gemoedsrus tot op die kruin te vorder. Die oostekant van die pas – afdraande vir my – is in 'n beter toestand en die rit is gemakliker. Dele van die pas hier is in die skadu van die berg en jy sien stukkies sneeu en pragtige bevrore watervalle langs die pad. Al traan jou oë en jou vingers is spierwit van die koue, is die wêreld darem maar mooi.

### Die Ford kry 'n mank been

Teen die tyd dat ek by Sehlabatebe aankom, is dit te laat om die park te gaan verken – dit moet wag tot môre-oggend. In die park volg ek die grondpad oor die berg na die veldwagtershuisie (voorheen Jonathan's-lodge) en verken die indrukwekkende rotsformasies en wye grasvlaktes te voet. Ek was al een-keer vantevore hier, en toe was daar ook niemand anders in die park nie. Dis juis dié alleenheid in die berge wat die plek so spesiaal maak. Dis ook enige fotograaf se droom.

Skuins voor middagete – en met gans te veel landskapfoto's op my kamera se geheuekaart – val ek weer in die pad. Van Sehlabatebe af is die plan om oor Ramatseliso's Gate tot in Ha Mpite te ry van waar ek oor Seforong noordwaards op teer kan ry tot in Semonkong. Maar ek het skaars weggetrek of die noodlot >

**DIE HOOGSTE DOP.** As jy die hitte van die kaggel in die Sani -berglodge gaan soek, kan jy net sowel 'n Maluti-bier in die hoogste "pub" op die vasteland afsluk.

**TOETS JOU HOOGTEVREES.** Aan die bopunt van Sani kan jy die grondpas onder jou sien kronkel.






> En dis juis daardie gevoel van alleen in die berge wees wat hierdie plek vir my so spesiaal maak.





slaan wéér toe. Gelukkig ry ek onder 30 km/h toe 'n knal opklink, gevolg deur 'n skaafgeluid, 'n skudding in die bakkie en uiteindelik 'n harder slag wat die bakkie tot stilstand bring. Op dieselfde oomblik staar ek oopmond hoe die linkervoorwiel die reis na Semonkong op sy eie voortsit. Die wiel het los gekom!

Die aanvanklike gevoel van verwarring verander gou in een van frustrasie. Ek het die wiel tog ordentlik vasgedraai... Hoe op aarde gebeur dit dat die wiel 'n volle dag – en byna 60 km – later op rowwe terrein afkom? Nugter weet.

Gelukkig is ek nie te ver van die park se ingang af nie, en twee personeellede kom sit hand by saam met 'n skaapwagter of twee wat verbygestap gekom het.

Maar nou vat dit lank om die wiel om te ruil – as jy dit al in die veld moes doen, sal jy weet hoeveel moeiliker dit is vanweë die onvoorspelbare omstandighede. Lang storie kort: Dié slag vat dit twee domkragte, 'n knipmes, 'n stapel klippe en 'n paar ander geïmproviseerde *tools* om die wiel op te kry.

En omdat die eerste noodwiel ook 'n sny in die sywand gekry het, is my enigste opsie om met die Ford se oorspronklike noodwiel (een op 'n 16 duim-velling) verder te ry. Die ander wiele is 17 duim breed en ek hou maar teen 'n slakkepas van onder 40 km/h noordwaarts. Ek kom eers skuins voor tienuur die aand by die Semonkong-lodge aan.

## Gelapte tekkies in die plek van rook

Die volgende oggend gaan soek ek 'n werktuigkundige op die dorp om die band reg te maak wat op die Matebeng-pas 'n gat gekry het. By Thabong Tyre Service ontmoet ek vir Serame Serame wat met 'n frons na die bakkie kyk.

"What happened?" wil hy weet.

Ek verduidelik en wys vir hom die gat in die noodwiel.

Hy steek hy 'n sigaret aan: "No problem, I'll fix it."

So gesê, so gedaan. Met basiese gereedskap en heelwat vernuf herstel Serame gou die wiel met 'n *gator* en sit dit terug op die velling. Hy help my om die gelapte band in die plek van die kleiner noodwiel terug te sit. Ná middagete ry ek na die uitkykpunt oor die Maletsunyane-waterval buite die dorp. Die mis wat van hierdie 192 m hoë waterval af opstyg wanneer die rivier sterk vloei, is waar Semonkong sy naam vandaan kry: Semongkong beteken "plek van rook". Selfs nou, in die droë seisoen, is die uitsig skouspelagtig.

As die bandteëspoed nie so baie tyd gemors het nie, sou ek graag een van die Semonkong-lodge se ander aktiwiteite wou probeer – jy kan perdry of 'n stap- of 4x4-roete aandurf, óf selfs 200 m langs die waterval abseil – maar dit raak skemer en ek stoot aan na Ramabanta vir die nag.

## Amerikaners en Benoni-manne

Toe ek by die Ramabanta Trading Post inry, gooi 'n man en seun vir mekaar 'n regte bofbal, met daardie groot handskoene en al. Dis 'n toneel wat 'n mens in 'n fliek verwag; nié in Lesotho nie. Later vind ek uit hulle is deel van 'n Amerikaanse toergroep.







**IN DIE WYE OOPTES (bo).** Die Sehlabatebe- nasionale park is vol pratige sandsteenformasies en grotte (hooffoto) en die lodge se ligging is self iets besonders.

**HELP 'N BIETJIE.** Toe Evan 'n pap wiel gekry het was dit Serame Serame van Thabong Tyre Service in Semonkong wat uiteindelik tot sy redding gekom het met 'n hamer, ysterpaal en binnesool.

Aandete word voorgesit in 'n gemeenskaplike eetsaal wat byna volgesit word deur die Amerikaanse groep van 30 studente. Vanaand is daar 'n braaibuffet met varktjops, pap, wors en *trifle*. Die Amerikaners is luidrugtig, maar daar's ook 'n groep Benoni-manne in die eetsaal wat vanmiddag met hulle KTM-motorfietse hier opgedaag het en nou, aangevuur deur die kroeg en die rugby op die TV, ewe luidrugtig is.

Ek besluit om vroeg te gaan inkruip. Ek is nie eens gepla met *trifle* nie.

### Vra die 4x4-boffin

Ek ry deur Maseru, en dit duur omtrent die heeldag om wielmoere te kry soos dié wat ek verloor het, en om die wiele te balanseer en die sporing reg te kry. Die moere kry ek by 'n Chinees se onderdelewinkel wat deur veiligheidswagte bewaak word met haelgewere. Die wielsporing doen ek by >

## 5 moetsienplekke!

Met al sy agterpaaie kan jy Lesotho oor en oor besoek en elke keer nuwe plekke ontdek. Maar voor jy dit doen, gaan maak 'n draai by dié vyf uitsonderlike plekke in die Bergkoningkryk.

**1 MATEBENGPAS**
Hierdie pas is dalk nie so bekend soos Sani nie, maar hy is ewe skouspelagtig. Hier ry nie taxi's nie, en omdat dit nie goed in stand gehou word nie, kan jy maar sê dis 'n 4x4-roete op sy eie.
**GPS** S29.875253 E28.966253

**2 SEHLABATEBE- NASIONALE PARK**
Dié minder bekende park in die suidoostelike hoek van Lesotho is 'n ongerepte stukkie aarde met ongelooflike rotsformasies, wye grasvlaktes en pragtige uitsigte.
**GPS** S29.870045 E29.067555

**3 MALETSUNYANE-WATERVAL**
Dié waterval net buite Semonkong pryk op byna elke webtuiste of toergids oor Lesotho, maar geen foto kan die prag weergee nie.
**GPS** S29.868664 E28.051748

**4 KATSEDAM**
Die Katsedam is nie net 'n indrukwekkende stuk ingenieurswese nie, maar ook 'n noodsaaklike waterbron vir Suid-Afrika. Die damwal is die naasgrootste van sy soort in Afrika – jy kan 'n toer binne-in doen.
**GPS** S29.336966 E28.506169

**5 AFRISKI**
Het jy al in Afrika geski? Hier is jou kans! Buiten ski is daar ook 'n verskeidenheid ander aktiwiteite soos *bumboarding*, waar jy op 'n graaf teen die sneeuhelling afgly.
**GPS** S28.823098 E28.728121







**BERGAF (hooffoto).** As jy die Motengpas van bo na onder ry, moet jy seker maak jou remme is in 'n goeie toestand, want dit is een van Lesotho se steilste passe!

**PLEK VAN ROOK (bo).** By die Semonkong-lodge kan jy in 'n knus rondawel oorbly, en die Maletsunyane-waterval (regs) is net 'n kort ent daarvandaan.

'n Hi-Q wat deur 'n Filippyn bestuur word. Lesotho is meer internasionaal as wat 'n mens dink...

Ek slaap in Roma oor. By die Roma Trading Post ontmoet ek nóg 'n klompie buitelanders – 'n frisgeboude Hollander wat in die diamantbedryf werk, drie Amerikaners wat hier is om voetbrûe oor riviere te bou, en die oord se Suid-Afrikaanse bestuurder, Darol Howes, met sy Switserse meisie.

Darol is een van die stigterslede van Lesotho Sky, 'n jaarlikse bergfietsren van 372 km deur die land. In sy verkenningsdae vir dié resies (en die jare daarna), het hy baie tyd deurgebring op die agterpaaie saam met Lesotho se eie 4x4-legende, Ashley Thorn. Ashley het intussen afgetree, maar Darol is nou self 'n uitstekende bron van kennis as jy 'n goeie 4x4-uitdaging soek.

Ek vra hom uit oor die Bobbejaanspas. "Dis róf," antwoord hy. "Moenie verbaas wees as jy 'n dryfas verloor nie!"

Hy vertel sommige ouens moes selfs op die pas oorslaap omdat hulle dit nie in een dag kon baasraak nie. As jy hiervoor kans sien, hoor maar gerus by Darol hoe jy te werk moet gaan.

Vir my gaan dié pas maar moet wag tot 'n volgende keer.

## Tot weersiens

My volgende oorslaapplek is by die Katsedam, voor ek noordwaarts langs die dam op ry na Ha Lejone en dan met die Kao-mynpad tot by die T-aansluiting aan die bokant van die Tlaeengpas – teen 3 251 m die hoogste geteerde pad in Afrika. As jy hier regs draai, is dit sowat 115 km tot by die Sanipas, en as jy links draai, is jy binne 20 km by Afriski. Ek draai links.

Terwyl ek middagete eet in die Sky-restaurant, hou ek die spikkeltjies mense teen die wit sneeuhelling dop. Twee sneeuplankryers doen bollemakiesies soos hulle afkom; aan die oorkant maak 'n beginnerskiër se sitvlak herhaaldelik kennis met die ys; en in die middel teen 'n helling gly 'n groep grootmense sit-sit op plastiekgrawe af.

Ek slaap 'n laaste aand oor by die New Oxbow-lodge voor ek met die indrukwekkende Motengpas na die weste toe afsak. Ek is bly ek ry hierdie uiters steil pas áf en nie op nie, want ek kom nie minder nie as drie vragmotors teë wat halfpad boontoe moes tou opgooi en met klippe agter die wiele die pad vol staan.

Ek ry nie teerpad na 'n oostelike



grenspos soos Fouriesburg of Maseru nie, maar op 'n grondpad noord tot waar 'n bord aandui: Manontsa. Hierdie pad loop al met die grens langs na die Monontsapas-grenspos.

Ek voel 'n kronkelende, klipperige grondpad deur die berge is 'n gepaste manier om Lesotho te groet. En dan, wanneer ek deur die Lesotho-grenspos is, klim die pad steil teen die berg uit.

"Welcome back," sê die beampte met die pers vingernaels wanneer sy my paspoort stempel.

Nou toe, Lesotho, dink ek as die goue sandsteenkranse van Golden Gate my in die Vrystaat verwelkom, vir jou sien ek binnekort weer.

## Ry dié roetes!

As Lesotho se talle grondpadpasse nie vir jou genoeg van 'n 4x4-uitdaging is nie, is daar ook verskeie plekke waar jy dagroetes kan ry.

**SEMONKONG-LODGE**
By dié lodge kan jy 'n kaart kry met aanwysings van 'n aantal 4x4-roetes in die gebied. Dit wissel van rustige uitstappies tot dag lange hardebaardroetes. Die lodge bied 'n twee uur lange 4x4-uitstappie aan teen R250 p.p. of jy kan 'n plaaslike gids huur om saam met jou in jou voertuig te ry.
**Kontak** semonkonglodge.com/activities/4x4-routes/

**RAMABANTA TRADING POST**
Ramabanta Trading Post is gewild onder diegene wat die berugte Bobbejaanspas wil aandurf, want die lodge is só naby dat jy die pas van die stoep af kan sien. Daar is darem ook makker roetes in die gebied.
**Kontak** http://tradingpost.co.za; 00 266 5843 9958

**ROMA TRADING POST**
Hier is verskeie roetes – van rustige gesinsuitstappies tot uitdagende dagroetes. Die bestuurder van Roma Trading Post, Darol Howes, is 'n uitstekende bron van kennis oor 4x4-roetes in die gebied en kan help met raad, toerbeplanning en gidse.
**Kontak** tradingpostlodge.com; darol@lesothosky.com

**AFRISKI**
Van hier af kan jy van maklike halfdagroetes tot taai voldagroetes na plekke soos die Katsedam, Mont Aux Sources, die Letselepas en Mokhotlong doen. Van die roetes sluit waterkruisings in, en as Lesotho sneeu kry, is dit gewoonlik rondom Afriksi – bring dus maar jou sneeukettings!
**Kontak** afriski.net/Home/Activ

>



Evan het manalleen en dikwels op verafgeleë plekke sonder enige selfoonontvangs gery.

Hy het 'n IsatPhone2-satellietfoon van Zippisat saamgevat om kontak met die buitewêreld te behou.

**Kontak** ✆ 072 7676 578; ✉ info@zippisat.com

## Ek wil ook gaan!

**Watter soort voertuig?**
As jy dié roete wil ry, het jy 'n 4x4 met 'n goeie grondvryhoogte en laestrek nodig. Bring ook 'n ekstra noodwiel, 'n banddrukmeter, kompressor en jou herwinningstoerusting saam.
**Wat het ek op die grens nodig?**
Jou paspoort (Suid-Afrikaners het nie 'n visum nodig nie) en jou voertuig se registrasiedokumente. As die voertuig nie in jou naam is nie, bring 'n toestemmingsbrief van die bank of huurmaatskappy saam.
**Is brandstof geredelik beskikbaar?**
Ja, daar is vulstasies met petrol en 50 ppm-diesel in Semonkong, Roma, Maseru en Butha Buthe.
**Kaart of kontant?**
Op die dorpe is daar kitsbanke, maar bring genoeg kontant saam om vir jou verblyf of kos te betaal in afgeleë gebiede, want baie plekke het nie kaartgeriewe nie óf die ontvangs of elektrisiteit is wisselvallig.

## Waar het ons gebly?

**Sani-berglodge.** Hier is rondawels, 'n *backpackers* en kampplek. Daar is ook 'n restaurant en kroeg. ✆ 078 634 7496
**Sehlabatebe- nasionale park.** Tans is hier net blyplek vir 5 mense in 2 selfsorgrondawels. Daar is 'n toegeruste kombuis, badkamer en elektrisiteit. ✆ 00 266 6386 8034 (Sefali Lesasana – los 'n boodskap as hy nie antwoord nie.)
**Semonkong-lodge.** Rondawels, 'n *backpackers* en kampplek. Daar is 'n restaurant en kroeg. ✆ 00 266 2700 6037 of ✆ 00 266 6202 1021
**Ramabanta Trading Post.** Rondawels, selfsorgkamers en kampering. Besprekings: ✆ 00266 2231 2238 of ✉ tradingpostram@leo.co.ls.
**Roma Trading Post.** Selfsorgrondawels, rugsakblyplek en kampplek. ✆ 00 266 5024 5001; ✉ roma@tradingpostlodge.com
**Katse-lodge.** Selfsorghuise, kamers en kampplek. ✉ katse-accommodation.com
**New Oxbow-lodge.** En suite-kamers, 'n restaurant en kroeg. ✆ 051 933 2247; ✉ oxbowski@kingsley.co.za

## Die Ranger se spesifikasies | 2014 Ford Ranger 3.2 (diesel)

| | |
|---|---|
| Volledige Tough Dog-vering | Vanaf R25 000 |
| OL-bosbreker | R19 995 |
| VRS 9 500 lbs- wenas | R12 495 |
| VRS-herwinningstel | R4 995 |
| InterVolt-dubbelbatterystelsel | R6 495 |
| Lightforce HTX DL 230-ryligte (bedradingsharnas ingesluit) | R26 885 |
| Bridgestone Dueler-bande | R4 477 elk |
| Rhinoman-kappie | Vanaf R24 350 |
| Front Runner-dakrak | R7 570 |
| Flexo Power-120 W-sonkragpaneel | R6 790 |
| Snomaster-52 ℓ-dubbeldeuryskas | R9 995 |
| Safari-snorkel (installasie uitgesluit) | R3 999 |
| Outback Extreme-agterbuffer | Vanaf R11 975 |




www.goldwagen.com
HELLA
ONS SAL U
PAD VERLIG
GOLDWAGEN
Besoek u naaste Goldwagen
tak vir al u HELLA & BILSTEIN
benodighede
HELLA
Die Suid-Afrikaanse
grond paaie
beveel aan:
Bilstein B6 & B8 Offroad
Bilstein B6 & B8 Offroad
Beste prestasie vir enige terrein bestuur.
• Beter optrede reserwes en langer diens lewering, selfs wanneer sleepwaens gesleep word en off road bestuur word
• Optimum traksie en verbeterde padhou vermoe
• Merkbare verbeterde veiligheid sonder enige additionele spring veranderings
• Mono-buis gasdruk skokbreker
• Vervaardig in Duitsland
www.bilstein.com
BILSTEIN

# Laat die wild na jóú toe kom



**Soms voel 'n mens nie lus om agter olifante, renosters en leeus aan te ry nie; jy wil net rustig sit en wag dat die wild hulle dors kom les. Op sulke dae moet jy jou by een van dié watergate gaan tuismaak.**



FOTO LEON BOTHA

# 1 Maloutswa, Mapungubwe-nasionale park, Limpopo

Die dierelewe by die Maloutswa-watergat is byna te goed om waar te wees. Dit is asof Mapungubwe se eie werklikheids-TV-reeks voor jou afspeel wanneer jy jou sit in die skuiling gekry en die verkyker se lensdoppies afgehaal het.

Die olifante is die sterre in dié geweste, met hordes van hulle wat kom drink. By tye is hulle só naby aan die skuiling dat dit amper voel jy kan aan hulle vat.

Die byspelers is verskeie spesies soos rooibokke, vlakvarke, sebras, blouwildebeeste, blouapies, kolganse, bruinslangarende… noem maar op.

’n Mens kan ure lank hier sit en foto’s neem, of sommer net kýk. Die diere kom en gaan en daar is gewoonlik aksie. Veral die olifante wat kom afkoel, is ’n gesig – die blink modder op hulle logge lyf lyk soos silwer spuitverf!

As jy hierheen sleep, is die Mazhou-kampterrein jou enigste opsie om jou wa staan te maak. Maar dis glad nie ’n slegte ding nie; trouens, dit is iets wat jy op jou kamplysie móét sit as jy nog nie hier was nie. Mazhou is ’n paar minute se ry van die Maloutswa-watergat af en die tien staanplekke hier is in ’n sirkel rondom die badkamergebou uitgelê. Jy staan op ’n skoon kol in die bos en kry jou eie kraan, kragpunt (gewone huissok), lig en vullisdrom. Jy kry ook ’n los staalbraaier wat jy kan skuif na waar jy hom op jou staanplek wil hê.

**Kontak** ✆ 015 534 2014 of 012 428 9111 (Sanparke- sentrale besprekings); reservations@sanparks.org
**GPS** S22.243305 E29.400607

>

FOTO'S CHARLES THOMPSON

## 2 Nyamandhlovu-platform, Hwange- nasionale park, Zimbabwe

As dit jou droom is om jou kamera se driepoot staan te maak en kiekies van een van die grootste olifantbevolkings ter wêreld te neem, moet jy die Hwange- nasionale park in Zimbabwe op jou emmerskoplys skryf.

En as jy eers hier is, moet jy koers kies na die Nyamandhlovu-platform wat oor die Nyamandhlovupan kyk.

Ja, Zimbabwe het sy probleme en omstredenheid en Hwange haal soms die nuus om al die verkeerde redes (stropers het 'n klompie jaar terug meer as 100 olifante hier vergiftig én 'n Amerikaanse tandarts het Cecil, die leeu, hier geskiet). In Junie is wéér 'n paar olifante vergiftig, maar met ons besoek verlede jaar was dit duidelik dinge is tog aan die verander. Die nasionale parkeraad en die reservaat se personeel is aan't woeker en hier is tekens van lewe.

Hier is meer diere, die padnetwerk kry aandag en verskeie kampterreine word opgeknap.

Die Nyamandhlovupan is 'n watergat wat danksy water wat hierheen gepomp word, standhoudend.

En op die platform het jy die beste uitsig oor die water: Hou jou oë oop vir meer as 100 wildspesies – waaronder gesonde troppe van die skaars wildehond, swartwitpense, leeus, jagluiperds en luiperds – en digby 400 voëlsoorte.

Hier is meer as genoeg opsies vir jou verblyf, met verskeie kampeerplekke, selfsorgchalets en kothuise. Hier is ook 'n kroeg, restaurant, vulstasie en klein supermark.



**Kontak** ✆ 00 263 4706 077; zimparks.org
**GPS** S18.775500 E26.888987



## 3 Mankwedam, Pilanesberg-nasionale park, Noordwes

Die Pilanesberg- nasionale park is naby genoeg dat Gautengers 'n kosmandjie, koffiefles en verkyker kan gryp en vir die dag hierheen kan deurskiet.

Die beamptes by die ingangshekke verkoop boekies met inligting oor die reservaat, roetes wat jy kan ry en 'n lys van die diere wat jy kan sien. Skaf vir jou een aan en hou hom sommer byderhand, want jy gaan feitlik onmiddellik jou eerste regmerkies langs die dierename kan maak. Binne skaars 10 minute het die bekende vaalgrys lyf van 'n witrenoster verby ons gedraf.

Soek ook sommer dadelik op die kaart na die Mankwedam as jy honger is vir wildkyk. Dis die grootste stuk water in die reservaat, omtrent in die middel van die park, en 'n magneet vir mens én dier. Draai naby die dam af op die Hippo-luspad wat jou tot byna teenaan die water sal neem. In teenstelling met die netjiese grootpad tot hier is dié paadjie besaai met slaggate; kyk dus mooi waar jy ry.

Aan die teenoorgestelde kant van die dam neem 'n netjies toegeboude houtdekpaadjie jou van die oewer van die dam af tot naby 'n paar dooie bome in die water. Dis 'n gunstelingplek vir voëlkykers wat met hulle kameras en lang lense hier kom vergader.



FOTO'S LEON BOTHA

Om die reservaat met 'n dieretuin te vergelyk is nie vergesog nie. Die bospatryse hier in die parkeerterrein is só mak dit lyk of hulle nader staan om jou 'n bietjie beter te leer ken.

As jy vir langer as 'n dag wil bly, kan jy by die nabygeleë Manyane- of Bakgatlakamp in 'n selfsorgeenheid gaan inboek óf gaan kamp opslaan.

**Kontak** ✆ 014 555 1000/1;
reservations@goldenleopardresorts.co.za;
goldenleopardresorts.co.za
**GPS** S25.254479 E27.219679

>



FOTO'S LEON BOTHA



## 4 Hapoordam, Addo-olifant-nasionale park, Oos-Kaap

Die hoofrede waarom jy hierheen kom, is om die grootste landdier in sy volle glorie te sien. Merk die Hapoordam op jou kaart, want dis die bymekaarkomplek van die grootvoete. Jy ry 'n kilometer anderkant die kampterrein se ontvangskantoor by die wildgebied se hek in, en die dam is dan sowat 11 km verder.

Hapoor was 'n raps meer as twintig jaar as't ware die hoofman van Addo se olifante, maar die jonger bulle het hom uiteindelik uitgeskop en hy het uit die park gedros. (Sy hapoor het hy in 'n skietery in sy jonger dae gekry, en ná sy drostery moes hy uiteindelik van kant gemaak word.)

Dit lyk soms soos 'n olifantreünie of -streeksaamtrek – 'n mens sien maklik tot 200 op 'n slag. Geen foto kan die gevoel vasvang wat jy kry as jy een in lewende lywe sien nie, maar hier by die dam beleef jy dit wanneer 'n 5 t-olifantbul reg by jou oop karvenster verby stap.

By Addo se kampterrein kan jy kies uit een van 12 klein tentstaanplekke met min koelte of 21 ruim woonwaplekke met heelwat koelte. En as jy nie lus het om al die pad Hapoordam toe te ry nie, kan jy afstap tot by die Nyati-watergat langs die kampterrein. Hier sien jy ook meer as genoeg olifante.

**Kontak** 042 233 8600; addoenquiries@sanparks.org; addoelephant.com
**GPS** S33.443921 E25.745697



FOTO'S VILLIERS STEYN



## 5 Sable-voëlskuiling, Krugerwildtuin, Limpopo

Die Sable-voëlskuiling is sowat 10 km van die Kruger se Phalaborwahek af, en jy kom klop hier aan vir 'n ongeëwenaarde wildkyk- en oornagervaring.

Bedags is dié groot skuiling nie veel anders as enige ander in die wildtuin nie. Dis nou afgesien van die voëlkykers wat met hulle verkykers hier soek na spesies soos die oopbekooievaar, swartkopreier, grootlangtoon, lepelaar, rietduiker en die slanghalsvoël.

Snags kan jy die skuiling in jou eie oornagplek omskep. Kuier en slaap hier terwyl die seekoeie in die Sabledam se water nurk en die leeus en olifante kom suip. Hou ook jou oë gespits vir hiënas en wildehonde.

Dis amper onmoontlik om in die Kruger nader aan die natuur te slaap.

Jou bed – een van nege – staan deur die dag regop teen die agterste muur van die skuiling, maar vanaand, 'n halfuur vóór die hek sluit, kan jy jou kooi afslaan en hom solank opmaak.

Onthou net, môreoggend moet jy 30 minute nadat die hek oopgemaak het, jou slaapplek begin opslaan. Jy wil nie hê vreemdelinge moet jou in die vere betrap as hulle die waterhoender kom soek nie.



Agter die skuiling is 'n plek om vleis te braai, maar jy moet jou eie hout bring.

Wat ablusiegeriewe betref, is hier 'n toilet, maar nie 'n stort nie. Jy kan darem jou gesig in die wasbak was.

Jy reël jou verblyf by die Phalaborwahek en jy kry ook jou beddegoed, muskietnette, borde, bekers, eetgerei en dies meer daar wanneer jy inboek. Dit kos R670 p.n. vir 2 mense en daarna R310 p.p.p.n.

**Kontak** ✆ 013 735 3547/8; 🖱 sanparks.org
**GPS** S23.939401 E31.239382 >

FOTO RACHEL BRAND

# 6 Okaukuejo, Etosha-nasionale park, Namibië

Die Okaukuejo-ruskamp lê 17 km van die Andersonhek af. Hier kan jy jou sit kry langs een van die gewildste watergate op ons deel van die vasteland – in die winter- of herfsmaande is dit veilig om te sê dit krioel van die wild. Leeus, olifante, renosters, kameelperde, sebras, springbokke, elande, jakkalse en selfs 'n parmantige ratel kom drink hier vlak voor jou oë.

Snags word die watergat met spreiligte verlig en dit is dan 'n goeie tyd om jou lang lens te bring en te kyk of jy nie dalk 'n swartrenoster kan kiek nie. Die mense wat weet, sê dié watergat is een van die beste plekke in Afrika om dié bedreigde spesie van nader te beskou.

Langs die watergat is 'n groot kennisgewingbord met die woorde "When there's 'nothing' to see", met 'n lys van voëls en insekte wat ook in en om die watergat voorkom.

'n Mens is effens verstom dat daar tye is wat die groter wild nie hulle opwagting by die water maak nie... tot jy met iemand gesels wat in die reënseisoen hier kom sit het.

Dan is daar genoeg water in die veld en die diere vermy meerendeels die watergat. Sorg dus dat jou tydsberekening reg is.

Hier is chalets en kamers om die watergat en reg agter dit 'n kampterrein van Namibia Wildlife Resorts.

**Kontak** 00 264 67 229 800; nwr.com.na; reservations@ nwr.com.na
**GPS** S22.243305 E29.400607

> Die mense wat weet, sê dié watergat is een van die beste plekke in Afrika om dié bedreigde spesie van nader te beskou.



LA SPORT
4WD MEGASTORES

# SERIOUS 4WD EQUIPMENT

LAS
4WD ACCESSORIES

**www.lasport.co.za** FOLLOW LA SPORT 4WD MEGASTORES

## FORD RANGER




## TOYOTA LAND CRUISER




## TOYOTA HILUX REVO




## TOYOTA HILUX VIGO




## NISSAN NAVARA




## ISUZU




## SKAKEL HOOFKANTOOR VIR LAS HANDELAARS GELEENTHEDE

| | |
|---|---|
| **LA SPORT HEAD OFFICE** | Tel: +27 (0) 12 808 9951/2 |
| **LA SPORT EASTERN CAPE** | Tel: +27 (0) 41 581 4306 |
| **LA SPORT GARDEN ROUTE** | Tel: +27 (0) 44 878 2111 |
| **LA SPORT NELSPRUIT** | Tel: +27 (0) 13 752 7077 |
| **LA SPORT NEW CASTLE** | Tel: +27 (0) 83 327 7233 |
| **LA SPORT PRETORIA** | Tel: +27 (0) 12 329 4515/6 |
| **LA SPORT SWAKOPMUND** | Tel: +264 (00) 64 403022 |
| **LA SPORT WEST RAND** | Tel: +27 (0) 11 768 1678 |
| **LA SPORT WINDHOEK** | Tel: +264 (00) 61 303709 |
| **LA SPORT ZAMBIA** | Tel: +26 (0) 97 586 9007 |
| **LA SPORT ZULU** | Tel: +27 (0) 35 789 5918 |

# Fyn, pikkewyn!

**Haak vir die naweek af by die klein Millers Point-woonwapark, kyk pikkewyne en walvisse, maak ’n draai by Kaappunt en koop vars snoek vir die rooster.**

Teks en foto’s **Dirk Kok**






Halfpad tussen die vlootdorp Simonstad en Kaappunt lê die Millers Point-woonwapark aan die Valsbaaise kus.

Hier op jou staanplek, teen ’n hang reg bo die see, kyk jy ver en wyd oor Valsbaai uit – op ’n mooiweersdag kan jy 30 km ver oor die see sien tot doer by Valsbaai se ander punt, Kaap Hangklip.

Naby die woonwapark lê die kusdorpe ingeryg: Simonstad met sy ryk seevaart- en vlootgeskiedenis, Vishoek, Kalkbaai, Muizenberg… Jy is net om die draai van ’n rits museums, die wêreldbekende Boulders-pikkewynkolonie en Kaappunt. En die Kaapse middestad is skaars 50 km van die kampplek af.

Die linksafdraai na die woonwapark is 5,6 km suid van Simonstad, langs die mooi M4-roete wat berg- en seelangs in die rigting van Kaappunt kronkel.

Dis een van die Stad Kaapstad se kampplekke, maar moenie skrik omdat dit ’n munisipale oord is nie. Anders as soveel ander munisipale kampplekke in die land wat erg agteruit gegaan het of feitlik tot niet is, word Millers Point goed onderhou. Hier is ook slegs 16 staanplekke, wat dit oor besige langnaweke een van die rustiger kusoorde maak.





## Mik vir nr. 16

Die staanplekke in die klein omheinde boskampplek lê op twee terrasse langs die see, en agter die kampplek troon die berg bo die M4-hoofpad uit. Tussen die staanplekke loop 'n ovaalteerpad deur.

Staanplek 16 is ongetwyfeld die gewildste onder die kampeerders, sê die vriendelike Nicolene Adams, wat die besprekings hanteer.

Dié staanplek is een van drie wat op die onderste terras in 'n ry langs mekaar en sowat 100 m bo die see lê.

Oorkant die drie seestaanplekke, in die kring van die ovaalpad, is nege staanplekke in twee rye langs mekaar. Die ander vier staanplekke is op die boonste terras in 'n ry langs mekaar, langs die kampplek se klein ablusieblok.

Staanplek nr. 16 is 'n goeie 12 x 10 treë – een van die groter staanplekke in die kampplek. Die staanplekke is nie ewe groot nie, en op van hulle is 'n boom of twee wat dit onmoontlik maak om 'n groot wa in te trek. Gesels maar voor die tyd met Nicolene-hulle om seker te maak die plek wat jy kry, is reg vir jou wa en tent.

In die middel van die kampplek is twee stelle betontrappe met staalrelings van die onderste na die boonste terras, maar die wal is nie so steil nie en jy kan eintlik maar sommer daarteen uitstap badkamer se kant toe.

## Bring jou braaier

Op die meeste staanplekke in dié boomryke kampplek is lekker koelte en jy het 'n kragpunt (gewone driepunt) op jou staanplek. Jy kamp op groen gras met hier en daar 'n grondkol. Wat jy nié op jou staanplek het nie, is 'n braaiplek.

Op die boonste terras is drie geboude braaiplekke langs mekaar, maar hulle is nie op die lekkerste plek nie en reg langs die badkamers. As die kampplek vol is, moet jy ook jou braaibeurt afwag. >









**PIKKEWYNE ORAL (hooffoto).** Ry die 4 km van die kampplek af tot by Boulders en gaan die kyk pikkewyne. Boulders is die tuiste van meer as 2 000 pikkewyne.

**KLEIN EN LEKKER (heel bo).** In die Millers Point-woonwapark kamp jy langs die see.

**HAWENS TOE (kloksgewys van middel links).** Ry Simonstad toe en kyk die bote; en koop vir jou snoek en stap op die hawemuur by Kalkbaai.

Bring dus maar jou eie braaier saam sodat jy lekker en in vrede op jou staanplek kan braai.

Jy het ook nie 'n vullisdrom op jou staanplek nie. Die vullisdromme word agter slot en grendel gehou in 'n baksteenvertrek by die ablusieblok, want die bobbejane is lastig hier. Neem maar die waarskuwingsborde teen die Skiereiland se kese ter harte, want elke dan en wan sak 'n trop soos rowers op die kampplek toe. En dan verg dit dikwels 'n amptenaar met 'n verfbalgeweer om hulle te verdryf.

By die voorste staanplekke is 'n kraan, maar al die staanplekke is naby genoeg aan die ablusieblok en opwasplek om gou te gaan koffiewater tap.



## Nuut geteël

In die klein rooibaksteenablusieblok is aparte badkamers vir mans en vroue. Die badkamers, wat onlangs nuwe teëls gekry het, is basies maar gerieflik en die kampplek se personeel maak dit elke oggend silwerskoon.

Elke badkamer het twee storte met droë hokkies en houtbankies, vier wasbakke, drie toilette en hang- en pakplek vir klere en badgoed. In die vrouebadkamer is ook 'n badhokkie.

Mans wat bad bo stort verkies, kan ook in 'n lekker warm bad inklim. Hier is twee aparte badvertrekke in die ablusieblok, maar die een is op 'n effens vreemde plek; reg by die opwasbakke in die opwaskamer. (Daar is darem 'n deur tussen jou en die mense wat by die vier opwasbakke skottelgoed was.) Die ander badvertrek is aan die ablusieblok se agterkant, by 'n binnehof met 'n lang wasgoeddraad, 'n klerewasplek met drie diep wasbakke, en die hok waar die vullisdromme staan.



## Seewaarts

By die kampplek klim jy met betontrappe af na 'n lang, groen grasterras reg langs die see. Op dié terras, reg onder die kampplek se seestaanplekke, is 'n groot houtklimraam en swaaie waarop die kinders kan baljaar.

Die kusstrook hier is hoofsaaklik rots, maar sowat vyf minute se stap met die grasterras langs bring jou by 'n klein baaitjie waar jy kan swem en op die klein wit strand kan sonbaai of jou boek in die koelte van massiewe rotse kan lees. Nog vyf minute of wat se stap verder is die Millerspunt-boothelling. Hierdie geweste is 'n gewilde diepseehengelplek, maar die boothelling is ook 'n gawe plek om jou kajak te water te laat én gewild onder skubaduikers.

Die kampplek het nie 'n swembad nie, maar die Millerspunt-getypoel – een van die Kaap se lekkerste getypoele – is 'n kwartier of wat (1,1 km) se stap van die kampplek af. Jy kan hier ook braai of piekniek hou.

## Pikkewyne by dosyne

Sowat 4 km van die kampplek af, net voor jy Simonstad inry, is die wêreldbekende Boulders-pikkewynkolonie. Dié gedeelte van die Tafelberg- nasionale park is die tuiste van 'n stuk of 2 200 Afrika-pikkewyne. Jy stap hier met houtpaadjies langs die see en in die bos – en die pikkewyne is volop. Jy sien hulle ook van baie naby. Inligtingsborde langs die pad





**STAANPLEK NR. 16 (bo).** Staanplek nr. 16 is groot, langs die see en die gewildste onder die gereelde kampeerders by Millers Point.

**KYK DIE ROBBE (links).** Ry Kalkbaai-hawe toe en wys vir die kinders die mak robbe. En koop sommer vir jou 'n vars snoek terwyl jy daar is.

**SPEEL EN BAD (kloksgewys van regs bo).** Onder die kampplek, op 'n terras langs die see, is speelplek vir die kinders. Die badkamers is skoon en gerieflik, en hier is ook twee aparte badkamers, hoewel die een op 'n effe vreemde plek – by die opwasplek – is.





vertel jou meer oor dié bedreigde voëls. Die enorme gratnietboulders is ook iets om te aanskou.

Nog sowat 2 km se ry verderaan is jy in Simonstad met sy ryk seevaart- en vlootgeskiedenis. Gaan draai by die Simonstad- en Vlootmuseum en gaan draai by Percy van Zyl se speelgoedmuseum in die hoofstraat. Dié museum bestaan al 62 jaar en het 'n versameling van 4500 karretjies, >





**VALSBAAI IN AL SY GLORIE (links bo).** By die kampplek sien jy op 'n mooiweersdag die hele Valsbaai.

**SONAANBIDDERS (bo).** By die Boulders-pikkewynkolonie sien jy die pikkewyne van naby. Vat jou kamera saam.

**MOOI OUGOED (links).** Gaan leer oor die seevaartgeskiedenis in die Simonstad-museum en gaan kyk die treintjies in die speelgoedmuseum.





1 500 poppe, 'n enorme werkende treintjie-uitstalling en 'n klomp ander speelgoed van toeka tot nou (toegangsgeld is R10 p.p. en R5 vir kinders).

By die Simonstadse hawe kan jy die visserskuite, seiljagte en vlootskepe gaan bekyk. Gaan wys ook vir die kinders Kaappunt (19 km van die kampplek af); Dit kos R135 p.p. (R70 vir kinders).

Van Junie tot November is Millerspunt ook 'n goeie plek om walvisse te kyk. Noorkappers maak die westelike gedeelte van Valsbaai dan hulle tuiste.

'n Uitstappie na die Kalkbaaise hawe (15,7 km van die kampplek af) is ook die moeite werd.

Hier kan jy deur die dag kyk hoe die vissersbote met die dag se vangs van die diepsee af terugkeer en die mak robbe op die hawemuur beloer en afneem. En vir R80-R100 kan jy vir jou 'n groot vars snoek koop vir die kampvuur.

### Dís wat dit kos

(2 volwassene en 4 kinders)

| | |
|---|---|
| Brandstof (95-oktaan) @ 10 ℓ/100 km en R13,05/ℓ en 160 km (heen en weer en rondry) | R210 |
| Verblyf (2 nagte) | R276 |
| Kos, hout en ys | R1 000 |
| Groottotaal | R1 486 |

## Kortliks | Millers Point

**Kampplek** 16 staanplekke van verskillende groottes – op gras met hier en daar 'n grondkol. Jy het koelte en 'n kragpunt op jou staanplek, maar bring jou eie braaier saam.

**Ablusiegeriewe** Gerieflik en skoon, maar dit kan knap raak as die kampplek die dag vol is.

**Prys** R138-R240 per staanplek per nag, afhangende van die seisoen (maksimum 6 per staanplek).

**Kontak** ✆ 021 782 5503; nicolene.adams@capetown.gov.za; westerncape.gov.za/facility/millers-point-resort

**Aankoms- en vertrektyd** 2 nm. en 12 nm.

**Hoe lyk die pad?** Al die pad teerpad.

**GPS** S34.228348 E18.469858

***Weg Ry & Sleep* sê** Die slag as jy nie lus is vir ontbyt maak of braai nie, kan jy by die Black Marlin-restaurant net bo die kampplek gaan aansit.





**HOOFKANTOOR - PRETORIA - Echo 4x4 Centre - Tel: +27 12 345 3333 | E-pos: echoacc@echo4x4.co.za**

**KAAPSTAD** - **Echo 4x4 Centre** - Tel: +27 21 910 3737/4025 | E-pos: echocapetown@echo4x4.co.za

**ZAMBESI** - **Echo 4x4 Centre** - Tel: +27 87 654 4960 | E-pos: echoacc@echo4x4.co.za

**WWW.ECHO4X4.CO.ZA**

Besoek ons webwerf vir n volle lys van ons handelaars

ECHO 4x4 CENTRE



# Vulliswa, kampwa, boswa...

**Eers het hy sy selfgeboude vullissleepwa in 'n tydelike kampwa omskep. Toe byt die gogga hom... en hy bou eers 'n kampwa en daarna 'n regte boswa, vertel Nick Smith.**

In die vier dekades wat hy as ingenieursopmeter gewerk het, was 'n enorme vierwielwoonwa en die veld jare lank Nick Smith en sy gesin se huis. En al het hulle voltyds in 'n woonwa gebly, het die gesin jaarliks vir vakansie gaan kamp. Deesdae is Nick afgetree, maar kamp is steeds deel van sy lewe. Hy en sy vrou, Nerina, woon op Potchefstroom en gaan kamp met hulle Tora II-boswa wat hy self gebou het.

Tora II en sy voorganger, Tora I, het ontstaan uit Nick en van sy vriende se destydse kampeerdery in Namibië en met sy selfgeboude vulliswa.

Sy boswa Tora II vergelyk goed met een van die beste boswaens op die mark en het skaars 'n derde van die geld gekos wat jy vir 'n wa uit die fabriek betaal, sê Nick.

## Beskeie begin

"In 2006 bou ek vir my 'n vullissleepwa van 2,4 m, min wetende dat dit die begin is van 'n tien jaar lange projek – een met baie uitdagings.

Die saadjie vir 'n kampwa is geplant die dag toe ek en 'n klompie vriende besluit ons gaan by Torrabaai kamp.

Ons moet alles wat ons nodig het, saamvat, want daar is niks nie. 'n Groot 300 ℓ-vrieskas moet saam vir al die vis wat ons beplan om te vang. En natuurlik moet daar 'n kragopwekker gelaai word om die yskas aan die gang te hou. Vir ons ses manne moet daar boonop drie koepeltente saamgaan plus nog 'n klomp ander kampgoed.

Ons het baie pakplek nodig en my vulliswa is die antwoord.

Ek bou vir hom 'n dakraam, span 'n stuk PVC-seil bo-oor, gee hom skadunetsykante en siedaar: Ons het 'n kampwa. Die vulliskampwa is die begin van my boswa die Tora, maar dis nog lank nie 'n boswa nie.





**BOSWA (links bo).** Dis mos kamp. Nick en Nerine se Tora II is volgens hulle behoeftes gebou.

**VULLISWA (regs).** Die saadjie vir Nick se Tora-wa is geplant toe hy en vriende met sy vulliswa by Torrabaai gaan kamp het.

### Die gogga byt en byt

Die kampgogga het ons groep nou lelik gebyt en in 2008 gaan ons saam met nog twee vriende kamp. Dié slag gaan ons na Myl 72, want dit kos net R100 p.n. per staanplek, wat beteken vir R800 kan ons 'n hele agt nagte kamp.

Dié slag moet ons vier tente saamvat.

Ek verander die kampwa heeltemal en gee hom 'n spens en opwasgedeelte aan die een kant. Dis gerieflik en hy slaan taamlik maklik op.

Só kamp ons 'n hele paar keer baie lekker met die wa, en as ons nie met hom kamp nie, doen hy tuis steeds diens as my vulliswa.

Die gogga wil egter nie laat los nie, en ek besluit om die wa wéér te verander. Tot nou toe het hy net die PVC-boseil waaraan ons die koepeltente heg. Ek besluit hy moet nou heeltemal kan toemaak. Ek gee hom ook 'n kombuis… nou is die wa 'n tree nader aan 'n boswa.

### Ai, die wind!

Met al die veranderinge kan ek en my vrou, Nerina, lekker alleen met hom gaan kamp. Ek bou my daktent wat ek baie lanklaas gebruik het, op die wa in, maak die kante toe en bou vir hom 'n afslaankombuis-tafel waarop die stoof ook staan. Dié tafel word maklik opgesit en afgehaal, want ek gebruik deur die jaar steeds die wa om vullis by die huis weg te ry.

Die veranderde wa is lekker ruim, maar om hom op te slaan is harde werk, en daar's baie pale en penne. Ek het ook Hartenbos se wind heeltemal onderskat en dit kos ekstra penne om seker te maak alles bly staan. As die wind deur die nag waai, kry jy egter nie geslaap nie, want die tent ruk en fladder heelnag.

Ons kamp net een keer so. Ek besluit die wind gaan my nie weer pla nie: Ek gaan die kampwa in 'n regte boswa verander.

> **"Die vulliskampwa is die begin van my boswa die Tora, maar dis nog lank nie 'n boswa nie.**

### Boswa nr. 1

En só verander ek die kampwa die derde en laaste keer. My nuwe boswa móét ruim wees én sterk wind kan trotseer. Met hierdie verandering in 'n boswa, wat ek Tora I doop, kan hy nie meer vir vullis gebruik word nie. Ek ontwerp en laat maak nuwe tente en die wa kry 'n kombuis aan die regterkant en ook 'n badkamer aan die linkerkant.

Ek bou hom so dat jy dadelik onderdak is as jy uitklim. (Terloops, die skadunet oor die boswa verkoel die wa met meer as 8 °C.) Jy slaan hom ook in 'n japtrap op. Jy lig bloot die dak en dan slaan die daktent oop. Jy kan binne 5 minute afhaak, opslaan en slaap. En dan het Tora I vier opgerolde sytente wat jy na gelang van jou behoeftes kan oopmaak.

### Boswa nr. 2

Ná vele kampe met Tora I wil ek weer 'n klompie dinge verander, maar met die wa se bestaande konstruksie gaan dit moeilik wees. Ek besluit om die logiese ding te doen en 'n splinternuwe wa te bou.

Eers kry ek baie teenstand van Nerina af, want sy is baie tevrede met Tora I. Gelukkig besef sy dis iets wat ek graag wil doen en tyd is mos nie 'n faktor nie. Sy is dikwels handlanger én raadgewer, veral toe die nuwe wa, Tora II, sy kombuis kry. Die bouwerk is in my hande.

Die ontwerp van Tora II is eintlik maklik, want in Tora I het ek mos 'n prototipe wat ek net kan verfyn. Ek teken heel eerste gedetaileerde planne met 'n CAD-program op die rekenaar en beplan die bouproses.

Die beplanning en ontwerp van die boswatent is die moeilikste, en dis gou vir >





**DIE OU DAE (heel bo).** Nick (staande) en sy vriende kamp destyds met die vulliswa by Torrabaai. Die wa het 'n raam met 'n PVC-dakseil gekry en hulle het die koepeltente al om die wa opgeslaan en vir koelte bedags het hulle 'n afdak teen die wa opgeslaan.

**NUWE BEGIN (bo).** Nick het die vulliswa uiteindelik in sy eerste boswa omskep en daarna begin Nick bou aan sy Tora II-kampwa.

my duidelik ek kan dit nie aan 'n tentmaker oorlaat nie. Ek maak seker ek het 'n volledige en duidelike plan vir die tentmaker – en in die proses leer ek sommer ook hoe word 'n tent gemaak.

Die beplanning, tekenwerk en navorsing neem baie tyd in beslag, maar dis die moeite werd.

Goeie kombuisuitleg, behoorlike en praktiese pakplek asook goeie ventilasie is van die belangrikste dinge waaraan jy moet aandag gee wanneer jy 'n wa soos hierdie bou. Amper almal weet 'n boswa is baie warm as hy in die son staan en jy móét planne maak om dit te oorkom.

Die opslaantyd en gerief van die wa is ook baie belangrik. Ek beperk die penne tot drie om Tora II op te slaan. Ook gewig is 'n belangrike faktor. Ons twee oues het nie meer die krag om 'n swaar wa te skuif nie, en sover ek weet, is my Tora II die ligste sagtedakwa wat jy kry (tarra 480 kg, BVM 750 kg).

## Sweis en plak

Ek maak doodseker ek kry die regte materiaal vir die wabouery, en bepaal vooraf elke ding se gewig en maak aanpassings om binne my mikpunt van 450 kg te bly.

Met die weegslag vir registrasie is die tarragewig net 30 kg meer as dié mikpunt.

Die onderstel en A-raam bou ek van 75 x 50 mm-RQ en die ribbes en raamwerk van 38 x 19 mm-staal. Die res is alles van aluminium. Die panele is van 'n baie ligte materiaal wat saamgestel is uit twee lae aluminium met 'n laag poliëtileen tussenin. Alle moere en boutjies is van vlekvrye staal.

Ek laat al die staalwerk poeierverf en sit die panele vas met Sikaflex 552 AT. Dit is tydrowend en Sikaflex is nie die maklikste ding om mee te werk nie. Eers moet ek die hoekaluminium binne elke raam plak, 'n dag wag tot dit droog word en dan die paneel plak. Boonop moet alles eers liggies geskuur en met asetoon skoongemaak word.

Die panele word met Hammerite geverf.

Die tent word gemaak van skeurvrye seil (400 g-*ripstop*) en al die venstergaas is van PVC (en nié skadunet soos in ander boswaens en tente nie). Al die gaas kan ook ooprits en al die tentpanele kan af- en oprits na gelang van jou behoeftes.

### Na jou eie smaak

Slepers het verskillende behoeftes, voorkeure en afkeure, en die meeste mense koop maar 'n wa wat die naaste aan hulle smaak is. Tora II is presies volgens ons persoonlike smaak, voorkeure en behoeftes gebou en het 'n paar eienskappe en dinge wat g'n ander wa het nie.

Ingeboude watertenks word vuil en is moeilik om skoon te maak. Die drinkwater in Tora II is in twee 20 ℓ-houers wat jy losknip om dit skoon of vol te maak. Die opwas- en badkamerwater is in 'n ingeboude 50 ℓ-tenk en ek het ook 'n ingeboude 40 ℓ-watertenk in my bakkie.

Die kombuis met al sy pakplek en toebehore is volgens Nerina se smaak ingerig. Dis 'n eenheid en jy kan die koskas gesluit hou terwyl jy kosmaak, want in Augrabies plunder die ape mos die spens as jy jou rug draai. Die gasstoof, mikrogolf en induksieplaat kan maklik verwyder word as jy dit wil gebruik wanneer jy met jou tent en gazebo kamp.

Die wa het 'n 12 V/220 V-kragstelsel met agt sokke binne en drie buite. Die 12 V-stelsel is ook 'n los, draagbare stelsel en kan apart en elders gebruik word, wat baie handig te pas kom.

Jy kry min bos- of boswoonwaens met so baie binneruimte (indien enige). 'n Groot en swaar man van 1,9 m en 140 kg kan >







**STAALGERAAMTE (bo).** Die onderstel en raamwerk word stukkie vir stukkie met staal gebou.

**GOED GEGOM (links).** Nick sit die panele vas met Sikaflex 552 AT.

**ALLES OP SY PLEK (onder).** Die kombuis word ingerig soos Nerina dit wil hê.



regop in Tora II instap. Jy het ook 'n groot onderdakkuierplek wat kan toerits, iets wat vir ons 'n groot pluspunt is. Die onderdakgedeelte is heelwat groter as die norm: 6,4 x 2,7 m. Aan die ander kant van die wa rits 'n skadunetafdak (6,4 x 2,8 m) vir ons sleepvoertuig vas.

'n Enkele mens kan die wa binne net 10 minute op- of afslaan. Al die seile word stewig gespan met pale wat aan die wa vasheg. Sodra die wa opgeslaan is, het jy ook dadelik onderdakhangplek vir jou nat handdoeke.

Die wa maak onder reg rondom toe om die wind en koue uit te hou – en hiervoor hoef jy nie 'n enkele pen in te slaan nie.

Die voorkant by die neuskas rits heeltemal toe en is lekker bêreplek vir los goed soos die fietse, braaigoed en hout.

Afhangende van waar ons staan en hoe die weer is, het ons verskillende tentkombinasies. Ons slaan op wat ons nodig het. As die weer sleg is, kan jy die kombuistent opslaan, andersins kamp ons met die voorkant oop, want dis mos gesellig én koeler. Ons moes nog net een keer die kombuistent opslaan. Ons slaan die voorseil slegs op as ons twee dae of langer kamp. Dis omtrent 10 minute se werk. Die voorseil is van skeurvrye seil met silwer daarin geweef, wat beteken dit sal nooit afskilfer nie. Dit het ook 'n ingestikte stormband oor die lengte in die middel deur en het dus nie 'n onooglike stormband oor die tent nodig nie. Die badkamer word net opgeslaan wanneer dit werklik nodig is. Dit bestaan uit twee PVC-stortgordyne in die agtertent wat heeltemal toerits.

Die wa het vier hoekstutte wat ook as hegpunte vir die seile dien. Die opvou-wastafel pas oor die yskas in sy uittreklaai.











**RUS EN PAK (heelbo).** Die bed is lekker groot en onder hom is baie pakplek.

**UITTREKGERIEF (links bo).** Die yskas en stoof trek op 'n glyraam uit die romp.

**ALLES-IN-EEN (regs bo).** Die kombuis is 'n eenheid met baie werk- en pakplek. Die gasstoof, mikrogolfoond en induksieplaat kan verwyder word as jy met jou tent gaan kamp.

**AGTERDEUR (links onder).** 'n Lang man kan regop by die deur inklim as die wa opgeslaan en oop is.

**GROTE KAS (regs onder).** Die neuskas is so breed soos die wa en het 'n stofdige kas en plek vir die gasbottels en los goed.

## Só vergelyk hy

Nick sê sy Tora II vergelyk goed met 'n fabrieksgeboude wa wat hy as een van die beste boswaens op die mark beskou.

| | FABRIEKSWA | TORA II |
|---|---|---|
| **Prys** | R240 000 | R75 000 |
| **Konstruksie** | Staal en veselglas | Staal en aluminium |
| **Tarra** | 860 kg | 480 kg |
| **BVM** | 1 500 kg | 750 kg |
| **Breedte** | 1,90 m | 1,80 m |
| **Lengte (afgeslaan, toe)** | 4,04 m | 4 m |
| **Lengte (opgeslaan, oop)** | 5,05 m | 6,04 m |
| **Hoogte (afgeslaan)** | 1,7 m | 1,7 m |
| **Hoogte (opgeslaan)** | 2,65 m | 2,76 m |



Die penne- en touesak is deel van die trap. Die trap se vier voetstukke is verstelbaar sodat jy dit ook op ongelyke grond stewig kan laat staan.

In die neuskas kom die los goed wat nie altyd te skoon is nie plus dinge soos my twee 5 kg-gasbottels, potjie en braaipan, en die wa het ook 'n stofdigte kas vir al die kraggoeters soos die verlengkoord, ligte en herlaaier. Bo-op die deksel is plek vir die grondseil en groot goed soos fietse. En indien jy gewonder het: Die neusgewig val nog ver binne die toegelate 100 kg.

In die wa is 'n klerekas vir my en Nerina, albei met vier rakke. Die wa het ook 'n hangkas met 'n spieël en plek vir sowat 20 kledingstukke vir Nerina. Die wa het 'n linnekas, baie pakplek onder die bed asook 'n klein ingeboude kluis. In die wa is 'n groot loopoppervlak van 1,5 x 1,3 m.

Die slaaptentgedeelde is 400 mm van die bedkant af, wat beteken jy raak nie aan die kante terwyl jy slaap nie. In dié ruimte kan jy daardie ekstra kombers en boek bêre.

Tora I is ook nog deel van die familie. My twee seuns, Nico en Henrich, is ewe lief vir kamp en dié wa is nou hulle eiendom.

Zofa™

**Nick** wen 'n Zofa-oplaasbank van Zartek. Die Zofa – ter waarde van R700 – blaas homself op, is sterk en waterdig, en is net die regte lêding vir die kampplek, swembad of strand. Gaan loer gerus ook by zartek.co.za/Zofa.htm









# Sandgat sien ons weer

**Hulle het onlangs by Die Sandgat reg onder die Vanderkloofdam gaan kamp, en hy kon 'n baie belangrike regmerkie in sy voëlkykboek maak, sê Johan Lottering van Bloemfontein.**

"Ons is lede van die Bloemfonteinse 4x4-ekoklub. Ons is 'n ekovriendelike 4x4-klub wat dit geniet om plekke te besoek wat jy nie met 'n gewone voertuig kan bereik nie.

Ons is meer as 50 lede, gesinsmense wat gereeld saam die pad vat. Dit het, sonder dat ons dit beplan het, so gebeur dat die meeste van ons ook deesdae met 'n bos- of woonwa kamp. Ons het onlangs by Die Sandgat-kampterrein by die Vanderkloofdam saamgetrek en ordentlik saam gekuier. Ons kom beslis terug hierheen.

*Vertel ons meer van Die Sandgat...*

Die kampterrein is sowat 7 km van die Vanderkloofdam af en op die oewer van die Oranjerivier. Jy kamp onder die damwal – in die laatmiddag wanneer hulle die turbines by die damwal oopmaak, síén jy hoe die rivier se watervlak styg.

Ek sê jou die water styg seker maklik met 'n meter. Saans sak die watervlak weer as hulle die turbines toedraai. Hier is ongeveer 50 staanplekke met krag (die gewone huissok) en die meeste van hulle is op gras en onder groot wilgerbome.

*Hoe lyk die ablusiegeriewe?*

Baie netjies en skoon. Dit is een groot houtgebou met aparte geriewe vir mans en vroue. En hulle het dit baie oulik gemaak met ou erdebakkies wat vir wasbakke en as spieëlrame gebruik word. Dit wys die mense doen moeite.

Die skoonmakers kom in die oggend en in die laatmiddag, en die plek skitter altyd behoorlik.

*Wat is hier om 'n mens besig te hou?*

Een van ons lede, Pieter Marais, het die naweek hier gereël en hy het ons vir 'n bootrit op die Oranjerivier gevat.

Jy kan ook hier kom swem en hengel, en vir die kinders is daar klimrame, 'n swemgat, 'n ou Volksie Buggie wat as 'n speelkar oorgedoen is, en meer as genoeg plek om rond te hardloop en bal te speel. Ek en my vrou, Johanna-Marie, is ywerige voëlkykers en ons het hier die visvalk vir die eerste keer gesien.

Om te sê die visvalk is 'n gróót item op 'n voëlkyker se lys is om dit sagkens te stel. Dit was 'n ongelooflike hoogtepunt.

*Is Die Sandgat troeteldiervriendelik?*

Ja, dit is altyd lekker om by 'n plek te kamp waar ons vierbeenkinders ook toegelaat word om saam te kuier.

Heelwat van ons lede het hulle troeteldiere saamgeneem en dit baie geniet. Hannes Klopper en sy Floors is eenvoudig onafskeidbaar – die hondjie het saam gebraai, saam op die dam bootgery en selfs saam geëet."



**Kontak** 084 200 1164; liberwalt@telkomsa.net; vanderkloofdam.co.za/die-sandgat/
**GPS** S29.984586 E24.691851

**WEN** **Johan** wen 'n R250-geskenkbewys van **Camp Cover.**

Gaan kyk na hulle puik beskermende oortreksels op die webwerf **campcover.co.za**

CAMP COVER

opposite lock
4wd & Voertuigtoebehore




SUSPENSIE • KOLLIGTE: LED-HALOGEEN-HID • BOSBREKERS • HERWINNINGSTOERUSTING • LADINGSTELSELS

VIR MEER INLIGTING EN HANDELAAR NAVRAE
011 697 0001
www.oppositelock.co.za
info@oppositelock.co.za

MEER as 180 goedgekeurde toerus sentrums en verskaffers landwyd!

OPPOSITE LOCK WINKELS

GAUTENG
OL Head Office ..............................011 697 0001
Opposite Lock - Centurion................012 653 2026
Opposite Lock/ Conqueror Pretoria....012 756 5103
Opposite Lock/ Conqueror East Rand 011 826 2561

LIMPOPO
Opposite Lock Polokwane................011 697 0001

MPUMALANGA
Opposite Lock - Nelspruit..............................013 752 2091

WESTERN CAPE
Opposite Lock - Wellington...........................021 072 0800

SOUTHERN AFRICA
Hi Range Safri City Gabarone - Botswana .....+267 318 7003
Off-Road Centre Namibia - Windhoek ........+264 61 237 532
Opposite Lock - Swakopmund ................+264 81 169 1942
Opposite Lock - Tanzania .......................+255 754 788 020

# Vat 5!



Kampkos kan lekker en moeiteloos wees! Vir elk van dié resepte het jy slegs vyf bestanddele* nodig.

Resepte en stilering **Aletta Lintvelt** Foto's **Myburgh du Plessis** Kosassistent **Claire Gooderson**



BOONTJIE-QUESADILLA

## Manjifiek Mexikaans

**Met 'n pak *wraps* kan jy ver gaan, want dit neem min plek op en hoef nie in 'n yskas gebêre te word nie. Die eg Mexikaanse salsa sorg vir 'n heerlike geur, maar as jy in die knyp is, kan jy tamatiesmoor gebruik. Kinders is mal daaroor!**

### Jy benodig

(genoeg vir 4)

- ½ ui, gekap
- 2 blikkies (410 g elk) swart- of rooibone, gedreineer
- 1 bottel (235 g) Mexikaanse salsa
- 1 koppie gerasperde mozzarellakaas
- 4-6 *wraps*

### Só maak jy

**1 Braai** die ui in botter of olie tot sag. Gooi die bone en die helfte van die salsa daarby en prut dit tot geurig. Druk van die bone fyn, sommer met 'n vurk. Geur dit na smaak met sout en swartpeper. Skep dit uit en vee die pan skoon.

**2 Sit** een *wrap* in die pan, skep van die boontjies daarop, en sprinkel lekker baie kaas oor. Skep 'n bietjie salsa by, indien nodig (moenie die *wrap* te vol maak nie). Sit 'n tweede *wrap* bo-op en braai dit liggies totdat die kaas begin smelt en die onderkant goudbruin is. Dop die *wrap* om en braai die ander kant.

**3 Sny** die stapel in wiggies en eet dit dadelik met die res van die salsa. Vir 'n feesmaal kan jy 'n fyngedrukte avokado, suurroom of rissiesous bysit.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Hierdie *wrap*-"toebroodjie" is heerlike padkos. Laat dit afkoel as dit uit die pan kom en draai dit dan in foelie toe.**

** Ons neem aan jy het sout, peper, botter en olyfolie in jou kampkombuis.*



SONDROOGTAMATIEROLLETJIES

## Vul, bak en smul

**Jy bak dié heerlike gevulde broodrolletjies oor die kole – gebruik 'n wyeboomswartpot of gietysterpan.**

### Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 1 kg broodmeel
- 20 g kitsgis
- 1 flessie (250 g) sondroogtamatiepesto
- ½ koppie olywe, gekap
- 2 koppies mozzarellakaas

### Só maak jy

**1 Meng** die meel, kitsgis, 1 eetlepel sout, 1 eetlepel olyfolie en 2 koppies louwarm water en knie dit tot 'n deeg. Proe en voeg nog sout na smaak by, indien nodig. Laat dit eenkant rys.

**2 Smeer** die boom van die swartpot met botter of voer dit met bakpapier uit. Knie die deeg af en vorm 8 ewe groot stukke. Druk dit effens plat. Verdeel die pesto, olywe en die helfte van die kaas tussen die deegstukke. Vou elke deegstuk toe sodat dit 'n bolletjie vorm.

**3 Pak** die bolletjies in 'n enkellaag in die pot en laat dit eenkant uitrys vir 20-30 minute.

**4 Sprinkel** die res van die kaas oor die bolletjies. Sit die deksel op, sit 'n paar kole op die deksel en bak dit oor matige warm kole vir 45-60 minute tot gaar. Dop die brood om en laat elkeen vir homof haarself 'n rolletjie afbreek.

***Weg Ry & Sleep* sê** **As jou tyd skraps is, koop sommer brooddeeg by die supermark se bakkery of maak vir jou potbrooddeeg aan.**

>



## ONTBYTPAN-BRAAIPASTEI
# Vir die kole of ketelbraai

**Gebruik filodeeg vir 'n ligter pastei en maak dit in 'n wye platboom-swartpot oor die kole (of gebruik 'n groot pan met 'n deksel).**

### Jy benodig
(genoeg vir 6)
- 250 g strepiespek, gesnipper
- 500 g sampioene, gesny
- 4-5 velle filodeeg
- 2 wiele fetakaas
- 3 eiers teen kamertemperatuur

### Só maak jy
**1 Braai** die spek in 'n pot of pan totdat die vet begin uitbraai. Roer die sampioene by en braai alles saam tot gaar. Geur dit met sout en peper en skep dit uit. Vee die pot of pan uit.
**2 Smelt** 'n lekker klont botter in die pan en smeer of drup dit oor die filodeegvelle. Drapeer die velle in die pan sodat dit oor die rand hang. Krap die spek-en-sampioenmengsel daaroor uit. Breek die fetakaas in stukke oor die vulsel.
**3 Klits** die eiers, geur dit na smaak met sout en peper en giet die mengsel oor die vulsel uit. Vou die vulsel toe deur die punte van die deeg na mekaar toe te bring.
**4 Sit** die deksel op, sit 'n paar kooltjies op die deksel en bak dit soos 'n potbrood oor matige kole vir 20-30 minute. Hou dop dat die kors nie te donker raak nie. Sit dit dadelik voor terwyl dit nog warm is. Babaspinasie, roketblare en gekapte vars rissie is lekker hiermee saam, indien jy dit byderhand het.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Jy kan dit ook in 'n Weber maak. Dan hoef jy nie die pot of pan se deksel op te sit nie, maar wel die Weber s'n. Bak dit vir dieselfde tyd.**



## BOTTERHOENDERKERRIE
# Mmm… romerig

**Hierdie eenvoudige kerrie is matig en romerig – en 'n treffer by jonk en oud. Die hoender word gebraai en dan by die sous gevoeg, wat dit 'n ekstra rokerige geur gee. Probeer tamatiepassata gebruik – dit sorg vir 'n lekker gladde, romerige tekstuur.**

### Jy benodig
(genoeg vir 4)
- 500 g ontbeende hoenderborsies
- 4 eetlepels matige kerriepoeier
- 500 ml dik Griekse jogurt
- 1 ui, fyngekap
- 500 ml tamatiepassata (of gekapte geblikte tamatie)

### Só maak jy
**1 Sny** die hoender in blokkies en sit dit in 'n Ziplock-sakkie saam met 2 eetlepels kerriepoeier en 1 koppie jogurt. Marineer dit vir minstens 1 uur in die yskas, maar verkieslik oornag.
**2 Braai** die ui en die res van die kerriepoeier in 4 eetlepels botter tot sag. Voeg die passata by en prut dit tot dik en geurig. Roer die jogurt by en hou dit eenkant warm.
**3 Ryg** die hoenderstukkies op sosatiestokkies en braai dit oor matige kole tot sappig en gaar. Stroop die vleis van die stokkies af en roer dit deur die sous. Verhit dit tot warm, maar nie kokend nie. Proe en geur dit na smaak met nog sout en peper.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Vir 'n geuriger kerrie, koop 'n nat kerriepasta wat ook gemmer en knoffel saam met die speserye in die mengsel het. Of voeg 'n lekker skep fyngekapte knoffel by die pruttende sous om dit meer geur te gee.**



**MIELIE-EN-SPRIETUI-OMELET**

## Panplesier

**Pleks van een groot omelet kan jy ook lepels vol van die mengsel op 'n slag braai (soos mieliekoekies) en dit as 'n happie voorsit.**

### Jy benodig

(genoeg vir 2)

- 4 eiers teen kamertemperatuur
- ½ blikkie (410 g) heelpitmielies
- 2 sprietuie, gekap
- ½ teelepel kerriepoeier
- rissie- of soet rissiesous

### Só maak jy

**1 Klits** die eiers, mielies, sprietuie en kerrie goed saam en geur dit na smaak met sout en gemaalde swartpeper.

**2 Smelt** botter in 'n pan en giet die eiermengsel daarin. Braai dit oor matige hitte tot gestol. Sit dit dadelik voor met rissie- of soet rissiesous.

***Weg Ry & Sleep sê*** **Hierdie is 'n baie veelsydige resep – as jy lus voel vir roereier, kan jy bloot die mengsel deurmeng.**

**KAPOKBOTTERSKORSIE MET CHORIZO**

## Fynsag uit die vuur

**Botterskorsie kan fyngedruk word soos kapokaartappel – dis 'n heerlike en gesonde bykos. Jy bak eers die botterskorsie sag oor die kole, maak dit fyn en sit dit sommer net so in die skil voor.**

### Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 1 botterskorsie
- 5 cm chorizo, in blokkies gekap
- 125 g roomkaas (ons het die bloukaasgeur gebruik)
- 'n hand vol fyngerasperde parmesaankaas (of gebruik enige ander kaas van jou keuse)

### Só maak jy

**1 Sny** die botterskorsie in die lengte middeldeur en skraap die pitte uit. Vul die halwes met die chorizo en 'n eetlepel botter of olyfolie. Sit die twee halwes weer teen mekaar en draai dit styf toe met twee lae foelie.

**2 Bak** die pakkie vir 1 uur in warm kole – ek sit dit in 'n swartpot met 'n deksel op oor die kole en bak dit soos 'n potbrood.

**3 Haal** die foelie af. Gebruik 'n eetlepel en skraap die vleis van die botterskorsie uit die skil. Geur dit met sout en peper na smaak en voeg 'n paar lepels roomkaas en van die gerasperde kaas by. Gebruik 'n vurk en roer alles goed saam. Skep die vulsel terug in die skil en sit dit voor saam met enige braaivleis of potjie.

***Weg Ry & Sleep sê*** **As jy nie 'n pot het nie, sit dit op 'n rooster en draai dit gereeld om. As die kole te warm is, brand die skil voordat die binnekant sag is, en as jy dit nie lank genoeg braai nie, gaan dit nie bottersag wees nie.**





# ’n Dak oor jou kop

**Soms wanneer ’n mens kamp, moet jy vir jou eie koelte sorg. En dan is jy dankbaar vir jou betroubare gazebo.**

Teks **Schalk Jonker** Foto’s **James Garaghty en verskaf**

Min dinge klop die skaduwee van ’n ordentlike boom, maar wanneer jy op ’n plek kamp waar daar nie bome is nie, is ’n goeie gazebo broodnodig.

Dit is een van daardie dinge waaroor jy altyd bly is as jy een het (en jy het onthou om hom in te pak) en effens jaloers is op jou kampbuurman as jy nié een het nie.

Vandag se gazebo’s het aansienlik verander van die keuses wat jy ’n klompie jare terug gehad het, en as jy in die mark is vir een, is daar meer as genoeg opsies vir jou.

Soos dié sewe modelle...



COLEMAN EVENT SHELTER PRO

## Maak jou tuis

Of jy nou vir die son of die reën wil skuil, onder die dak van dié koepelgazebo sal jy geholpe wees. En met ’n grootte van 4,5 x 4,5 m (en ’n hoogte van 2,28 m op sy hoogste punt) is daar plek vir die hele gesin om lekker te kuier. Sy dakseil het SBF50-beskerming teen die son en is ook waterdig met sy 600 mm-waterkolom.

Jy slaan hom met 19 mm-pale van vlekvrye staal op en die seil het ’n aluminiumlaag wat die son se gevaarlike UV-strale weerkaats en sorg vir ’n heerlike koel kuierruimte. Jy anker hom ook sonder moeite met die toue wat aan die dakseil vas is.

**Prys** R3 500 by buitelewe-winkels.

***Weg Ry & Sleep sê*** **Die Coleman Event Shelter Pro weeg ’n volle 22 kg.**

CAMP MASTER INSTANT SHADE 100

## Koelte in 'n kits

Die Instant Shade-gazebo slaan in 'n japtrap op en sy poliësterseil het 'n silwer laag om jou koelte effens koeler te maak. Sy raamwerk is van duursame staal gemaak en span die seil tot 3 x 3 m. Jy kan hom dus langs die viswater staanmaak en jou sit kry terwyl jy wag om daardie meneer van 'n blinklyf op jou hoek te kry.

Hy staan 2,75 m van die grond af en jou swaer wat op slot sak vir sy tuisdorp se tweedes, hoef nie te buk om in te kom nie. Hy weeg 17 kg (*Die gazebo, nie die swaer nie. – Red.*) en jy kry penne en toue om hom mee te anker.

**Prys** R1 100 by Makro.

***Weg Ry & Sleep* sê Hy word vir 'n jaar gewaarborg.**






KAUFMANN INSTANT GAZEBO

## Vinnig en maklik

Dié gazebo se dakseil is water- en vuurbestand en het 'n UV-beskermingsfaktor van 50+. Sy staalraamerk is een eenheid wat jy uittrek (op die konsertinamanier), wat beteken hy slaan ewe maklik op en af.

Hy is 3 x 3 x 2,7 m groot en oor die nate verseël om te keer dat daai lastige druppel water deurglip en jou steur terwyl jy 'n uiltjie knip. Hierdie meneer het ook 'n ventilasiegaping vir wanneer die wind sterk waai.

Die dakseil vou maklik weer op en pas sonder moeite terug in sy sakkie. Dis iets wat jy nie van alle gazebo-modelle kan sê nie. Jy kan ook vir hom soliede kantseile of gaas bykoop wat maklik aan die gazebo vasrits.

**Prys** R2 000 by Kaufmann Outdoor.

***Weg Ry & Sleep* sê Die gazebo word ook vir een jaar gewaarborg.**

CAMP MASTER INSTANT SHADE 150

## Grootboet

As jy een van daardie mense is wat nie rustig kan wees voor jou kar nie onder 'n afdak of in die koelte is nie, is hierdie meneer van Camp Master vir jou. Hy is 6 x 3 m en staan 2,75 m hoog, wat beteken jy kan jou ryding sonder moeite onder hom staanmaak sodra jou wa afgehaak is.

Hy staan stewig op sy ses pote en sy staalraamwerk slaan maklik genoeg op en af as jy dit eers onder die knie het. Sy seil is van poliëster en hy het ook 'n silwer laag om die son se ergste strale terug te pos.

**Prys** R2 800 by Makro.

***Weg Ry & Sleep* sê Die drasak wat jy saam kry, het wieletjies om hom makliker te kry waar jy hom wil hê.**

>





KAUFMANN-KOEPELGAZEBO

## Stylvol en modern

Almal soek daardie voorste staanplekkie by die see, maar dis gewoonlik ook waar jy die minste koelte en die sterkste wind aantref. In sulke gevalle het jy dié koepelgazebo van Kaufmann nodig. Hy staan 3,5 x 3,5 x 2,3 m in sy sokkies en jy kry stormtoue en staalpenne saam om hom ordentlik op die grond vas te trek.

Hy het ook 'n ventilasiegaping in die dak om te help keer dat die wind hom skep. Sy pale is soortgelyk aan dié van jou standaard-koepeltent en word met rektou aan mekaar vasgehou.

Jy gaan dus sukkel om deurmekaar te raak met wat waar kom. Dit knor egter om hom op jou eie te probeer opslaan.

**Prys** R3 490 by Kaufmann Outdoor.

***Weg Ry & Sleep* sê Jy kan vir jou sypanele van gaas of seil bykoop vir nog beskerming.**

NATURAL INSTINCTS EASY-PITCH SCREENHOUSE DELUXE

## Koes vir die goggas

Saam met dié gazebo (3 x 3 x 2,85 m) kry jy 'n verwyderbare kantseil van gaasmateriaal wat reg rondom span. Jy kan dus op daardie warm dae onder die dak gaan skuil sonder die geselskap van vlieë of muskiete. As die insekte nie pla nie, haal jy die gaas af – dit word met klitsrits in plek gehou – en gebruik hom net soos hy is.

Die raam werk amper soos 'n konsertina: Jy en jou maat vat op teenoorgestelde hoeke en trek weerskante toe. Jy druk die nok van die dak boontoe, trek die verlengpote uit en span die seil bo-oor.

Dit alles doen jy in 'n kwessie van minute. Jy anker jou gazebo met toue en penne wat jy saamkry wanneer jy hom koop.

**Prys** R3 500 by Outdoor Warehouse.

***Weg Ry & Sleep* sê Die seil is waterdig en vuurbestand.**






CAMPMOR KING-GAZEBO

## Bielie van die bosveld

Hierdie grootmeneer het genoeg ruimte sodat jy jou gesin, jou aangetroude familie, jou vriende én jou vriende se vriende kan onthaal.

Hy staan 'n allemintige 4,2 x 3,6 x 2,2 m in sy sokkies, en sy raamwerk word met staalpype aan mekaar gesit. Sy dakseil is van skeurvrye seil en jy weet sommer jy het hier met 'n gehalteproduk te doen.

Daardie seil en staalraamwerk kom natuurlik teen 'n prys, en hy weeg 'n ongemaklike 30 kg. Alles pas netjies in 'n drasak met 'n skouerband, maar hy gaan die meeste van die plek in jou kattebak opneem.

**Prys** R3 755 by Outdoor Warehouse.

***Weg Ry & Sleep* sê Dit sukkel om hom op te slaan as julle net twee is. Jy het 'n derde stel hande nodig wanneer jy die raamwerk aanmekaar sit.**

**KRY DIE PRODUKTE HIER**

**Makro** 086 030 0999 **Outdoor Warehouse** 0800 007 261 **Kaufmann Outdoor** kaufmannoutdoor.co.za

DRIVEN BY ADVENTURE!
BIG COUNTRY 4x4

# BRING VIR ONS JOU 70-REEKS CRUISER

**Vir 'n 70-reeks e-katalogus, sien ons webtuiste**




LAAISTELSELS
DAKRAKKE
RAKBYBEHORE
KAPPIES
DAKTENTE
VOLSTRUISVLERK-WEERSKERMS
YSKASGLYERS
KONSOLEKISTE
SONSKERMRAKKE
MEEUVLERK-VENSTERS
LIGSKERMS
AGTERDEURTAFELS
HERWINNINGSTOERUSTING
& BAIE MEER

**LC76 SAVUTE-LAAI**



**LC76 MEEUVLERK-VENSTERS**



www.bigcountry.co.za | +2711 795 9700 | admin@bigcountry.co.za

# Vuur en vlam!

**Die internet wemel van kampwenke, en dit wil voorkom asof almal 'n slim plan het om iets te vervang wat jy normaalweg in 'n winkel koop. Soos dié vuuraanstekers.**

Teks **Dominic Wienand** en **Schalk Jonker** Foto's **Dominic Wienand** en **Leon Botha**

Daai video is al meer as een keer op Facebook of die kampforum gedeel: Een of ander slimjan gebruik gewone huishoudelike items om iets aanmekaar te slaan wat jy gewoonlik in die winkel moet koop.

Terwyl jy na die video kyk, wonder jy of dié plan gaan werk... Ons was moeg gewonder en het besluit om van die internet se vuuraanstekerplanne op die proef te stel.

Ons het fynhoutjies vir die toets gebruik, en as dié ordentlik gebrand het, het die aansteker die toets geslaag.

As jy egter daai klomp lywige stompe aan die brand wil kry wat jy by Jeffreys se vulstasie gekoop het, gaan jou geduld beproef word.












## VUURBOLLE

**Drie dinge wat jy ieder geval in die huis het – veral as jy 'n baba het – word in 'n bol saamgerol vir 'n indrukwekkende vuuraansteker.**

### Jy benodig

- chirurgiese spiritus ('n botteltjie van 100 ml kos R16)
- eiergrootte wattebolle ('n pak *cotton balls* kos R13)
- petroleumjellie ('n houer van 450 ml kos R50)

### Só maak jy

**1 Week** die wattebol in die spiritus en druk die oortollige vloeistof uit.

Bedek die bol met petroleumjellie en bêre dit knus langs mekaar in 'n houer wat deeglik kan toemaak.

### Werk dit?

Ja. Ons het twee op 'n slag gebruik en dadelik sukses behaal. Dis egter belangrik om daarop te let dat jy die vuurbol met jou braaitang uit die houer moet haal wanneer dit tyd is om die vuur aan te steek.

Moenie dit met jou kaal hande hanteer nie. (Of was minstens jou hande nadat jy dit uitgehaal het – jy wil nie van die petroleumjellie op jou vingers hê en dit ook aan die brand steek nie.) Die vuurbolle vat blitsig vlam en brand ordentlik. Die fynhoutjies het binne twee minute gebrand.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Gebruik 'n aansteker met 'n lang nek of trek 'n vuurhoutjie en gooi hom op die bol.**

## KOOKEIER

**Jy kan jou leë eierkartonne slim herwin met dié selfgemaakte vuuraanstekers. Moet ook nie meer daai laaste stukkie kers onder in die blaker weggooi ná julle Valentynsete nie.**

### Jy benodig

- ou stukkies kers of enige ander soort was ('n pak wit kerse kos R17)
- kartoneierhouers
- watte (jy kan die klaargerolde bolle koop óf gewone watte in bolle rol)
- 'n skêr of skerp mes

### Só maak jy

**1 Smelt** die kerse of was tot 'n vloeistofvorm – ons het dit sommer in 'n leë *baked beans*-blikkie op 'n gasstoof gedoen.
**2 Rol** die watte in bolletjies en sit een in elke afsonderlike eierholte. Vul die eierholtes met gesmelte was tot die watte heeltemal bedek is. Wag tot die was droog is en sny dit in afsonderlike vuuraanstekers.
**3 Steek** die hoekie van die karton aan wanneer jy reg is om te braai.

### Werk dit?

Dit werk! Die wind het wel effens gepla terwyl ons die toets gedoen het, en die karton het nogal aanmoediging nodig gehad om vlam te vat.

Maar toe hy eers brand, het die vuuraansteker sy werk behoorlik gedoen en die fynhoutjies het in 'n japtrap gebrand. Ons het net een op 'n slag gebruik en die eierkarton het die toets met vlieënde vaandels geslaag.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Jy kan ook die dons (*lint*) uit jou tuimeldroër gebruik.** >



















## WARM WATTE

**Daardie ronde wattelappies is nie net goed vir wanneer Mamma haar grimering moet afhaal nie.**

### Jy benodig

- ronde wattelappies (in Engels *cotton pads* – dit kos R15 per pak)
- gesmelte kerswas

### Só maak jy

1 Doop 'n wattelappie in die kerswas, hou hom eenkant tot hy droog is, en pak hom dan in 'n houer – dit hoef nie lugdig te wees nie. Jy kan hom sommer in 'n plastieksak ook bêre. So eenvoudig soos dit.

### Werk dit?

Hy is 'n bietjie teësinnig met die aansteekslag (dalk ook omdat die wind gewaai het gedurende ons toets) maar as hy eers brand, skort daar niks met hom nie.

Ons het twee van hulle onder die fynhoutjies gebruik en binne 'n kwessie van 90 sekondes het die vuur sonder probleme geknetter.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Dis maklik en vinnig om te maak en jy kan sommer 'n klomp op een slag maak – genoeg vir jou hele reis deur die Kgalagadi, Botswana en Namibië.**

## VURIGE VUURHOUTJIE

**Omskep 'n gewone vuurhoutjie met 'n stukkie witgoud en kerswas in 'n doeltreffende vuuraansteker.**

### Jy benodig

- vuurhoutjies (R7 vir 'n groot pak)
- toiletpapier (dit hoef nie dubbellaag te wees nie – hou dié vir jouself)
- gesmelte kerswas

### Só maak jy

1 Vat 'n blokkie toiletpapier en sny dit middeldeur. Rol die papier om een vuurhoutjie. Doop dit in die gesmelte kerswas en laat dit droog word.

### Werk dit?

Verbasend goed. Jy moet net onthou om die kerswas van die vuurhoutjie se kop af te krap vóór jy hom trek. Hou die vuurhoutjie onderstebo tot die kerswas vlam vat (dit gebeur amper onmiddellik) en sit dit onder jou fynhoutjies.

Ons het twee vuurhoutjies per aansteker gebruik en vier van dié outjies gebruik om die fynhoutjies aan die brand te steek. Beter en vinniger kon dit nie werk nie. Trouens, ná twee minute se brand was daar nog meer as die helfte van die aansteker oor.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Hierdie een het ons werklik verbaas met hoe goed hy brand. Om die waarheid te sê werk hy vir ons beter as van die groot vervaardigers se produkte wat op dieselfde beginsel werk.**









## TEETYD...

**Niemand maak beter vuur as jy en 'n gebruikte teesakkie nie.**



### Jy benodig

- gebruikte teesakkies (rooibos, groentee, Engelse tee... dit maak nie saak nie)
- paraffien (dit kos R30 vir 'n 750 ml-bottel)
- 'n lugdigte houer ('n ou mayonnaise-bottel, roomysbak of iets dergeliks)

### Só maak jy

**1 Sit** jou gebruikte teesakkies eenkant om uit te droog. Wanneer die sakkies heeltemal droog is, week hulle in die paraffien.
**2 Bêre** hulle saam met 'n bietjie paraffien in 'n lugdigte houer sodat hulle nie uitdroog nie, en pak twee of drie onder jou hout wanneer dit tyd is om jou Bosveld-TV aan te skakel.

### Werk dit?

Inderdaad. Jy moet meer as een gebruik, maar hy brand maklik genoeg en hou sy vlam vir 'n goeie 4 minute... meer as genoeg tyd om die fynhoutjies aan die gang te kry.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Moenie skaam wees om baie van hulle te gebruik nie.**



## DIÉ TJIPPIE IS NET VIR EET

**Nie al die raad wat jy op die internet kry, is goeie raad nie...**

### Jy benodig

- 'n pak mielietjips (Doritos, Big Corn Bites of Fritos – R15 vir 'n groot pak)

### Só maak jy

**1 Dié** video beweer jy kan enige mielietjips (soos Doritos) as vuuraansteker én as 'n plaasvervanger vir jou fynhoutjies gebruik. Jy gooi basies 'n hopie onder in jou braai, steek dit aan die brand en pak dan die dikker stompe op dit – en oomblikke later ontspan jy langs 'n groot en gloeiende kampvuur.

### Werk dit?

Dalk is dit omdat ons die *Cheese Supreme*-geur pleks van *Sweet Chili* gebruik het, maar hierdie een het nie gewerk nie. Die tjippies wou nie mooi vlam vat nie – ná 'n vyfde poging het ons tou opgegooi.

***Weg Ry & Sleep* sê** **Gooi die tjips in 'n bak, kry vir jou 'n koel lafenis in die hand en gebruik enige van die ander opsies wat ons getoets het.**




VIND
JOU NUWE
KARAVAAN OF
KAMPEERWA

En bewonder elke hoek en draai.




Besoek ons gebruikersvriendelike webwerf of Toep en vind jou volgende karavaan of kampeerwa in n kits sonder enige moeite. Maak ook gebruik van ons nuutste 360° Interior View funksie, en bewonder elke produk van binne. Verbeter jou soektog en vind jou ideale karavaan of kampeerwa by Carfind.co.za

Carfind.co.za®



# AS JY SIEK WORD IN DIE VREEMDE…

**'n Omgekrapte maag is een ding, maar as jy in die buiteland vakansie hou en só siek word jy dat jy hospitaal toe moet gaan of uitgevlieg moet word, is dit nie grappies nie.**

Teks **Charles Thompson** Skets **Owen Willoughby**

Voordat jy 'n lang toer met jou eie voertuig na een van ons buurlande aanpak, berei jy waarskynlik jou ryding deeglik voor vir enige moontlike voertuigprobleme op die pad en in die veld. Jy diens hom en pak 'n stel herwinningstoerusting, 'n gereedskapkis en ekstra onderdele in. Maar sê nou maar 'n toerlid kry 'n skeet of 'n kwaal? Het jy die regte voorbereiding dáárvoor getref en die regte goed ingepak? En wat gaan jou siekefonds sê as 'n ambulanshelikopter of -vliegtuig jou moet kom haal?

Die kanse dat dinge só ver gaan uitrafel, is dalk nie baie groot nie, maar voorsorg is beter as hoësorg!

## Kry jou papiere agtermekaar

Maak eerstens seker hoe staan sake met jou siekefonds, want daar is heelwat voorwaardes en beperkinge rondom die dekking wat jy buite die landsgrense geniet.

Die land se grootste fonds, Discovery, dek jou vir 'n bedrag van tussen R5 miljoen en R10 miljoen, afhangend van jou plan, terwyl Bonitas, die naasgrootste, tot R5 miljoen op alle planne behalwe die basiese BonCap sal betaal. Albei maatskappy dek jou ook net vir 90 dae. As jy dus beplan om vir ses maande al die pad tot in Noord-Afrika te reis, sal jy reisversekering deur 'n maatskappy soos Europ Assist of AIG moet uitneem (enige reisagent sal vinnig daarmee kan help).

Maak ook sommer van meet af aan seker jy't jou siekefonds se internasionale noodnommers byderhand. Dit verskil waarskynlik van die nommer wat jy in Suid-Afrika gebruik.

Discovery en Bonitas sê albei hulle sal die koste van 'n gemagtigde noodbesoek aan 'n plaaslike hospitaal dek (mits dit natuurlik binne jou plan se limiet val). Indien dit nodig is en jy is in staat om te reis, sal jou siekefonds ook deur 'n nooddiens soos ER24 betaal sodat jy na Suid-Afrika gebring kan word.

Maak egter seker van die fynskrif: Discovery dek byvoorbeeld nie soek-en-reddingsoperasies nie – indien jy dus êrens in Lesotho se berge verdwaal en 'n reddingsgeselskap jou kom haal, gaan jy dalk jou eie sak moet skud.



**Wenk** ***Sorg dat jy genoeg kontant byderhand het vir mediese noodgevalle. Die kans is goed dat jy 'n bybetaling sal moet maak wat jy dalk eers tuis kan terugeis.***

## Pak jou (noodhulp)tas

Wanneer jy seker is oor die bepalings en voorwaardes van jou siekefondsdekking in die buiteland, is dit tyd om jou vir minder ernstige siektes en skete voor te berei. Moet egter nie net wegval en 'n hele apteek in 'n ou skoenboks probeer pak nie.

**Vrae die regte vrae** Waarheen gaan jy en wat gaan jy doen? As jy op pad is na 'n malariagebied soos Mosambiek, gaan jy byvoorbeeld ander medikasie pak as vir 'n yskoue Lesotho.

**Prioritiseer** Pak chroniese medisyne eerste (ook 'n ekstra stel vir noodgevalle).

**Dink aan die kinders** Maak seker jy vat die regte soort medisyne vir grootmense sowel as kinders saam.

**Pak genoeg** Ry genoeg medisyne vir jou hele vakansie saam plus 'n bietjie ekstra vir 'n noodgeval.

**Merk alles duidelik** Vra jou apteker om alle medisyne te merk, veral pille en stroop wat uit die oorspronklike verpakking verwyder is.

**En onthou...** Daar's papierwerk vir medisyne ook! Iets soos antibiotika, chroniese medisyne, sekere pynpille en antihistamien moet deur 'n dokter voorgeskryf word. As jy oor 'n landsgrens gaan, móét jy 'n brief van jou dokter saamneem om te bevestig dat jy voorskrifmedisyne drink.

Nou kan jy pak. 'n Noodhulptas moet minstens die items hieronder bevat. >

## TOERUSTING

- 'n Goeie skêr.
- 'n Reeks rekverbande (2 x 50 mm, 2 x 100 mm, 2 x 150 mm) om onder meer gaas en salf op wonde toe te draai of om 'n verstuite gewrig te verbind.
- 20-30 latekshandskoene.
- Twee rolle rekpleister (soos Elastoplast 50 mm en 100 mm), onder meer om wonde toe te plak óf om 'n verstuite of gebreekte vinger aan 'n gesonde vinger vas te plak vir ondersteuning.
- Twee driehoekverbande vir 'n hangverband (*sling*).
- 50 pleisterstrokies van wisselende grootte.
- 100 gaasdeppers (100 x 100 mm) vir wondbedekking.
- Haakspelde.
- 'n Stewige toerniket (knelverband) om ernstige bloeding te keer. Dié stuk toerusting moet egter met groot omsigtigheid gebruik word – as jy die bloedtoevoer na 'n ledemaat té lank afsny, kan dit ernstige gevolge hê.
- Chirurgiese lemmetjies (skalpel) en 'n handvatsel, onder meer om die velletjies af te sny van blase.
- Twee chirurgiese tangetjies (om 'n slagaar toe te druk as die bloed spuit); een stewige tangetjie (*tweezer*) om groot dorings uit te trek; en een fyn tangetjie om klein dorings, splinters en gruis of sandkorrels uit die vel of wonde te haal.
- Vyf of ses gesigmaskers, ingeval 'n beseerde in jou gesig hoes.
- 'n Koorspen.
- Noodkombers (*space blanket*).
- 'n Eenrigting-mond-tot-mond-noodasemhalingstoestel.
- Sanitêre doekies, onder meer om bo-op bloeiende wonde te sit.
- 'n Veiligheidsbril om bloedspatsels op 'n ongelukstoneel uit jou oë te hou.
- Steriele naalde.
- 'n Bondige noodhulphandleiding én aanwysings oor hoe om die toerusting hierbo te gebruik.

## MEDISYNE

- antihistamiendruppels (soos Patanol)
- antihistamiensalf
- anti-inflammatoriese middels
- antiseptiese salf en oplossing
- 'n breëspektrum-antibiotikum
- 'n buisie noodtandseëlaar
- brandwondpleisters of -gel (soos Burnshield)
- 'n drupbuisie
- fungussalf
- 'n harde deurskynende plastiekoogklap
- insekweerder (in 'n gebied met malariamuskiete of baie bosluise is hierdie nie net vir jou persoonlike gerief nie!)
- kortisoonsalf
- 'n koue kompres
- diarreemedisyne
- mikroporeuse kleefband (om 'n oogklap vas te plak)
- ontsmettingsmiddel
- oogdruppels (verkieslik 'n dik smeermiddel soos Teargel)
- oogspoelmiddel
- oordruppels
- oorstokkies
- probiotikum
- rehidrasiemiddel
- sneesdoekies
- sonskermmiddel
- neussproei vir 'n toe neus
- *tweezers* (groot en fyn)
- 'n warm kompres
- watersuiweringspille
- watte
- wondgom (soos Derm-a-Bond of Steri-strips, om skeurwonde toe te plak)

## MEDIKASIE VIR

- allergie of hooikoors
- bewegingsiekte
- blaasontsteking
- droë hoes
- hardlywigheid
- keelseer
- koliek
- maagkrampe
- malaria (selfbehandeling)
- malaria (voorkomend)
- naarheid
- pyn of koors
- skok en kneusplekke
- slaaploosheid
- slaperigheid
- slymerige hoes
- sooibrand
- spierverslapping



**WENK**
Johann Groenewald van Tracks4Africa, wat gereeld in die buiteland toer, sê. "Op toer kry ons gereeld probleme soos brandwonde, diarree en snywonde, en daarom het ek altyd Burnshield en iets vir maagprobleme in die voertuig. Ek het ook antihistamien vir erge reaksies op tsetsevliegbyte en bysteke. Mense is dikwels bekommerd oor ernstige goed soos slangbyte, maar hierdie 'gewone' probleme kan ook jou toer bederf."

Jacques Lourens, 'n paramedikus, het die volgende raad: "Vra ook jou dokter vir telemedisyne wanneer jy ver van mediese geriewe af toer – 'n breëspektrumantibiotika, sterk pyn- en antihistamienmedikasie, asook enige spesifieke medikasie vir die omgewing waarheen jy gaan reis, byvoorbeeld Coartem-malaria-antibiotika."

Telemedisyne stel jou staat om in 'n noodsituasie die dokter te bel vir toestemming (vandaar die "tele" in die naam) om sulke voorskrifmedisyne te gebruik.

### Hou 'n noodplan reg

Vóór jy in die pad val, moet jy seker maak jy het 'n noodplan. In sy eenvoudigste formaat is so 'n noodplan bloot 'n stuk papier met al die noodnommers tuis en in die buiteland wat jy dink jy gaan nodig kry. Jy kan dit egter uitbrei na gelang van jou behoeftes.

Jou plan moet die volgende soort inligting bevat, sê Jacques: die nommers van private en provinsiale nooddienste, jou dokter se na-ure-kontakbesonderhede en enige ander nommer wat relevant is vir jou reis, soos die Bergklub van Suid-Afrika, Wildernis Soek-en-redding of die NSRI.

"Vergewis jou ook van die naaste hospitaal, waar dit is en watter dienste daar beskikbaar is. Jy wil nie 100 km ry en dan uitvind die 'hospitaal' is eintlik net 'n klein TB-kliniek nie!" sê Jacques.

Dieper in Afrika is mediese hulp nie altyd geredelik beskikbaar nie en die toestande in hospitale dikwels beroerd. Maak dus voor die tyd seker waar jy betroubare mediese hulp kan kry en sluit dié inligting by jou noodplan in.

Dan moet jy ook jou plan rondom die spesifieke mediese probleme vorm wat jy dalk op jou roete kan ondervind – dink aan ontwatering weens uiterste temperature, hoë ongeluksones en malaria.

Maak ook seker jy't 'n vriend by die huis wat 'n afskrif van jou noodplan het.

Laastens sê Jacques dis baie belangrik om die mediese inligting van almal in jou groep te hê: Mediese toestande en hoe om dit te hanteer, siekefondsnommers, bloedgroepe en persoonlike inligting, en naasbestaandes se kontaknommers.

### Wees gereed vir die ergste

Bertus Prinsloo, 'n konsulterende operasionele offisier van die mediese evakuasiediens Aerocare, sê wanpersepsies rondom siekefondsdekking in die buiteland en hoe vinnig hulle kan optree, is van die grootste probleme wat hy onder reisigers sien.

Bertus het ook sy eie mediese nooddiensmaatskappy, Outdoor Medical, en bied gereeld paramediese dekking vir Land Rover en Ford se buitelugaktiwiteite. Én hy het al saam met Kingsley Holgate in Afrika gereis.

"Moenie dink jy swaai net jou kaart terwyl jy êrens in die veld lê en dan verskyn daar 'n *chopper* op die horison nie," sê dié Gautenger. "Dit vat ure om al die administrasie rondom vliegtuie of helikopters uit te sorteer. Jy moet 'n vlugplan hê, magtiging om oor die grens te vlieg én daar's doeane."

Hy sê dis 'n probleem met die fondse as jy buite kantoorure of ver van 'n hospitaal af ernstig siek of beseer word. "Op 'n onlangse toer het 'n Britse vrou haar enkel in Mosambiek gebreek. Haar mediese versekering tuis het eenvoudig geweier om haar dekking te aktiveer voor hulle met plaaslike mediese personeel kon praat. Toe ons haar uiteindelik na 'n plaaslike kliniek kon sleep, het die mense daar boonop slegs Portugees gepraat."

Bertus sê dis belangrik om altyd jou siekefonds skriftelik te laat weet voor jy die landsgrense verlaat. "As jy in Namibië gaan 4x4 ry en jy rol jou kar êrens in Etosha, wil jy nie dán verduidelik waarom jy uit die buiteland bel nie."

Hy meen dis altyd 'n goeie plan om addisionele dekking uit te neem, maar waarsku dat siekefondse en reisversekering eintlik die beste werk vir "ideale gevalle" – dis nou waar jou toestand nie té ernstig is nie en daar tyd is om die nodige magtiging te kry wanneer jy iewers in 'n hospitaal opgeneem moet word.

"Op een van ons toere het 'n lid van die groep dodelik siek geword met malaria. Ons was egter nie in 'n malariagebied nie en niemand het dit verwag nie. Dit kom toe uit hy het 'n week tevore in 'n malariagebied gereis. In normale omstandighede sou hy by 'n plaaslike hospitaal behandeling kon ontvang, maar omdat ons nie in 'n malariagebied was nie, was geen van die mediese sentrums daarvoor toegerus nie. Ons moes hom uiteindelik landuit vlieg vir behandeling."

### Geld in die noodbank

Bertus se raad aan reisigers is om 'n "noodfonds" te hê vir 'n lugambulansdiens en só die rompslomp van mediese evakuasies te vermy. "Ons behartig dikwels die nooddiensdekking vir motorfietstoere ook. Ek stel dan altyd voor dat die lede van die groep elkeen vir ons 'n bedrag geld gee.

"As jy 'n konvooi van 10 of 15 mense is en elkeen gee R10 000, het ons 'n stewige bedrag geld om 'n vliegtuig in die lug te kry indien nodig. Dan hoef ons nie vir die mense se mediese versekeraars te wag om toestemming te gee nie – ons kan amper dadelik in die lug wees en later, wanneer die noodsituasie verby is, die res van die finansies uitsorteer."

**Kontak** Bertus Prinsloo en Aerocare by ✆ 082 555 8222 of 082 880 8539

**HOE MOET JY OPTREE VOOR 'N EVAKUASIE?**
**Bertus sê** tyd is van kardinale belang met 'n lugevakuasie in die buiteland. "Die beste ding wat jy dus kan doen terwyl jy vir die helikopter wag, is om ons so min as moontlik te bel om te hoor waar hulle trek.

Onthou, ons is dan bitterlik besig om dinge vir jou te reël. Hoe meer jy bel, hoe meer tyd steel jy eintlik vir die voorbereiding."

**WENK** "Wanneer ons jou vra vir jou ligging, stuur 'n foto van jou koördinate. Moenie dit probeer WhatsApp of verduidelik nie. As jy 'n foto stuur, kan ons dadelik die formaat sien waarin jou GPS die ligging gee, asook die presiese tyd waarop jy dit gestuur het," sê Bertus.

# Besoek die Swazikoninkryk

## saam met *Weg Ry & Sleep* en Bhejane 4x4 Adventures

**Beleef die vriendelike kultuur en natuurskoon van Swaziland, van die Ezulwinivallei deur die Laeveld rondom Hlane tot bo in die berge rondom Phophonyane.**

Weg! Ry&Sleep-TOERE





## BESONDERHEDE

**DATUMS** 5-11 November 2017
**PRYS** R8 600 p.p. (halfprys vir kinders o.10).

**DIE TOERPRYS SLUIT IN**

- slaapplek in tente vir 6 nagte
- alle kamp- en toegangstariewe by reservate
- alle geadverteerde aktiwiteite
- drie etes per dag, plus tee en koffie enige tyd van die dag terwyl ons in die kamp is

**JY SORG VIR**

- 'n viertrekvoertuig met goeie grondvryhoogte en 'n laestrekratkas
- kampstoele
- drankies en snoepgoed vir tussenin
- jou eie beddegoed en/of kampbed en matras

**DAG 1**
Ons begin in die Mlilwane-natuurreservaat, waar die Riley-familie die grondslag gelê het vir Swaziland se natuurbewaring. Ons skrop nes, verken die kamp en geniet ons eerste Bhejane-aandete om die kampvuur.

**DAG 2**
Ons verken die Mlilwane-natuurreservaat en die omliggende Ezulwini-vallei. Ons volg 'n 4x4-roete in die heuwels rondom berg Nyonyane en besoek Execution Rock. Ná 'n stewige *brunch* besoek ons toerisme-attraksies en jy kan handgemaakte kerse, geweefde matte, mandjies en pragtige handgemaakte kunswerke koop.

**DAG 3**
Ná ontbyt besoek ons 'n plaaslike stat en ervaar die vriendelike Swazi-kultuur en tradisionele leefstyl. Dan ry ons ooswaarts na die Laeveldstreek van Swaziland. Hier sal die Hlane- koninklike nasionale park vir twee nagte ons tuiste wees.

**DAG 4**
Ons bring tyd deur in Hlane en ervaar die bos, wild en voëls. (Die Hlane- koninklike nasionale park het die grootste broeikolonie witrugaasvoëls in Suider-Afrika.) Laatmiddag gaan ons op 'n wildrit in 'n oop voertuig en ons soek onder meer witrenosters, olifante en leeus.

**DAG 5**
Ons ry 'n skilderagtige 4x4-roete oor die berge, met 'n paar beeste as die enigste tekens van die beskawing. Ons eet middagete op die roete en ervaar die koel berglug en manjifieke uitsigte. Ná middagete ry ons na The Gap, 'n treffende geologiese verskynsel in die Nkomazirivier.

**DAG 6**
Ná ontbyt val ons in die pad na die Phophonyane-waterval. In die rivierwoud sien ons dalk net 'n paar mooi voëls. Ná middagete ry ons terug kamp toe en gaan teen sonsondergang op 'n bootrit.

**DAG 7**
Ons moet mekaar ná ontbyt groet, maar daar is tog nog vir oulaas tyd om die besondere natuurskoon van die Koninkryk van Swaziland te geniet.

**JA! EK WIL GAAN!** Om plek te bespreek kontak Bhejane by ✆ 044 535 9257 (telefoon en faks); bookings@bhejane.com; bhejane.com

# Rol die wiele

**Wie s'n is die sterkste, die slimste, die mooiste, die gemaklikste en die beste waarde vir geld? Drie lesers vertel meer oor wat in hulle motorhuis staan.**

## Agterstevoor, onderstebo

**2006 MOTORHOME-WORLD DISCOVERER 4**

Soms kom jy mense teë wat hulle ryding agter hulle huis-op-wiele haak. Mense soos **Linda du Plessis** van Bultfontein in die Vrystaat.

"Ons is seker anders as die meeste slepers omdat ons ryding aan ons kamphuis gehaak word en nie andersom nie. Ons sleep ons **Suzuki Jimny** aan ons 2006 Motorhome-World Discoverer 4-ryhuis. Ons het die Discoverer in 2012 **nuut gekoop vir R250 000,** en in die vyf jaar wat ons al só kamp, was dit nog net 'n plesier. Ons hou veral van sy krag teen opdraandes én die feit dat ons lekker hoog sit wanneer ons ry.

Sy werkverrigting is uitstekend, ons ry in gerief en hy sleep die Jimny sonder enige probleme. Ons kan lag-lag teen **120 km/h** ry, selfs met die kar op die haak, en dan kry ons boonop **11 ℓ/100 km.** Sonder iets op die haak gee hy ons 9,5 ℓ/100 km.

Ons laat ons nie deur die ryhuis beperk nie. As ons byvoorbeeld **Richtersveld** toe gaan en in die boendoes wil gaan kamp, dan los ons die ryhuis onder toesig by 'n oord, laai ons tent in die Jimny en vat die pad.

Ons het al ons probleme ook gehad, maar ons ryhuis is steeds **pure kampplesier**. As ons kon, sou ons nou vir ons 'n **nuwe Discoverer** gekoop het. Dit is alles wat 'n mens wil hê.

Ons kamp die hele land vol en gaan draai gereeld in **Namibië.** Die wêreld om ons is beeldskoon."





## Net 'n Jeep, dankie!

**2012 JEEP GRAND CHEROKEE 3.0 D**
As jy eers een keer met 'n Jeep gesleep het, is dit moeilik om van iets anders oortuig te word, sê **Johan Lange** van Kempton Park.

"Ons kamp met 'n **Gypsey Romany, die 2007-model,** en ons sleep hom al drie jaar met ons Jeep Grand Cherokee. Ek het hom destyds tweedehands vir **R550 000** gekoop nadat ek 'n bietjie rondgekyk het vir 'n sleepvoertuig wat genoeg krag het, maar steeds gerieflik ry. Ek het voorheen 12 jaar lank met 'n **Jeep Grand Cherokee V8** gesleep en was heel tevrede met sy werkverrigting, maar teleurgesteld in hoe dors hy is: Ons praat van 20 ℓ/100 km.

Daarom het ek begin rondkyk na 'n ander sleepvoertuig. Ek het in 'n stadium die **Ford Ranger 3.2** oorweeg, maar hy het vir my wat gerief en krag betref, te veel afgesteek by die Jeep.

My nuwe Jeep is nie net sterk genoeg en 'n droom om mee te sleep nie, maar sy brandstofverbruik (**12-13 ℓ/100 km** met die wa en 8-9 ℓ/100 km daarsonder) is aansienlik beter as my vorige een s'n.

Ek sleep teen gemiddeld **100-110 km/h** en gebruik Jeep se **standaardsleepstang** sonder 'n stabiliseerder.

En daar was nog geen probleme nie. Ons geniet dit om in die natuur te wees en in rustigheid te kamp, en daarom verkies ons plekke soos die **Kruger**."

## Bly stil oor my Pajero

**1995 MITSUBISHI PAJERO 2.8 TDI**
Hy sal sy 21-jarige Pajero vir niks verruil nie, en hy wens mense wil ophou sê dis tyd om 'n nuwe een te koop, sê **Danie Joubert** van Pretoria.

"My vrou het ons Pajero in 1997 **tweedehands vir R60 000** gekoop. Ons het hom **Jerrie** gedoop, en omdat hy geen fieterjasies het nie en so standaard is as wat 'n mens kry, is hy nommerpas vir ons. Jerrie is **van staal gemaak, sy 4x4-vermoë is ongelooflik en ek glo eerlikwaar hy ry aansienlik gemakliker as baie nuwe voertuie.**

Ja, hy is 'n effense donkie op die teerpad, maar as jy afdraai, is hy 'n reus. Hy hou net aan en aan en aan. 'n Mens wonder soms wat jou droomvoertuig is, maar ek kan sonder enige twyfel sê ons ry reeds met ons s'n.

Die enigste ding wat pla, is elke Jan Rap en sy maat wat ons probeer oortuig om 'n nuwe een te koop. Ons het vir Jerrie natuurlik 'n bietjie opgedollie met **'n wen-as, 'n TJM-agterveerstelsel, ammokislaaie, 'n tweede battery, yskas en 'n enjinmonitor van MadMan.**




As ek nou 'n ekstra R10 000 kan afknyp, sal ek vir hom twee nuwe bande laat opsit. Sake by die vulstasie is heel gaaf en ons kry **12-14 ℓ/100 km.** Ons sleep ook met hom en dan skuif dit nader aan 15 ℓ/100 km.

Ons het ook al 'n bietjie teëspoed met hom gehad. Ons is al deur twee enjins (ek blameer patetiese vakmanskap) en sy **oordragratkas se ketting het ná 380 000 km besluit om te rek.**

Ons het al baie onvergeetlike reise gehad, maar **Botswana, Kubu-eiland** en **Sanipas** span die kroon."

**Hoe lyk jóú wiele?**
Stuur 'n e-pos na **rysleep@weg.co.za** en vertel ons van jou ry- en sleepding.

# Raak kreatief in die natuur

## Hier is vir jou vier wenke om weg te breek van daardie instinktiewe poskaartstyl foto's.

Teks en foto's **Villiers Steyn**

Ek is moeg vir natuur- en wildportrette; om hulle te neem én om na ander mense s'n te kyk. Moenie my verkeerd verstaan nie: Soos die meeste mense hou ek van 'n goeie nabyskoot van 'n dier, maar op Facebook en Instagram sien ek daagliks omtrent 'n duisend foto's van kameelperde, olifante en leeus. En 99% van hulle lyk of hulle uit die jongste uitgawe van die *Veldgids tot die soogdiere van Suider-Afrika* kom.

Die meeste beginnerfoto's neig om van daardie oorbekende poskaartportrette te wees wat van voor af belig is, maar hoekom nie eerder mik na 'n effens hoër standaard nie? Hier is vir jou vier kreatiewe wenke om jou natuurfoto's te laat uitstaan bo die res.



### 1 Groter is nie altyd beter nie

Moenie na jou grootste lens gryp wanneer 'n dier ver van jou af is nie. Hou eerder by 'n kleiner een soos 'n 24-70 mm-lens (of jou zoemlens op sy wydste) en vang die dier in sy omgewing vas. As jy bome, 'n watergat, rivier, lug of ander elemente in jou foto insluit, wys jy meer as net die dier: Jy vertel 'n storie oor die wêreld waarin hy leef.



### 2 Vergeet die gesig

As 'n mens tot naby inzoem, mik jy instinktief vir die dier se gesig. Stel egter vir jou uitdagings en neem ook ander liggaamsdele af, soos 'n luiperd se stert, 'n olifant se slurp, óf, as jy regtig baie naby kom, 'n voël se kleurryke vlerke.

En onthou: So 'n onderwerp lyk dikwels die beste met lig van die kant af – dit skep klein skaduwees en beklemtoon die tekstuur van die pels, vel of vere.



### 3 Volg die aksie

Hoe minder die lig, hoe meer val die sluiterspoed, en dan word dit amper onmoontlik om 'n skerp diereportret te neem. Vergeet 'n slag daarvan om jou kamera te probeer stabiliseer as jy in lae lig afkom op 'n draffende trop wildehonde of 'n jagluiperd. Volg eerder jou onderwerp met die kamera (jy noem dit kameraswenk, of in Engels "panning".) Al val die sluiterspoed tot 'n tiende of twintigste van 'n sekonde het jy 'n beter kans om 'n bruikbare skoot te kry.



### 4 Kyk dubbel

Diere word dikwels afgeneem by 'n voëlbad, watergat of rivier, en ongelukkig kan baie fotograwe steeds nie die versoeking weerstaan om te veel in te zoem nie. Kyk behoorlik na die weerkaatsing van die voël of dier in die water en maak seker jy zoem effens uit om dit ook in te sluit. Probeer die rand van die water die middellyn van die raampie maak, met ewe veel ruimte aan die bokant van die onderwerp en sy weerkaatsing onder.

Daar's ook 'n honderd ander maniere om weg te breek van die norm. Jy moet net leer om nou en dan buite die kassie te dink.

*Verbeter jou natuurfotografie deur Villiers se app,* ***Learn by Example – Wildlife Photography,*** *in die App Store of Google Play Store af te laai. En volg sy avonture op Instagram:* ***@villierssteyn***

# GRATIS AFLEWERING

# Weg! Ry&Sleep

**BEKENDSTELLINGSAANBOD**

## TEKEN IN EN SPAAR 50%

Net **R27,50** per maand (**SLEGS R330 per jaar**)

SPAAR **R330** PER JAAR









**VIR GEDRUKTE UITGAWES**

STUUR E-POS NA wegint@media24.com

BEL 087 740 1033

SMS die woord **"weg"** na 32361 en ons bel jou terug.

**VIR DIGITAAL**

besoek Mysubs.co.za

mysubs

Die aanbod is geldig tot 20 Augustus 2017. Vir gedrukte uitgawes bel 087 740 1033 of stuur e-pos na **wegint@media24.com.** Vir digitale uitgawes bel 087 741 3177 of stuur e-pos na **support@mysubs.co.za.** Bepalings en voorwaardes geld – lees dit by **weg.co.za. Let wel** Indien jy 'n e-posadres verskaf het, sal jy promosie-inligting van Media24 ontvang.

# Haak 'n knorder by Island Lake

## Visse bly in die see en in riviere... maar ook op die winkelrak!



HET JY GEWEET?

### Jou 'food' in 'n visblik!

Vars vis smaak vorentoe, maar vis is ook wat gelei het tot geblikte kos. Twee eeue gelede het die Fransman Nicolas Appert met maniere geëksperimenteer om vis in flesse te preserveer. (Dit was die tyd toe die Franse regering die moontlikheid van klaarbereide rantsoene vir hulle soldate ondersoek het.)

Nicolas se plan het gewerk, maar die volgende uitdaging was om die houers heel tot by die soldate te kry. 'n Engelsman, Peter Durand, het die probleem met blikkies opgelos.

Blikkieskos is vandag nog met ons en het 'n tipiese rakleeftyd van een tot soveel as vyf jaar. Maar daar is ook uitsonderings. Die blikkieskos aan boord van die stoomskip die Bertrand, wat in 1865 op die Missouririvier gesink het, was glo steeds veilig om te eet toe dit 109 jaar later gevind is.

Die naaste wat die meeste van ons aan 'n sardyn kom, is uit 'n blik. Voor hulle daar beland, word die vis gewas en die koppe verwyder. Dan word hulle in olie gaargemaak óf gestoom en daarna gedroog. Hierna marineer die sardyne as't ware in enigiets van olyf-, sonneblom- of sojaolie tot water of souse (soos tamatie en mosterd). Hulle word dan soos soldaatjies in die blikkie gepak – reg vir jou op die winkelrak.

Volgens 'n 2013-opname het 98% van Amerikaners blikkieskos in hulle koskas. Geblikte mielies is die gunsteling (79% van huishoudings), met vleis en seekos in net meer as helfte van die huishoudings (54%).

In Engeland word blikkies selfs as deel van die bevolking se stapelvoedsel beskou, want 'n opname twee jaar gelede het gewys die Britte eet elk tot vier blikkies per week.

In Brittanje kry jy ongeveer 1 500 geblikte produkte, waarvan sousbone natuurlik die gewildste is met tuna in 'n stewige tweede plek.

Die blikkie is vandag ook 'n barometer van die ekonomie, want sodra mense begin noustrop trek, styg die verkope van blikkieskos.

**Bronne** wikipedia.com, prnewswire.com en express.co.uk

VISSPESIE

### Rim-vlinderrog
*Gymnura natalensis*

Die rim-vlinderrog is 'n groot, plat, diamantvormige rog wat tot dubbel so breed kan wees as wat hy lank is. Hy het 'n gladde vel en sy bokant wissel van grys en olyfgroen tot bruin met dowwe donker kolle.

Die rim-rog hou sy lyf soms verkleurmannetjie en kan sy kleur vinnig by sy omgewing aanpas. Sy stert is kort en het twee skerp getande penne aan die onderkant. Hierdie rog is endemies in ons waters en kom van Namibië tot in die suidelike dele van Mosambiek voor.

**Grootte en biologie** Hulle kan maklik tot 90 kg weeg. Die grootste een wat nóg gesien is, het die skaal op 120 kg getrek en was 2,5 m breed. Die mannetjies bereik ná 2 jaar volwassenheid en is dan 1 m breed, terwyl die wyfies eers op 6 jaar volwassenheid bereik (wanneer hulle 1,5 m breed is). Hulle kan tot 24 jaar leef.

Hulle broeiseisoen is 'n raaisel, maar 'n mens sien dragtige wyfies van Januarie tot Augustus rondom Durban. Hulle is ovipaar, wat beteken hulle broei uit eiers, maar binne die ma. Die dratyd is 'n jaar.

As bodembewoner vreet hulle onder meer ander bodemvis soos tong- en platvis, asook sardyne en skaaldiere soos krappe en garnale.

**Habitat** Dis 'n algemene bodemvis wat naby die kant voorkom en jy sien die meeste van hulle van Desember tot Januarie. Hulle hou rondom sandbodems en -strande, maar ook in dieper banke (75 m).

Die vlinderrog beweeg soms nader aan riviermondings, waar die jonges meer beskutte sandbaaie en riviermondings verkies, maar kom ook in dieper waters voor. Hulle is gewoonlik alleenlopers, maar vorm soms skole diep in die winter. Dié rog se migrasiepatrone is nog nie presies vasgestel nie, maar dit blyk hulle is nie juis huisvas nie en eerder nomadies.

**Vang hulle só** Hengelaars vang hulle gereeld in die golwe van die strand af en ook in riviermondings. Hulle vreet 'n wye verskeidenheid aas en gee ook nie maklik oor as hy aan die hoek is nie. Hengelaars laat die meeste vry, want dis nie die lekkerste eetvis nie.

**Dis 'n rekord** 104,7 kg (2,24 m breed).

**SASSI-status** Jy mag een per dag vang, ongeag die grootte of seisoen, maar dis onwettig om hulle met spieshengel te vang.

***Teks*** *Dr. Gavin Gouws*
***Skets*** *Elaine Heemstra © Suider-Afrikaanse Instituut vir Akwatiese Biodiversiteit (SAIAB)*



VISVANGOORD

# Haak 'n seevis in die meer

## Island Lake

In Wildernis is jy altyd bewus van water, of jy nou op die nimmereindigende strand gaan stap of saam met jou kinders in 'n trapbootjie op een van die standmere vaar. En op elke pan water sien jy allerhande dinge ronddobber: kajakke, rubberbote, waterski's en kolganse. Vir kykvermaak hoef jy dus by Island Lake nie eens uit jou kampstoel op te staan nie, want jy kamp reg by die meer.

Die meer is net 3 km van die strand af, maar 'n stroompie van 5 km lank loop van die meer af tot in die Touwrivier en mond 3,5 km verder uit in die see. Die meer is omtrent vierkantig en is sowat 1½ km van die een hoek na die ander. Al kamp 'n mens nie langs die see nie, kom seevis in die water voor. Dit sluit in leervis, knorders, steenbras en springers.

Jy het dus steeds 'n hengelpermit nodig as jy van dié vis in die meer wil vang.

Die oord het alles wat jy van 'n plek met 'n driestergradering verwag. Die gras is groen en welig (selfs onder die magdom koeltebome), die waskamer is goed toegerus (dit kos R20 per was en R15 vir die tuimeldroër; R5 vir 150 g waspoeier) en 'n mens kan sien die bestuur het moeite gedoen met die badkamers. Die twee ablusieblokke is netjies uitgeverf, die storthokkies het bankies en hake vir klere en handdoeke, en dis silwerskoon.

As jy van jou staanplek af wil hengel, slaan jou kamp reg teen die strandmeer op, óf dieper en verder weg onder die bome as jy beskutting soek teen die aandluggie.

Hier is ook vier rondawels. Drie van hulle het slaapplek vir 4 mense en die vierde een kan 5 mense huisves. Daar is 'n klimraam om die kleingoed uit die pad (en uit die kwaad!) te hou.




## Kortliks | Island Lake

**Vis** Leervis, steenbras, springer, knorder.
**Kampplek** 55 staanplekke met krag en krane. Bring jou eie braaidrom en rooster.
**Ablusiegeriewe** 2 netjiese blokke. Een kry warm water uit 'n donkie en die ander het gasgeisers.
**Prys** Tot 30 November: R270-R300 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense plus R50 p.p. daarna (tot 'n maksimum van 6 mense). Van 1 Desember tot 16 Januarie 2018: R800 p.n. per staanplek vir die eerste 4 mense plus R100 p.p. vir ekstra mense.
**Kontak** ✆ 044 877 1194; info@islandlake.co.za; islandlake.co.za
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 500 m tot by Island Lake is 'n netjiese grondpad wat elke maand geskraap word.

**GPS** S33.987730 E22.635872

***Weg Ry & Sleep* sê** Die kamptarief sluit in een motor en 'n boot per staanplek – jy betaal 'n deposito van R100 vir die hekskyfie.



Baie geluk, **Wynand Wessels** van Sandbaai: Jy is die gelukkige wenner van 'n Trappers-geskenkbewys ter waarde van R500 vir jou korrekte blokraai-inskrywing in die Julie 2017-uitgawe van *WegSleep*. Vandeesmaand is nog so 'n geskenkbewys op die spel. Neem 'n foto van jou voltooide poging en stuur dit met jou kontakbesonderhede na **rysleep@weg.co.za**. As jy die blokraai aanlyn wil invul, gaan maak 'n draai by **http://bit.ly/2ttpOJ8.**



Kampplek langs die Weskus

Vat so!

. . . en vloed

Manier

Haar-jellie

Groot 5-reservaat buite Pretoria



Syfertjie

Nie westelike

. . . en Geniet (resepte-boek)

Resies

'n Sout-gereg

Hy het 'n veer geplant

Prior

Stoof

Hoed

Steek

Korte . . . maak

Bees

Weermag

Aan-moedig

Verdigte suurstof

Kuil

Maaltyd

Verlos

Treffer

Voor 2de

Oggend (L. afk.)

Suiwer

Min

Reservoir

Spotklank

Nou . . . nooit

Teen (prefiks)

By

Van waarde

Tydperk

Presies anders-om

". . . geluk, liewe maatjie"

Gebreek

Keiserlike

Hees

Reeds

'n JMC-sleep-ryding



Heilige waadvoël

Moet

Aan

Swelsels

Mor

Hard-koppige



Hoogste kaarte

Dus

Pynlike gevolge

As gids optree

Korrel in 'n peul

Populier

Houtsoort

Almal

Loopvlak

Sowel

Palings

Wondvog

Lae vroue-stemme

Vink

Meng

Summit se nuwe boswoon-wa

Primate

Pleidooie

Oorskot

Lynvor-migheid

Ná 23:59

Stolsels

Astaat (simbool)

Voet-klawer

Geskei

Durban en Oos-Londen, bv.

Luidier

Kerk-gebruik

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT


## Wees 'n wenner!

As jy hierdie blokraai korrek voltooi en voor 3 Augustus vir ons stuur, staan jy die kans om 'n Trappers-geskenkbewys ter waarde van R500 te wen. Besoek **trappers.co.za** vir al jou buitelewetoerusting.

trappers® essential outdoor gear




# KOM KAMP SAAM!

**WAAR?**
DWARSBERG TROUT HIDEAWAY, RAWSONVILLE, WES-KAAP
**8-10 SEPTEMBER 2017**

**KOSTE**
**Basiese koste** R950 p.p. vir die hele naweek. Bespreek jou plek en bring jou eie woonwa of tent teen geen bykomende verblyfkoste nie.

**OF KIES EEN VAN DIÉ VERBLYFOPSIES:**
***Kothuis** +R1 300 p.p. vir die hele naweek (verskeie kothuis-opsies is beskikbaar – vra wanneer jy bespreek)
***Basiese tent** +R1 350 per tent (2 mense) vir die hele naweek (sluit 2 matrasse in)
***Middelslag-tent** +R2 250 per tent (2 mense) vir die hele naweek (sluit in: 2 beddens met beddegoed, 'n bedkassie en 2 kampstoele)
***Luukse tent** +R4 950 per tent (2 mense) vir die hele naweek (sluit in: 2 beddens met bedde-goed, 'n bedkassie, 2 kampstoele en 'n storthokkie)

**WAT IS NOG INGESLUIT?**
- Versnaperinge en wyn (Vrydagaand)
- Ontbyt albei oggende
- Geskenksakkie
- Vermaak
- Werkswinkels en sekere aktiwiteite
- Vermaak vir die kinders

**PROGRAM**
**VRYDAG**
- Wynproe/skemerkelkies.
- Kampvuurstories saam met Toast, Erns en Sophia, wat oor hulle vele reise op ons vasteland gesels.
- Peuselhappies word bedien.

**SATERDAG**
**Opsionele oggend-aktiwiteite:**
- Stap deur fynbos saam met 'n kenner van fauna en flora, of geniet die vars berglug op jou fiets. Onthou om jou kamera en verkyker in te pak!
